

Die Ou Testamentiese
WET
En die Nuwe Testamentiese
GENADE

Prof. Johan Malan

*En julle sal die waarheid ken, en die waarheid
sal julle vrymaak (Joh. 8:32)*

Die Ou Testamentiese Wet en die Nuwe Testamentiese Genade, deur prof. Johan Malan.

Eerste uitgawe, 2009. Uitgegee deur Basuin Publikasies, Posbus 49, Heiderand 6511, RSA.

Alle Skrifaaanhalings kom slegs uit die 1933-uitgawe van die Afrikaanse Bybel, soos in 1953 hersien.

Geen kopiereg word op hierdie publikasie voorbehou nie op voorwaarde dat diegene wat dit herdruk of van die inhoud daarvan gebruik maak, erkenning aan die outeur verleen en geen veranderinge aan die teks aanbring nie.

Leesstof oor hierdie en verskeie ander aktuele Christelike onderwerpe kan gratis op **Die Basuin** se webblad op die internet gelees en gekopieer word. Die adres is **www.bibleguidance.co.za** Verskeie artikels en boeke in Afrikaans, Engels, Portugees, Russies, Fins, Estnies en Swahili word hier aangebied.

Boeke deur prof. Johan Malan is verkrygbaar by Basuin Publikasies, Posbus 49, Heiderand, 6511.

Inhoud

1. Inleiding	4
2. Die Wet van die Here	6
3. Die Genade van Christus	21
4. Die Gevare van Judaïsering	40
5. Die Joodse Sabbat of die Christelike Sondag?	46
6. Die Sewendedag-Adventiste	58
7. Christelike Fundamentalisme	79
8. Die Nuwe Lewe in Christus	94

1. Inleiding

In die Nuwe Testament (NT) word dit duidelik gestel dat Christene nie vir hulle redding op die wet moet vertrou nie, en ook nie vir die voortsetting van hul geestelike lewe ná hulle redding nie. Die rede hiervoor is dat daar 'n baie belangrike dispensasionele verandering tydens die kruisiging en opstanding van die Here Jesus, asook die uitstorting van die Heilige Gees, ingetree het. Dit was die oorgang van die bedeling van die wet na die bedeling van genade.

Hierdie oorgang behels egter nie 'n summiere *afskaffing* van die beginsels en eise van die wet nie, maar eerder die *vervulling* daarvan in die heilsgebeure rondom die koms van die Messias. Jesus het gesê: “Moenie dink dat ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul” (Matt. 5:17). Die Here Jesus het in sy aardse lewe as Seun van die mens aan al die eise van die wet voldoen – iets wat geen ander mens ooit kon doen nie. Dit sluit nie slegs die voldoening aan die wet se morele eise in nie, maar ook die vervulling van al die skaduagtige feeste en offers wat deur die wet in die Ou Testament (OT) voorgeskryf is. Mense moes in die OT offers vir hulle sondes bring, wat alles heenwysings na die eenmalige offer van die Lam van God aan die kruis was.

Deur die Messias se lewe, asook die groot betekenis van sy dood en opstanding, het Hy die voorbereidende fase van die wet afgesluit, daarom is “Christus die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo” (Rom. 10:4). Die geregtigheid van God word deur die geloofsaanvaarding van die offer van Christus se volmaakte lewe as die vlekkelose Lam van God aan ons toegereken. Ons word uit genade gered, nie deur wetsnakoming nie. Daarna verwag die Here van ons 'n lewe wat in ooreenstemming is met die grondbeginsels van sy liefde wat deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort word (Rom. 5:5). Sodoende groei ons in die genade en kennis van Jesus Christus, en word al hoe meer aan sy beeld gelykvormig gemaak. Die Heilige Gees oortuig ons van sonde – nie die wet nie. Hy gee ook aan ons die krag om heilig te kan leef.

Mense wat uit genade verlos is, kan nie terselfdertyd onder die wet én die genade wees nie, want diegene onder die wet is slawe van die sonde: “Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade” (Rom. 6:14). Die *Amplified Bible* vertaal hierdie teks só: “Die sonde sal nie langer heerskappy oor julle voer nie, want julle is nie onder die wet [as slawe van die sonde] nie, maar onder die genade as die voorwerpe van God se guns.”

Dit is 'n duidelik gekonstateerde feit dat ons nie gelyktydig onder die wet én die genade kan wees nie. Indien ons dit sou probeer doen, dan

gee ons daardeur te kenne dat Christus se genade nie vir ons genoeg is nie. Dit beteken dat die kruisevangelie onvoldoende is en verder deur wetsnakoming aangevul moet word. Ons kan dus nie enige OT wet op gelowiges van toepassing maak en afdwing nie, ongeag of dit sabbats-onderhouding op Saterdag, die gee van tiendes of die besnydenis is. Paulus sê: “Julle wat geregtig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval” (Gal. 5:4).

Ons moet dus beseef dat die genade van Christus ‘n progressiewe ontplooiing van God se heilsplan vir die mens ná die bedeling van die wet is. Genade wat deur die liefde werk, is iets veel groter as die letter van die wet wat in elk geval nooit deur mense nagekom kon word nie. Ons leef geestelik op ‘n hoër vlak as die mense van die OT, toe net enkele individue werklik as gesalfdes van die Here beskou kon word. Selfs hulle moes nog op die Messias wag en het nie die rykdom van sy genade geken nie. Wanneer ons ingesteldheid en daad deur God se *agape* liefde gekenmerk word, het ons ook die wet vervul (Rom. 13:10) en hoef dus nie deur die wet gelei te word nie. Ons word deur die Heilige Gees in die hele waarheid gelei.

In hierdie boek wil ons graag aan u insig in die aard en doelstellings van die wet én die genade gee, sodat u duidelik ‘n onderskeid tussen hulle kan tref. Christene wat dink dat ons nog onder die wet is, beperk hulle eie geestelike groei en toename in genade. Die moderne neiging tot die Judaïsering van die Christelike geloof (sg. Christelike Sionisme) is ‘n baie gevaarlike vorm van kompromie tussen die wet en genade, en laat baie Christene in werklikheid veragter in die genade. Hulle staan nie vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygekoop het nie, maar plaas hulleself weer onder die juk van ‘n wettiese godsdiens.

Een van die baie algemene instellings in hierdie beweging is die terugkeer na ‘n OT vorm van sabbatsonderhouding. Hierdie saak word indringend ondersoek en teenoor die NT gebruik van die viering van Christus se opstandingsdag op Sondag gestel. Verder word ook ‘n oorsig oor die teologie van die Sewendedag-Adventiste aangebied, wat daarvoor bekend is dat hulle die wet en die genade vermeng.

Daarna wys ons u op die beginsels van Christelike fundamentalisme en hoe dit uitgeleef moet word. Christene wat graag nougeset volgens die Bybel wil leef, moet leer hoe om NT beginsels te identifiseer en uit te leef, asook OT beginsels wat hiermee in harmonie is. ‘n Fundamentele gelowige is glad nie ‘n wettiese gelowige nie.

In ‘n laaste hoofstuk word die nuwe lewe in Christus hoofsaaklik na aanleiding van Romeine 5 en 6 beskryf. Hieruit is dit duidelik wat die hoë roeping van God in Christus Jesus is, hoe heiligmaking as ‘n werklikheid ervaar kan word, en hoedat dit iets veel hoër is as wat deur enige vorm van uiterlike wetsnakoming bewerkstellig kan word.

2. Die Wet van die Here

Die wet van die Here word in die eerste vyf boeke van die Bybel beskryf en in Hebreeus die *Torah* genoem. *Torah* beteken om te onderrig en behels God se *riglyne* waarvolgens sy volk Israel moes lewe. Daar is 613 voorskrifte in die *Torah*, wat ook as die *Pentateug* bekend staan. Hieronder kan basies agt soorte wette onderskei word:

- A **Wette oor Israel se verhouding met God**, veral met betrekking tot die aanbidding, verering en navolging van Jahweh, offers vir vergifnis, asook die feit dat Israel nie afgodediens mag beoefen nie. Geen ander gode mag voor die aangesig van die Here gebring word nie.
- A **Wette oor 'n teokratiese regering**. God het oppergesag wat geld oor sy volk, daarom moes hulle Hom raadpleeg en ken in al hulle besluite. Die leiers van die volk moes al God se wette eerbiedig, hulle onderdane in die onderhouding daarvan onderrig, met die priesters en profete van die Here saamwerk, toesien dat die jong geslag in die vrees van die Here onderrig word, en oorloë teen die vyande van God voer.
- A **Wette oor menseverhoudings en morele en etiese sake**. Dit sluit 'n groot aantal bepalings oor die huwelik, verhoudings tussen mans en vrouens, ouers en kinders, werkgewers en werknemers, regeerders en onderdane, asook verhoudings met vreemdelinge soos slawe en proseliete in. Verder word persoonlike gedrag, barmhartigheidsdiens, sedelike kuisheid, verskeie vorms van verontreiniging, rein en onrein voedselsoorte, en reinigingsrituele omskryf.
- A **Wette oor ekonomiese sake**. Hierby inbegrepe is wette oor arbeid, lone, die gee van tiendes, landbou-aktiwiteite, oes- en slagprosedures, asook natuur- en grondbewaring.
- A **Seremoniële wette** soos feeste en sabbatte, wat almal skaduagtige heenwysings na die koms van die Messias is. Israel moes hierdeur op die koms van die Messias voorberei word.
- A **Offers en ander ritusse** as tydgebonde heenwysings na die eenmalige offer van die Messias, wat in die volheid van die tyd gebring sou word. Israel is hierdeur voorberei om die betekenis van die Messias se eenmalige offer aan die kruis te begryp, toe Hy homself as die volmaakte Lam van God geoffer het om versoening vir alle mense se sondes te doen.
- A **Wette oor priesterskap onder die leiding van 'n hoëpriester**. Die middelaarsrol wat deur priesters beoefen is, sou met die koms van

die Messias vervul word, wat as Hoëpriester in die orde van Melgisédek 'n amp sou vervul wat nie op ander priesters sou oorgaan nie. Deur sy kruisdood sou vrye toegang aan alle gelowiges tot die genadetroon verleen word.

A Wette oor profete. Die Ou Testament bepaal dat profete 100% korrek moes profeteer, ooreenkomstig dit wat die Here aan hulle bekend gemaak het. Valse profete wat hulle eie, misleidende woorde spreek het, moes gestenig word. Hierdie amp sou, volgens Moses, voortduur totdat God 'n ander Profeet (die Messias) sou stuur (Deut. 18:15,18).

Uit die aard van die verskillende kategorieë wette is dit duidelik dat hulle streng en basiese reëls was wat daarop gerig was om 'n ordelike samelewing te verseker wat eers later tot volle ontplooiing sou kom. Dit is die rede waarom baie van die wette slegs 'n voorbereidende funksie met die oog op die koms van die Messias gehad het. In Hom is hulle finaal vervul en sou nie daarna in hulle oorspronklike vorm voortgesit kon word sonder om die Messias te verloën nie. Selfs die morele reëls is ook in die Messias vervul omdat net Hy die hele wet volmaak kon naskom. Deur sy genadewerk en die krag van die Heilige Gees stel Hy gelowiges in staat om die geestelike en morele beginsels van God se wet ('n rein hart, 'n rein lewe en opregte diens aan die Here) te eerbiedig en uit te leef. Hy maak dit vir ons moontlik om die verhewe doelstellings van die wet te kan ullaef (vgl. Miga 6:8).

Die Nuwe Testamentiese wet van die liefde

Hoe moet ons weet op watter manier die beginsels van God se wet in die NT uitgeleef moet word? Die Here Jesus het dit alles vir ons in die wet van die liefde saamgevat toe Hy gevra is: "Meester, wat is die groot gebod in die wet? En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hieraan gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooe hang die hele wet en die profete" (Matt. 22:36-40).

In hierdie opsomming het Christus Skrif aangehaal wat die Tien Gebooe in twee dele verdeel, nl. liefde tot God (Deut. 6:5) en liefde tot ons naaste (Lev. 19:18,34). In die nakoming van die wet van die liefde sal ons alle wette vervul wat op ons verhouding met God en ons naaste betrekking het. As ons God waarlik liefhet, sal ons heilig voor Hom leef en nooit ander gode voor sy aangesig bring nie (2 Kor. 6:14-18). Die selfde beginsel van liefde geld vir ons verhouding met ander mense: "Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul. Want dit: jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen

valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet” (Rom. 13:8-10).

Nege van die Tien Gebooie word in die Nuwe Testament herhaal, in die wet van die liefde saamgevat en op alle gelowiges van toepassing gemaak. Die eerste drie gebooie vereis liefde tot God (Ex. 20:2-7) en die laaste ses bepaal ons menseverhoudings (Ex. 20:12-17). Die vierde gebod het op die onderhouding van die sabbat op die sewende dag van die week betrekking (Ex. 20:8-11). Dit is die enigste van die Tien Gebooie wat nie in Christus se opsomming weerspieël word nie, omdat Hy dit doelbewus uitgelaat het. Waarom? Omdat dit slegs aan Israel gegee is as ‘n teken tussen hulle en God (Ex. 31:17). Die onderhouding van die sabbat moes die volk se aandag op die uittoeg uit Egipte vestig (Deut. 5:15) en hulle daaraan herinner dat die Here hulle verlos, heilig en afsonder vir sy diens (Eseg. 20:12). Ná die Babiloniese ballingskap het die viering van die sabbat onder Jode ontaard en het veral die Fariseërs verskeie nuwe bepalings bygevoeg oor wat nie op hierdie dag gedoen mag word nie. Oor hierdie leerstuk van hulle het Jesus dikwels met hulle in botsing gekom (vgl. Matt. 12:1-8).

Die sabbat was een van die seremoniële wette wat net ‘n skaduagtige betekenis in die Ou Testament gehad het, hangende die koms van die Messias. Paulus sê: “Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot ‘n fees of ‘n nuwemaan of sabbat nie, wat ‘n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus” (Kol. 2:16-17). Ons is nie onder die verpligting van wette oor kos (behalwe dit wat deur afgode besoedel is), feeste en sabbatte nie, omdat die nuwe lewe in Christus nie van die onderhouding daarvan afhanklik is nie. In Hom het ons die rus van die Here betree, en behoort elke dag ‘n dag van toewyding aan Hom te wees.

Of ons spesiale dae vir toewyding aan die Here het of nie, is ‘n saak van persoonlike oortuiging in die lig van ons omstandighede: “Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees” (Rom. 14:5). Ons het nie rigiede wetsbepalings wat dit betref nie, slegs ‘n lang Christelike tradisie van Sondag-aanbidding. Dit het begin by Jesus se opstanding uit die dood op ‘n Sondag en sy prediking aan die dissipels op dieselfde dag (Joh. 20:1,19-22), hulle ontmoeting ‘n week later weer op ‘n Sondag, en die uitstorting van die Heilige Gees op die sewende Sondag ná Jesus se opstandingsdag. Daarna het die Here Jesus se dissipels spontaan op Sondae byeengekom om sy opstandingsdag te vier en hulleself ook duidelik van wettiese byeenkomste deur die ortodokse Jode op die sewende dag te distansieer (Hand. 20:7; 1 Kor. 16:1-2).

Nuwe Testamentiese gelowiges uit die nasies moet daarop bedag wees dat hulle nooit deel van Israel en sy verbonde en wette was nie, en dit ook nie ná hulle bekering word nie. 'n Belangrike deel van God se verbond met die Jode sluit die reg tot die bewoning van die land Israel in. Hierdie reg, sowel as ander aspekte van hulle verbonde met die Here, is nie op die kerk oordraagbaar nie en dus ook nie op hulle van toepassing nie.

Die vraag was: watter wette moes die apostels op die heidene van toepassing maak, want daar is tog algemeen geldende beginsels in God se wet vir alle mense? Daar is reeds op gewys dat die wet van die liefde vir alle gelowiges geld en dat dit in verskeie Nuwe Testamentiese voorskrifte vervat word. Hierbenewens is daar volgens 'n besluit wat in Handeling 15 bespreek word, net drie van Israel se wette wat op gemeentes in die nie-Joodse wêreld van toepassing gemaak is:

Eerstens is daar in Handeling 15:20 die verwysing na voedsel wat deur afgode besoedel is. Dit moet in die lig van Openbaring 2:14 en 20 beoordeel word, waarin die Here Jesus twee van sy gemeentes duidelik teen die eet van afgodsoffers waarsku. Dit was 'n algemene gebruik onder die nie-Joodse nasies om onthale in afgodstempels te hou en daar kos te eet wat aan die afgode geoffer is. Paulus het hierdie gebruik in 1 Korinthiërs 10:14-20 veroordeel en onder meer gesê: "Wat sê ek dan? Dat 'n afgod iets is, of dat 'n afgodsoffer iets is? Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie."

Tweedens was hoerery so algemeen onder die heidense nasies dat hierdie vorm van immoraliteit ook deur baie gelowiges beoefen is. Paulus waarsku die gemeentes baie sterk hierteen (1 Kor. 6:12-20). Hy wys daarop dat ons liggame 'n tempel van die Heilige Gees is, en sê dan: "Vlug vir die hoerery... wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam... Julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort" (1 Kor. 6:18,20).

Die derde gebod gaan terug na Genesis 9 waar God 'n verbond met Noag sluit, wat vandag nog van krag is. Hy het aan mense die reg gegee om vleis te eet, maar die bloed moes uit die vleis gedreineer word. Dit beteken dat daar ook nie bloedwors geëet mag word nie.

Al drie hierdie verbodsbepalings moet as moreel-etiese reëls gesien word. Deur dit na te kom, sal Christene hoë morele standaarde handhaaf en nie aanstoot aan Jode gee nie, aan wie hierdie verbodsbepalings goed bekend was. Let wel, dat hierdie wette wat aan die Christene uit die heidense nasies gegee is om te onderhou, glad nie enige seremoniële wette soos feeste of sabbatte ingesluit het nie, en ook nie diere-offers of ritusse soos die besnydenis nie. Daar is dus nie aan Judaïseerders se eise voldoen, wat die kerk onder die wet wou plaas nie.

Kenmerke van die wet

Die feit dat die groot meerderheid van Israel se 613 wette nie op die Nuwe Testamentiese kerk onder Jode én heidene oorgedra is nie, en dat dié wat wel oorgedra is binne die raamwerk van 'n totaal nuwe genadeverbond gedefinieer word, dui daarop dat die bedeling van die wet as sodanig verby is. In die lig van die progressiewe ontplooiing van God se raadsplan met die mens het die wet dispensasioneel egter 'n baie belangrike doel in Israel gedien. Wat is hierdie doel?

Die wet het niks met verlossing of redding te doen nie. Israel het eers die wet ontvang nadat hulle deur 'n soewereine daad van God uit die slawehuis van Egipte gered is. Die slag van die offerlam in Egipte en die besprinkeling van sy bloed aan hulle deurposte, asook hulle wonderbaarlike uittog daarna, was uiterlike tekens van God se reddende genade oor Israel. Die paaslam dui profeties op die Lam van God wat in die volheid van die tyd sy lewe aan die kruis afgelê het sodat Hy die sondes van Israel en die hele wêreld kon wegneem (Joh. 1:29; 1 Kor. 5:7; 1 Pet. 1:18-19).

Die wet is uitgebreide riglyne waarvolgens God se verlore volk moes leef. Tydens die gee van die wet was Israel reeds die verlore volk van God gewees: “Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het” (Ex. 20:2). Israel moes nou geleer word om 'n afgesonderde, heilige lewe te lei sodat hulle God kon behaag en dien. Hulle het geen kennis van die geregtigheid van God gehad nie, en moes deur middel van 'n groot aantal wette prakties leer wat om te doen en wat om nie te doen nie. Deur dit getrou na te volg en uit te leef, sou hulle die Here dien en geen aandeel aan die morele verdorwenheid en afgodediens van die heidennasies rondom hulle hê nie.

Die wet skerp die beginsel van liefde by Israel in. Hulle moes die Here hulle God van harte liefhê en hulleself met al hul kragte hieraan toewy (Deut. 6:5). Hulle moes ook hul mede-volksgenote liefhê soos hulleself en hierdie liefde verder uitbrei om ook die vreemdelinge in hulle midde in te sluit (Lev. 19:18,34). Die innerlike, geestelike motivering het in die bedeling van die wet egter ontbreek om die liefde van harte uit leef, omdat die wet mense nie gehelp het om oorwinning oor hulle sondige natuur te verkry nie.

Die wet bring kennis van die sonde. Sonder die wette van God sou Israel nie geweet het wat sonde is nie, want sonde is 'n bewuste oortreding van 'n bekende wet van God. Paulus sê: “...deur die wet is die kennis van sonde... Ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie... waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie” (Rom. 3:20; 7:7; 4:15). “Die krag van

die sonde is die wet” (1 Kor. 15:56), want die wet is die spieël waarin ons die sonde en rebellie van die mensdom kan sien. Die wet het in werklikheid die sonde meer laat word omdat dit die sonde in sy groot omvang beskryf het – hoe meer wetlike bepalings, hoe meer sonde is daar (Rom. 5:20).

Die wet maak van mense slawe van die sonde. Omdat die wet nie die gevalle, sondige natuur van die mens kan verander nie, maak dit van hom ‘n slaaf van die sonde deur ‘n onbereikbare hoë standaard aan hom te stel. As gevolg van sy sondige natuur is die mens wat onder die wet is, van nature ‘n wetsverbreker en per definisie ‘n hel-verdiende sondaar. Die wet verklaar mense nie net tot sondaars nie, maar plaas hulle ook onder die toorn van God omdat hulle die wet nie voortdurend en in alle opsigte kan nakom nie: “Want die wet werk toorn; maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie... want voor die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie” (Rom. 4:15, 5:13).

Die wet vereis sondevergifnis op grond van God se barmhartigheid en genade. Omdat die wet ‘n standaard stel wat behalwe vir God se volmaakte Seun, Jesus Christus, nog nooit deur een mens gehandhaaf kon word nie, vereis dit daaglikse instellings waardeur die volk vergifnis van hulle menigvuldige sondes kon verkry. Hieruit het die uitgebreide offerdiens van die Ou Testament voortgevloeï, asook ‘n orde van priesters wat as middelaars tussen sondige mense en ‘n heilige God kon optree. Die wet het die hele volk, insluitende die priesters, tot sondaars verklaar, en dit het meegebring dat selfs die hoëpriester net een maal per jaar die Allerheiligste van die tempel kon betree om ‘n bloedoffer vir die versoening van die volk se sondes te bring. Op grond van sy barmhartigheid en genade het God telkens die volk se sondes van wetsverbreking vergewe wanneer hulle dit met opregte harte bely en hulle daarvan bekeer het.

Die wet is ‘n noodsaaklike voorbereiding op die koms en genadewerk van die Messias. Die diere-offers wat ooreenkomstig die eise van die wet as versoening vir sondes gebring is, was onvolmaak en onvoldoende – dit moes in ‘n volmaakte, eenmalige offer vir die sondes van die hele wêreld vervul word: “Want die wet, wat ‘n skaduwee het van toekomstige weldade... kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gebring word, die wat toetree tot volmaaktheid lei nie... want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem. Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My ‘n liggaam berei... Toe het Ek gesê: Kyk Ek kom... om u wil te doen, o God... Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal” (Heb. 10:

1-10). Die offers in die bedeling van die wet kon dus nie 'n blywende verandering bring nie, daarom is die belofte van 'n nuwe verbond onder die Messias by Israel ingeskerp. Hulle het reikhalssend na die koms van die Messias uitgesien, maar was geestelik so afgestomp dat hulle volksleiers Hom nie eers kon herken toe Hy wél gekom het nie.

Die offers onder die wet het net 'n skaduagtige betekenis as heenwysings na die Messias se kruisiging gehad. Jode in die Ou Testament is by voorbaat op grond van die Messias versoeningswerk aan die kruis gered, gevolglik het die diere-offers net 'n tipologiese betekenis gehad. "Alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie" (Heb. 11:39). Die Messias, op wie hulle hul hoop gestel het, hét egter gekom en daardeur die tweede Adam vir alle mense geword wat as gevolg van die eerste Adam se sondeval 'n verdorwe natuur gekry het. Net die Messias kon aan al die eise van die wet voldoen en daardeur vryspraak vir almal bewerk wat op grond van die wet se bepalings sondaars geword het op wie die toorn van God rus. Die Messias is die hoop van Israel én die hele wêreld – die enigste Verlosser wat vryspraak aan sondaars kan bied (Rom. 5:19).

Die wet het verskeie beperkings as gevolg van menslike swakhede en onvolmaakte offers gehad. Die bedeling van die wet het mank gegaan aan dienswerk deur onvolmaakte hoëpriesters, daarom moes dit deur die genadewerk van 'n volmaakte Hoëpriester vervang word. Die diere-offers was ook onvoldoende en moes deur die offer van 'n volmaakte Offerlam vervang word. "Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede" (Heb. 7:28). Hulle moes eers vir hul eie sondes offers bring en dan vir dié van die volk (Heb. 7:27). Die offers wat hulle gebring het, kon ook nie regtig 'n wesenlike verskil maak nie: "Elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie" (Heb. 10:11). Deur die wet is Israel in bewaring gehou totdat die Messias gekom het om vir hulle te doen wat die wet nie kon doen nie: "Voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word. Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof" (Gal. 3:23-24).

Die wet moes die weg na 'n beter verbond baan. Die wet het duidelike maar menslik onbereikbare eise oor God se geregtigheid aan mense gestel. Die gebrek aan 'n vaste grondslag vir versoening, asook die onvolmaakte bediening deur priesters wat self met swakhede bevange was, verklaar die feit dat dit net 'n voorbereidende fase vir 'n beter verbond was. "Jesus [het] van 'n beter verbond borg geword... Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan...

Want so 'n Hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het. Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan wat vir ewig volmaak is... Hy [het] 'n voortreflike bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is. Want as daardie eerste [verbond onder die wet] onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie" (Heb. 7:22,25-28; 8:6-7).

Toetrede tot die ou verbond

Die ou verbond is net met die volk Israel gesluit, naamlik die biologiese afstammeling van Abraham deur Isak en Jakob. Uiterlike lidmaatskap van die verbondsvolk is deur geboorte verkry, daarom het die seuntjies die verbondsteken, naamlik die besnydenis, 'n paar dae ná geboorte ontvang. Ten spyte van Israel se roeping as God se volk, asook die verbondsteken in hulle liggame, is hulle almal in sonde ontvang en gebore en moes dus nog steeds geestelik lewend gemaak word. Hulle moes dus gelowige Israeliete word wie se harte ook besny is.

Deur hierdie geestelike ondervinding is hulle harte verander en is God se wet van liefde op die tafels van hulle harte geskryf: "Die Here jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die Here jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe" (Deut. 30:6). Hierdie oproep tot bekering is dikwels aan die besnyde Israeliete gerig: "As jy jou bekeer, Israel, spreek die Here, bekeer jou tot My... Besny julle vir die Here en verwyder die onbesnedenheid van julle hart, manne van Juda en inwoners van Jerusalem" (Jer. 4:1,4).

Die hartsbesnydenis was 'n geestelike ondervinding wat die Here Jesus aan 'n onkundige Joodse godsdiensteier as "wedergeboorte" beskryf het (Joh. 3:3). Biologiese geboorte alleen, saam met 'n verbondsteken aan die vlees, het nie ware, geestelike Israeliete met veranderde harte opgelewer nie. Geloof het nog steeds in hulle harte ontbreek, daarom het die Here geen welbehag in sulke Israeliete gehad nie (1 Kor. 10:5). Hulle probleem was 'n gebrek aan geloof, soos Paulus aangedui het: "...die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie" (Heb. 4:2).

Geen Israeliet kon op grond van uiterlike pogings tot wetsnakoming gered word nie – hy of sy móés ook 'n geloofsverhouding met die Here hê. Dit beteken dat hulle van harte tot bekering moes kom en binne die raamwerk van die Ou Testamentiese offerdiens om die vergifnis van hulle sondes moes bid. "Laat die goddelose sy weg verlaat en die

kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik” (Jes. 55:7). “Die trotsheid van Israel getuig openlik teen hom; en tog bekeer hulle hul nie tot die Here hulle God nie” (Hos. 7:10). ‘n Ware bekering en die vergifnis van sondes op grond van die Messias se toekomstige soenoffer (dit waarheen al die diere-offers gewys het) was die grondslag van die Ou Testamentiese verlossingsleer. Geen uiterlike pogings tot wetsnakoming alleen, sonder bekering en sondebelydenis, kon enige Jood red nie. Sy sondes wat deur die wet geopenbaar is, moes hom na die Here toe dryf om vergifnis te verkry.

Die beëindiging van die bedeling van die wet

Met die koms van die Messias, en spesifiek sy kruisiging, opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees ná sy hemelvaart, het die bedeling van die wet as ‘n geïntegreerde sisteem heeltemal tot ‘n einde gekom. Nie net het die offerdiens en die bemiddeling deur onvolmaakte priesters vir gelowiges verval nie, maar die slawerny aan sondes wat deur die wet geïdentifiseer en as ‘n swaar juk op mense geplaas is, is deur die verlossingswerk van Christus beëindig. “Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo” (Rom. 10:4).

Christus is die einddoel van die wet omdat Hy dit volmaak nagekom het. Ook het Hy deur sy dood die prys betaal vir die verlossing van alle mense wat weens hulle sondes deur die wet veroordeel word. Deur die versoening in die geloof te aanvaar, word die genade van die Here se verlossingswerk aan verloregaande sondaars toegereken. Alle mense het hieraan behoefte, want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die geregtigheid van God. Baie van die Jode het egter die onmoontlike weg verkies om hulle eie geregtigheid deur middel van onvolmaakte pogings tot wetsnakoming uit te werk, en het sodoende die geregtigheid wat God deur die Here Jesus aan hulle gebied het, verwerp.

Wat dan van die Jode wat onder wet geleef en gesterf het? Baie van hulle het nie net uiterlik volgens die letter van die wet probeer leef nie, maar hulle harte is ook deur die Here besny (Rom. 2:28-29). Hulle het ‘n duidelike begrip van hulle oortredings gehad en het deur die offerdiens om die vergifnis en verlossing van die Here gebid. Dit is aan hulle geskenk, omdat die offerdiens vorentoe gewys het na die offer van die Messias. Hoewel hulle nie in hulle lewe die belofte van die koms van die Messias ontvang het nie, het hulle dit in die verte gesien en begroet (Heb. 11:13). Hulle het nie op hulle onberispelike wetsnakoming geroem nie, maar eerlik hulle sondes bely en vergifnis daarvoor gevra.

Dawid het gebid: “Teenoor U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë... was my, dat ek witter kan wees as sneeu... delg uit al my oortredinge. Skep vir my ‘n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ‘n vaste gees... Ek wil die oortreders u weë leer,

dat die sondaars hulle tot U kan bekeer” (Ps. 51:6-15). Ou Testamentees gelowiges soos hierdie het almal die verlossing van die Here verwag. Volgens Jesaja 53:5 het hulle geweet dat Hy ter wille van hulle oortredinge deurboor en ter wille van hulle ongeregthede verbrysels sou word. Die straf vir hulle oortredings van wetsverbreking sou op Hom kom, en deur sy wonde aan die kruis sou daar vir hulle krank siele genesing kom.

Om hierdie rede het ‘n engel voor Jesus se geboorte aan Josef gesê: “Jy moet Hom Jesus noem [dit beteken Jahweh is Verlossing], want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos” (Matt. 1:21). Godvresende Israeliete was sterk op die koms van die Messias ingestel en het hulle grootliks verbly toe dit gebeur het. Sagaria het gesê: “Ge-loofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het” (Luk. 1:68). Simeon was ook ‘n vroom man wat die vertroosting van Israel verwag het. Die Heilige Gees het aan hom geopenbaar dat hy nie sou sterf voordat hy die Messias gesien het nie. Toe Jesus se ouers Hom in die tempel ingebring het, het Simeon Hom in sy arms geneem en gesê: “Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede... omdat my oë u heil gesien het wat U berei het voor die oë van al die volke – ‘n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van u volk Israel” (Luk. 2:29-32).

Mense soos dié het hulle geregtigheid deur die geloof in die Messias gesoek en sodoende deelgenote van God se reddende genade geword. Hulle het nie op hulle eie prestasies van wetsnakoming geroem nie, maar op die genade en vergewensgesindheid van ‘n barmhartige God. Dit was die ingesteldheid van gelowige Jode voor die koms van die Messias gewees. Ná sy koms het die Messiaanse Jode nêr in sy genadewerk geroem en glad nie in die wet of die werke van die wet nie. Die Messias was vir hulle die einde van ‘n wettiese godsdiens en die deur tot die ware geregtigheid van God.

Paulus het ook hierdie duidelike oorgang van die bedeling van die wet na die bedeling van genade gemaak, wat op geloof in Christus se dood en opstanding gebaseer is. Voor sy redding was hy ‘n wettiese Fariseër wat sy geregtigheid in wetsnakoming gesoek het en nie in die barmhartigheid en sondevergifnis van God nie. Hy beskryf sy lewe voor sy bekering só: “As iemand anders meen dat hy op die vlees kan vertrou, ek nog meer. Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, ‘n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, ‘n Fariseër; wat ywer betref, ‘n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik” (Fil. 3:4-6).

Paulus se wetsnakoming was net in sy eie oë en in die oë van die ander Fariseërs onberispelik gewees. Hy was ten spyte hiervan so ver uit voeling met God dat hy die Messias én die gemeente van die Mes-

sias vervolg het. Die wet kon hom nie red nie, daarom sy gebed om in Christus gevind te word, “nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof; sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word” (Fil. 3:9-10).

Die verpersoonliking van die liefde

Liefde is die belangrikste kenmerk van God (1 Joh. 4:8). Dit was die basiese motivering waarom Hy genade aan ‘n gevalle mensdom betoon het deur sy Seun as ‘n offer vir ons sonde na die aarde toe te stuur (Joh. 3:16). God se liefde vorm die grondslag van alle geregtigheid, omdat dit die goddelike beginsel is waaruit die verlossingsplan gebore is. Jesus Christus is die verpersoonliking van God se *agape*-liefde. Hy het sy hemelse heerlijkheid verlaat en mens geword om die Vader se liefde te gedemonstreer deur aan die kruis die doodstraf te betaal vir alle sondaars wat God se wette verbreek het. Die wet het vir Israel ‘n vloek geword omdat dit die doodstraf op almal gelê het wat die wet verbreek. Christus het vir hulle én alle sondaars buite Israel ‘n vloek geword – dit is ‘n doodsveroordeelde wat volgens Galásiërs 3:13 aan ‘n kuis moes sterf – om hulle van die vloek te verlos wat op sondaars en wetsverbrekers rus (Eseg. 18:20; Gal. 3:10).

Die Here Jesus ver wag van almal wat Hom as hulle Verlosser wil aanneem, om deur die wedergeboorte nuwe mense te word en in sy voetspore te volg: “Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het” (1 Joh. 2:6; 1 Pet. 2:21). Omdat Jesus die verpersoonliking van God se liefde is, moet Hy deur die geloof in ons harte woon sodat ons self ook in sy liefde gewortel en gegrondves kan word (Ef. 3:17). Hierdie liefde wat deur Jesus Christus aan ons geopenbaar en deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort is (Rom. 5:5), is ons lewensbeginsel en die Nuwe Testamentiese wet waarvolgens ons lewe. Hieruit vloei verskeie opdragte, of gebooie, wat die Here Jesus aan ons gee.

Ons moet ten alle tye Christus se wet van die liefde wat deur geloof in Hom uitgeleef word, van die Ou Testamentiese wet onderskei. Ons is nie nou met uiterlike, menslike pogings tot wetsnakoming besig nie, maar leef die goddelike liefde uit wat ons reeds van die Here af ontvang het. Ons kan slegs liefhê omdat Hy ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19). Dit is ons opdrag om die gebod van die liefde uit te leef:

- ✠ “n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê: soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê” (Joh. 13:34).
- ✠ “As julle my liefhet, bewaar my gebooie” (Joh. 14:15).
- ✠ “Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie

My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar” (Joh. 14:21).

- ✠ “As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly... Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het” (Joh. 15:10,12).
- ✠ “En wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom” (1 Joh. 3:22).
- ✠ “Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie” (1 Joh. 5:3).

Die Here skenk aan ons die krag en genade om sy gebooie te kan hou, m.a.w. om Hom waarlik lief te hê, asook vir alle mense – insluitend ons vyande. Ons word ook tot hoër hoogtes in hierdie lewe van liefde geroep, naamlik om die Here se Woord só te bewaar en te eerbiedig dat ons volmaak in sy liefde kan word (1 Joh. 2:5). Hierdie liefde bewaar ons só dat ons vrymoedigheid sal hê om te weet dat ons nie die oordele van God oor die sondaars hoef te vrees nie (1 Joh. 4:17), “en sy Seun uit die hemele te verwag... Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos” (1 Thess. 1:10).

Ons moet onthou dat die liefdevolle God wat ons siele deur Jesus Christus wil red en aan ons sy liefde wil skenk om sy gebooie te bewaar, ook sy regverdige toorn oor al die sondaars gaan uitstort wat sy liefde versmaai het. Ons moet nie die fout maak om die Here se genade in ongebondenheid te verander nie, want dan verloën ons die Here Jesus (Judas v.4). Die Nuwe Testamentiese wet van liefde tot God en liefde tot ons naaste, vereis van ons om alle vleeslike, sondige werke wat in stryd daarmee is, af te lê en deur die Gees te wandel (Gal. 5:13-25).

Met die oog hierop kon Paulus met vrymoedigheid sê dat hy “onder die wet van Christus” is (1 Kor. 9:21). Leef jy hierdie wet teenoor jou medebroeders én ander mense uit? “Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus” (Gal. 6:2).

Die grondslag van Israel se wettiese vormgodsdien

Die meeste Jode, soos ook hulle leiers – die Fariseërs, Sadduseërs en ander skrifgeleerdes – het die Messias verwerp en met hulle wettiese vormgodsdien voortgegaan. Hulle het in hulle eie pogings tot wetsnakoming geroem, as gevolg daarvan nie onder sonde-oortuiging gekom nie en dus nie die Here van harte gedien nie. Hulle het van die wet self ‘n verlossingsinstrument gemaak, wat dit nooit bedoel was om te wees nie. Die wette is as riglyne vir God se verlore volk gegee en sou nie sonder die Here se hulp en die gereelde vergifnis van oortredinge eerbiedig kon word nie. Baie van die Jode het egter, soos Paulus voor

sy bekering, in hulle onberispelike, wettiese lewens geroem. Die Fari-seër in die tempel het die Here gedank omdat hy so 'n goeie mens was: "O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie – rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek was twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry" (Luk. 18: 11-12). Die tollenaar het net gesê: "O God, wees my, sonder, genadig!" Die Here Jesus se beoordeling van hierdie twee mense is soos volg: "Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregtig na sy huis ge-gaan, eerder as die eerste een" (Luk. 18:14).

Dit is hieruit duidelik dat baie Israeliete nie ernstig na God gesoek het nie en dus nie onder die oortuiging van hulle sondes gekom het nie. Hulle het die Here net met hulle lippe gedien, maar hulle harte was ver van Hom af (Matt. 15:8). Die Here Jesus het die Jode gewaarsku dat as hulle geregtigheid nie meer oorstroomend as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs is nie, hulle die koninkryk van God nie sal sien nie (Matt. 5: 20). Hierdie mense se lewens lyk net uiterlik mooi, soos witgepleisterde grafte, maar hulle harte is verdorwe.

Jesus het vir hulle gesê: "Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, ge-weinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie" (Matt. 23:13). In hulle vormgodsdien was die letter van die wet die enigste norm, daarom het hulle Jesus ook net uit 'n eng, wetlike oogpunt beoordeel en verkeerdlik as 'n wetsverbreker en sonder bestempel (Matt. 11:19; Joh. 19:7). Hulle het sy mag om duiwels uit te dryf en siekes gesond te maak as komende van die duiwel beskou (Matt. 9:34; 12:24; Joh. 8:48). Daardeur het hulle teen die Heilige Gees gelaster en sodoende 'n onvergeeflike sonde gedoen (Matt. 12:28,32).

Slegs die vroom Jode wat nie by 'n wettiese vormgodsdien berus het nie, hulle sondes bely het, op God vertrou en op die koms van die Messias gehoop het, het Jesus as Messias erken en aanvaar. Hulle het Johannes geglo toe hy van Jesus gesê het: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Joh. 1:29). Hy was die volmaakte Lam van God wat sonder sonde was (Heb. 4:15; 7:26). In Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik (Kol. 2:9).

Met die koms van die Messias het die bedeling van die wet met al sy skaduagtige instellings en menslike beperkings verbygegaan. In Jesus Christus het die beloftes van God se toekomstige weldade 'n heerlike werklikheid geword. Die tyd toe onvolmaakte, sondige priesters die tempeldien waargeneem het om "dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sonde kan wegneem nie" (Heb. 10:11), is met die koms van die Messias afgesluit. Hy is sonderoos volmaak en het deur sy bereidwilligheid om Homself tot die dood van die kruis te ver-

neder, 'n volmaakte soenoffer vir die sondes van alle mense geword. Dit is net Hy wat sy volk van hulle sondes kan verlos – 'n sondeskuld wat deur die bepalings van die wet op hulle geplaas is.

Geen kompromie

Daar is ongelukkig mense wat met die ou verbond kompromie maak deur na sekere bepalings daarvan terug te keer, ten spyte van die feit dat die nie-Joodse volke nooit onder die ou verbond was nie. Dit hou baie ernstige implikasies in omdat die vervulling van die wet in Jesus Christus daardeur verloën word. Paulus sê vir die Judaïseerders wat die gemeente in Galásië weer onder die wet van Moses wou plaas: “O onverstandige Galásiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig? Dít alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? ... Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie. En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou. Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval” (Gal. 3:1-2, 5:2-4).

Kompromie van hierdie aard geld nie net die besnydenis nie, maar ook die wettiese onderhouding van sabbatte, feeste, offers en dieetkundige wette wat nie deel van die Nuwe Testamentiese opdrag van liefde teenoor God en ons naaste is nie. Die wet is klaar vervul in Christus en sy liefde is deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort. Dit sou 'n verloëning van Hom wees indien ons weer na die skaduwee van die wet sou terugkeer. Paulus blameer mense wat dit doen verder deur te sê: “Hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien? Julle neem dae en maande en tye en jare waar” (Gal. 4:9-10).

Proff. Walvoord en Zuck (*The Bible Knowledge Commentary*, bl. 602) sê die volgende oor hierdie teks: “Onder die invloed van Judaïseerders het die Galásiërs weer die Mosaïese kalender begin volg. Hulle het spesiale dae waargeneem (die weeklikse sabbat), en maande (nuwe mane), en seisoene (seisoenale feeste), en jare (sabbatsjare en jubeljare). Hulle het gemeen dat hulle hierdeur ekstra guns in die oë van die Here sou vind. Paulus het dit egter duidelik gemaak dat hulle deur die werke van die wet niks tot hulle saligheid kon bydra nie.”

Uit die werke van die wet sal geen vlees voor die Here geregverdig word nie, want deur die wet is die kennis van die sonde (Rom. 3:20). Ons moet vasstaan in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en onself nie weer onder die diensbaarheid aan die sonde en die wet bring nie (Gal. 5:1). Enigeen wat 'n evangelie bring in stryd met volledige en absolute redding uit genade op grond van Christus se soen-

dood, word 'n vervloeking genoem (Gal. 1:8-9).

As die beginsels van goddelike liefde deur die Heilige Gees op die tafels van ons weergebore harte geskryf is, het ons waarlik 'n boodskap vir 'n wêreld in sy nood en kan ons die lieflike geur van Christus se kennis oral versprei. Dit sal ons in staat stel om die kwaad deur die goeie te oorwin en sodoende toonbeelde van Christus se liefde, vergewensgesindheid en reddende genade te wees. Ons is ook geroepe om die ortodokse Jode jaloers maak deur die wyse waarop ons die God van Abraham, Isak en Jakob deur die Messias dien (Rom. 11:11). Hierdie doel sal heeltetal verydel word as ons saam met die Jode feeste vier wat deur die wet voorgeskryf word, bv. die sabbat, omdat Jesus Christus daarop verloën word. Dan sou ons weer skaduwees najaag in plaas van die werklikheid van die Messias wat reeds gekom het. Alle Messiaanse Jode wat vroeër onder die wet was, moet saam met Paulus kan sê: "Nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons [die Here] dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie" (Rom. 7:6).

As sulke verlostes dān feeste vier, moet dit eg Messiaanse feeste soos die Nagmaal wees, of die opstandingsfees van die Messias op Sondae. Ook die pinksterfees en die loofhuttefees kan as Messiaanse feeste gevier word waarin die eerste koms van die Messias, die uitstorting van die Heilige Gees, en die hoop op die Here Jesus se wederkoms uitdruklik erken word. Wanneer dit gedoen word, is die betrokke fees nie meer 'n blote skaduwee van toekomstige dinge nie, maar dit het 'n konkrete gestalte en vervulling in die Messias verkry (Kol. 2:16-17). Daardeur sal die deelnemers aan die fees vir Israel én die hele wêreld sê dat hulle viering nie binne die raamwerk en bepalinge van die wet is nie, maar binne die raamwerk van die Messias se Nuwe Testamentiese heilsplan vir alle mense. Dit is só 'n Christelike fees wat Paulus in gedagte gehad het toe hy gesê het: "Want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier..." (1 Kor. 5:7-8). Ons wat Christene is, moet ons nie ter wille van aanvaarbaarheid deur ortodokse Jode of ongeredde wêreldlinge vir Jesus skaam en sy Naam verswyg wanneer ons feesvier en die Here dien nie. Hy is 'n lig tot verligting van die nasies én tot heerlikheid van sy volk Israel (Luk. 2:32). Israel is egter nie sy volk as hulle Hom nie as Messias erken en aanvaar nie. Dieselfde vereiste geld vir lede van die nie-Joodse volke, wat Jesus Christus in die geloof moet aanneem as hulle aan Hom wil behoort en deelgenote van sy genade wil word. Het jy dit al gedoen en dien jy Hom van harte onder die leiding van die Heilige Gees?

3. Die Genade van Christus

God is die bron en verpersoonliking van ware liefde. Almal wat aan Hom wil behoort, moet sy goddelike liefde in hulle harte ontvang en dan volgens die verhewe beginsels daarvan leef:

“Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as ‘n versoening vir ons sondes. Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê. Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het. Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom, en hy in God. En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom” (1 Joh. 4: 7-16).

‘n Ware gelowige is nie iemand wat God deur uiterlike pogings tot wetsnakoming probeer behaag nie, maar ‘n persoon wat die nuwe lewe van die Here Jesus deur die geloof ontvang het en homself daaglik daarmee beklee. God se *agape*-liefde word deur die Heilige Gees in sy kinders se harte uitgestort (Rom. 5:5); dit verander hulle karakter heeltemal en stel hulle in staat om die nuwe lewensbeginsels prakties uit te leef. Die liefde van God is die belangrikste kenmerk van hulle persoonlike lewe én optrede na buite:

“Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles” (1 Kor. 13:4-7).

Uitvloeisels van God se liefde

God se liefde het tot openbaring gekom in ‘n geestelik verdorwe wêreld wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19). As gevolg van Satan se

verleidingswerk in die Tuin van Eden het ons eerste ouers 'n sondige natuur gekry, en dit het van al hulle afstammelinge van nature sondaars en teëstanders van God gemaak (Rom. 5:12). Teen hierdie donker agtergrond het God se liefde groot betekenis verkry omdat dit die enigste hoop op redding aan die miljoene sondaars op aarde bied. Sy aanbod van redding lei egter na oordele oor sy vyande omdat die verwerping van sy genade straf inhou. Die uiteenlopende reaksies op God se liefde lei tot die openbaring van verdere attribute van Hom, waarvan ons kennis moet neem:

- ✠ **Waarheid.** God is die maatstaf vir alle waarheid. Sy Woord is die waarheid en sy Gees is die Gees van waarheid wat ons in die hele waarheid lei (Joh. 17:17; 16:13). Die Here Jesus het hierdie waarhede aan ons geopenbaar en verkondig (Joh. 14:6). Die teenoorgestelde begrip van leuens word met Satan verbind wat die vader van leuens is (Joh. 8:44). Ons moet duidelik tussen die waarheid en die leuen kan onderskei, daarom oortuig die Heilige Gees ons van sonde, geregtigheid en die oordele wat oor Satan en sy volgelinge uitgespreek is.
- ✠ **Toorn oor sondaars.** God haat sonde omdat dit 'n uitdrukking van die verwerping van sy liefde is, en dus ook van sy koninkryk van waarheid en geregtigheid (Ps. 45:8). Sy toorn en oordele rus op almal wat Hom minag deur volhardend in sonde te leef (Op. 14:10). Hulle tree onder die aanstigting van Satan op, wat die hoof van die koninkryk van die duisternis is.
- ✠ **Regverdigheid.** God is regverdig omdat Hy aan almal 'n vrye wil en keuse tussen goed en kwaad gee. Diegene wat Hom verwerp, sal die voorwerpe van sy regverdige oordele wees (1 Pet. 2:23; Op. 16:5). "Die siel wat sondig, moet sterwe" (Eseg. 18:4). "Die loon van die sonde is die dood" (Rom. 6:23). Ons mag nie 'n soort liefde aan God toeskryf wat sy regverdigheid en toorn oor sonde verberg of kanselleer nie. Daar is diegene wat verkeerdelik redeneer dat God só liefdevol is dat Hy niemand in die hel sal straf nie.
- ✠ **Genade.** Die Here is groot van genade, barmhartigheid en vergewensgesindheid, daarom bied Hy vergifnis en geestelike herstel aan almal wat in sonde geval het. God haat sonde maar het die sondaar lief, omdat hy na sy beeld geskape is en deur Satan se toedoen in sonde geval het. God se regverdige oordeel oor sondaars verplig Hom egter daartoe om die ewige doodstraf oor almal van hulle te voltrek. Hoe kan genade (sy goedheid en guns) dan aan sondaars betoon word as hulle reeds verdoem is? Deur 'n Regverdige Persoon in die plek van die onregverdiges te laat sterf. Jesus Christus se kruisdood is 'n losprys vir ons sonde, op voorwaarde dat ons ons

sonde bely en sy soenoffer in die geloof aanvaar. “Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie” (Joh. 3:18). God het sy regverdige oordeel oor sonde op sy Seun laat neerkom sodat almal wat in Hom glo, vrygespreek kan word. Dit is genade! Sy genade tot redding word gevolg deur die verlening van genade vir alle ander behoeftes op ons lewenspad. Ons moet die Here vir alles vertrou, want sy genade is in elke situasie vir ons genoeg (2 Kor. 12:9).

Progressiewe openbaring

In die Ou Testament het die Here dikwels in ‘n totaal vervalte en goddelose wêreld ingegryp om sondaars te oordeel en regverdiges uit te red, bv. in die tyd van Noag en Lot. Die goddeloosheid is egter deur opkomende geslagte voortgesit, en dit het daartoe gelei dat God vir Hom ‘n volk uit die heidendom geroep het wat heilig en afgesonderd van die sondaars moes leef. Dit was die volk Israel. Hy het sy liefde aan hulle geopenbaar deur sy wette aan hulle te gee. Dit was ‘n basiese stel reëls wat die regte optrede beveel en verkeerde optrede verbied het: “Ek is die Here julle God; toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig” (Lev. 11:44).

Die liefde en genade van God is nie deur die Heilige Gees in mense se harte uitgestort nie, daarom was die volk nie innerlik gemotiveerd om die Here te dien nie. Daar was maar ‘n kort treetjie tussen diens aan die Here en die afgodediens waarin Israel so dikwels verval het. Die vasgestelde tye vir geestelike toewyding is ook maklik verontagsaam en die Here heeltemal buite rekening gelaat. ‘n Sondebeseft is deur die lees van die wet by Israel ingeskerp, en vergifnis deur middel van herhalende diere-offers verkry. Priesters was die middelaars tussen die volk en die Here, gevolglik was die gewone mense se ervaring van God se liefde, heiligheid, vergewensgesindheid en leiding in hulle lewe baie beperk. Hulle het aan uiterlike wetsnakoming en die verbondsteken van die besnydenis vasgehou. Die salwing van die Heilige Gees het net op sekere leierspersone (konings, profete en priesters) gerus. Genade en vergifnis is wél aan mense geskenk, maar slegs nadat die priesters gebede en offers aan die Here vir hierdie sondes aangebied het.

Die offers onder die wet was ‘n skaduagtige heenwysing na Christus se offer vir die sonde van die hele wêreld, toe Hy as die Lam van God aan die kruis gesterf het. Die wet self kon niemand red nie, omdat geen mens dit volkome kon onderhou nie. Die wet het die hele wêreld doemwaardig voor God gemaak, “aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van die sonde” (Rom. 3:19-20).

Met die koms van Christus het die bedeling van die wet verbygegaan en die bedeling van genade aangebreek. Paulus sê: “Die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!” (Rom. 6:14-15). Sonde is heeltemal in botsing met die nuwe lewe wat ons van bo af kry, want God se *agape*-liefde lei tot ‘n lewenswandel wat in ooreenstemming met sy heiligheid is (1 Pet. 1:15-16). Die Heilige Gees is oor alle mense uitgestort, en oortuig hulle van sonde – dit is alle gedagtes, gesindhede en dade wat in stryd met die heilige natuur van God is.

In die bedeling van genade openbaar God sy liefde aan ‘n geestelik sterwende wêreld deur die kruisdood van sy Seun, en word ons op grond daarvan salig verklaar. Genade is God se geskenk van sondevergifnis aan verlore sondaars wat van hulle Skepper en sy goddelike natuur vervreem geraak het. Sy Heilige Gees oortuig almal van hulle sonde en van Christus se geregtigheid (Joh. 16:8). Dit word nie meer deur die voorlees van die wet gedoen nie. Vergifnis word ook nie deur ‘n priester se offers bewerk nie, omdat elke sondaar self tot die genade-troon toetree waar hy sy sonde kan bely en vergifnis verkry (Heb. 4:16). Die vergifnis wat hy vryelik (uit genade) van die Here kry, verbind hom daartoe om ook sy oortreders van harte te vergewe (Matt. 6:15).

Die feit dat ons nie onder die wet is nie, beteken dat ons op ‘n veel hoër geestelike vlak as die mense van die Ou Testament leef. Die Heilige Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is (Rom. 8:16), en oortuig ons ook van alle sonde wat tussen ons en die Here staan. Selfs die kleinste sonde kan ons verhouding met die Here vertroebel en ook die Heilige Gees bedroef as ons dit nie dadelik bely en laat staan nie (Ef. 4:30). Die Here se genadewerk in ons lewens behels reiniging deur die bloed van Christus en vervulling met sy Heilige Gees, waardeur die regverdigheid en heilige natuur van Christus aan ons toegereken word – ons word met Hom bekleed (Rom. 13:14).

Die liefde van God wat deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort is (Rom. 5:5) dring ons om die Here met ons hele hart, siel en verstand lief te hê en geen ander liefdes bo dit te stel nie (Matt. 10:37; 1 Joh. 2:15-16). Op grond van Jesus Christus se kruisdood kan ons sterf vir die sonde en lewend word vir God deur Jesus Christus (Rom. 6:11). Ons hoef dus nie onder die heerskappy van die sonde te leef nie (Rom. 6:12-14). Sy genade word ryklik oor ons uitgestort.

In hierdie hoër lewe van diens aan die Here moet ons nooit die wet tot norm verhef nie, want dan keer ons na die “swakke en armoedige eerste beginsels” van die wet terug (Gal. 4:9). Indien ‘n Nuwe Testamentiese gelowige sy geloofsverhouding met die Here deur Jesus Christus met ‘n Ou Testamentiese verbondsteken soos die besnydenis

probeer aanvul, of ook deur die wettiese onderhouding van die Sabbat, dan betwyfel hy daardeur die algenoegsaamheid van die Here se genade en doen só afbreuk daaraan (Gal. 5:2-4). “Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie (Gal. 5:1). Die *Living Bible* parafraseer hierdie teks só: “Christus het ons vrygemaak. Maak dan seker dat julle vry bly en nie weer die slawe van Joodse wette en sere-monies word nie.” Ons moet nie aan die sonde óf die Mosaïese wette diensbaar wees nie.

In die lig hiervan is dit van die grootste belang dat elkeen van ons sal besef wat die grondbeginsels van die bedeling van genade is, hoe dit in ons lewens moet funksioneer en wat die Here van ons verwag. Laat ons nie in die strik van die Galasiërs trap en die genade van die Here geringskat deur dit met wetsonderhouding te probeer aanvul nie. In die nuwe bedeling gaan dit nie oor uiterlike verbondstekens soos die besnydenis om ‘n kind van God te wees nie, “want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar ‘n nuwe skepsel” (Gal. 6:15). Verbondstekens (doop of besnydenis) maak nie van ons nuwe mense nie – net die wedergeboorte wat deur God se Gees bewerk word op grond van sy genade, kan ons red. Ons moet volgens die reëls van die nuwe mens wandel (Gal. 6:16), en in die volle waarheid hiervan sal die Heilige Gees ons lei.

Die liefde van God het sy eie dinamiek en beginsels om ons op die regte spoor te hou (1 Kor. 13:4-7). Dit veredel die mens innerlik as jy altyd daarvolgens leef: “Die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.... Die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel” (Gal. 5:22-25). Christene behou steeds hulle vrye wil, daarom moet ons op ‘n gereelde en vasberade manier die vlees oorlewer om gekruisig te word (Ef. 4:22). Ons is diep van die Here afhanklik om ons met sy Heilige Gees te vervul sodat ons geestelik versterk kan word na die innerlike mens, om aan ons kennis, wysheid en insig te gee, deur die lewe te lei, as dissipels te skool, in sy diens te gebruik, deur alle krisisse te dra en van die Bose te bewaar. Ons sal nooit alleen wees nie, want Hy verseker ons van sy voortdurende teenwoordigheid in ons lewe (Heb. 13:5).

In die bedeling van genade ná die koms van Christus word die Here se reddende genade aan alle nasies verkondig, en dit het tot die Nuwe Testamentiese Kerk van Christus aanleiding gegee. Die verkondiging van die evangelie geskied deur die instaatstelling van die Heilige Gees (Hand. 1:8), en dit is ook die Gees van God wat mense se harte wederbaar om van hulle Christene te maak (1 Kor. 12:13). In die lig hiervan

staan die bedeling van genade ook as die kerkbedeling en die bedeling van die Heilige Gees bekend. Kom ons kyk wat 'n lewe uit die genade van die Here alles behels:

Genade vir redding

Alle sondaars is van God vervreem en kan Hom nie sien of hoor nie, daarom moet sy liefde en genade aan hulle verkondig word deur kinders van Hom wat reeds deur sy genade herskep is. Die Heilige Gees stel sondaars in staat om in geloof op God se roepstem te reageer en sy Seun as Verlosser aan te neem. Wanneer hulle dit doen, word hulle gelowiges wat aan God verbind is omdat hulle sy genadewerk deur die geloof ontvang het. Hulle verkry 'n hoopvolle toekoms in die Here omdat hulle weet dat hulle vir sy ewige heerlikheid bestem is. Vroeër was hulle sonder hoop en sonder God in die wêreld (Ef. 2:12).

Die geestelike kenmerke van 'n persoon wat deur die genade van God herskep is, is geloof, hoop en liefde. Deur geloof is hy aan die lewende God verbonde. Dit gee aan hom 'n vaste hoop op die Here vir daaglikse onderskraging en bewaring, maar veral op die ewige lewe in die hemel. Die liefde van God bepaal die aard van ons verhouding met Hom, asook met ander mense. 'n Christen moet daarin gewortel en gegrond word sodat hy self 'n toonbeeld van die Here se liefde en genade kan wees (Ef. 3:17-19). Liefde en genade moet meer oorvloedig in ons lewe word, en ons geloof ook sterker.

Geen mens kan sonder die soenoffer van Jesus Christus aan die kruis gered word nie. Dit is die grondslag vir God se reddende genade, en kan net deur die geloof as 'n geskenk van Hom af ontvang word. Daar is geen manier waarop ons ons saligheid selfs in die geringste mate kan verdien nie, daarom word ons glad nie op grond daarvan gered nie: "Uit genade is julle gered deur die geloof, en dit nie uit julle-self nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie" (Ef. 2:8-9).

Met werke word hier die mens se eie pogings tot wetsnakoming en 'n goeie lewe bedoel, op grond waarvan sommige hulle saligheid probeer verdien. Indien 'n persoon hierin kon slaag, dan sou hy vir sy redding in sy eie pogings en werke kon roem. Hy kan dit egter nie doen nie, want dit is net deur genade op grond van Christus se soenverdienste dat hy 'n kind van God kan word. Speel werke dan geen rol in 'n kind van God se lewe nie? Ons moet versigtig wees om nie die plek van werke in Christene se lewens verkeerd te verstaan nie, want dan kan ons onself van groot seëninge en godsvrug beroof. Hoewel menslike werke en 'n goeie lewe nooit in die geringste mate as 'n grondslag vir redding aangebied kan word nie, neem werke nogtans 'n belangrike plek in 'n Christen se lewe in.

Ons kan nie eers die Here se reddende genade deelagtig word as

ons nie deur die werke van sondebelydenis en bekering op sy roepstem tot redding reageer nie (1 Joh. 1:9). Dit is geloof in aksie. Bekering en vergewing van sondes moet aan alle mense verkondig word (Luk. 24:47). Vergifnis uit genade moet deur bekering voorafgegaan word. Ná ons redding moet ons deur die krag van die Heilige Gees werke doen wat by die bekering pas (Hand. 26:20). Ons moet op die fondament, Jesus Christus, bou deur werke te doen wat ewigheidswaarde het (1 Kor. 3:11-15). Sommige Christene doen dit nie, en sal gevolglik met leë hande voor die Here verskyn. Geloof en werke gaan hand aan hand, daarom is geloof sonder werke dood (Jak. 2:14,17).

Direk nadat Paulus werke as 'n grondslag vir saligheid verwerp het, het hy die groot rol van werke in 'n Christen se lewe só verduidelik: "Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel" (Ef. 2:10). Wanneer ek slegs uit genade deur geloof gered is, dan gebruik die Here my daagliks om vir Hom te werk.

Die rykdom van God se genade

Vir baie mense is dit moeilik om te aanvaar dat God se genade genoeg is om al hulle sonde te vergewe. Hulle leef in 'n voortdurende skuld-kompleks omdat hulle nie kan glo dat genade meer en groter as al hulle sonde is nie. Die Bybel is egter baie duidelik hieroor: "In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade wat Hy oorvloedig aan ons bewys het" (Ef. 1:7-8). Daar is 'n *rykdom* van genade wat aan ons gebied word.

Aan die ander kant is daar net so baie mense wat God se genade misbruik en dink dat sy oorvloedige genade 'n verskoning is om aan te hou sondig. Hierdie idee het die afgelope 30 jaar baie populêr begin word. Baie predikers gee 'n skewe voorstelling van genade omdat hulle meer in groot gemeentes belang stel as om die woord van die waarheid reg te sny (2 Tim. 2:15). Mense in sulke kerke dink dat dit nie saak maak hoe hulle leef nie, omdat die Here maar altyd weer sal vergewe. Dit het tot 'n geslag *Christene* gelei wat elke Bybelse beginsel behalwe dié van genade verloën.

Dit is nie 'n nuwe probleem nie, want Paulus het ook daarmee in aanraking gekom: "Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgestorf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (Rom. 6:1-2). Hy bied dan in die volgende 12 verse 'n kort maar ingewikkelde argument aan. Die slotsom hiervan is dat as ons werklik weergebore is (saam met Christus gesterf en opgestaan het) dan behoort ons dood vir die sonde en lewend vir God te wees. Diegene wat aanhou sondig sodat die genade meer kan word, sê daardeur duidelik dat hulle nie nuut gemaak is nie – hulle het slegs God se genade aangeneem om sy oordele te kan vry-

spring. Hulle het geen begeerte om met Hom verenig te word, om in en vir Hom te lewe, of om hulleself vir heiligmaking en diensbaarheid ten volle aan Hom oor te gee nie. Al wat hulle wil hê is 'n kaartjie van vrywaring teen die hel, asook 'n lisensie om met hulle sonde voort te gaan sonder om daarvoor skuldig te voel.

In Romeine 6:15 maak Paulus 'n soortgelyke stelling: "Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!" In die volgende 8 verse verduidelik hy hierdie stelling. Hy sê dat diegene wat aanhou sondig omdat daar genade is, moet vasstel van wie hulle diensknegte is. As hulle aan sonde verslaaf is, dan is sonde hulle meester. As hulle aan geregtigheid verslaaf is, dan is God hulle Heer en Meester. Hy sê dan wesenlik dieselfde as wat hy vroeër in die hoofstuk gesê het. Mense wat aanhou om te sondig en God se genade te misbruik, is dalk glad nie gered nie! As ons waarlik gered is, sal ons aan goeie dinge verslaaf wees en nie aan sonde nie. Wanneer ons wêl sondig, sal ons dit dadelik bely en reiniging daarvan verkry (1 Joh. 2:1-2).

Indien ons die boodskap van die evangelie reg verstaan, asook die prys wat Jesus vir ons betaal het en die grootheid van God se genade, sal ons nie wil sondig nie maar Hóm wil behaag en dien. Jy kan nie sonde ligtelik beskou nadat jy aan die voet van die kruis was nie. Wanneer jy selfs net gedeeltelik verstaan wat sonde aan Jesus gedoen het, sal jy daarvan wegvlug. (Hierdie gedeelte is 'n vertaalde uittreksel uit Anton Bosch se artikel, *Grace covers it all* (Aug. 2007).

Genade vir heiligmaking

Die genade van die Here staan nie net met redding in verband nie, maar ook met heiligmaking en afsondering van die wêreld: "Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlijkheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke" (Titus 2:11-14). Dit is die Heilige Gees wat ná ons bekering die genade van die Here meer oorstroomdig oor ons uitstort en ons in 'n nuwe lewe van heiligheid en diensbaarheid lei. Ons moet sy leiding heelhartig volg.

Paulus wou nie hê dat die Korinthiërs by redding volstaan en terugsit nie, maar geestelik in die genade van die Here ontwikkel en opgroei: "In hierdie vertroue wou ek vroeër na julle kom, dat julle 'n tweede genade kan ontvang" (2 Kor. 1:15). Wanneer die Heilige Gees ons wederbaar, bedien Hy die eerste genadewerk van redding aan bekeerlinge. Wanneer Hy ons daarna vervul en vir diens toerus, doen Hy die tweede

genadewerk van heiligmaking in ons lewens. Hierdie werkinge word op grond van die Here Jesus se soenverdiensde aan die kruis gedoen, daarom ontvang ons uit sy volheid genade op genade (Joh. 1:16). Die Here Jesus het die losprys vir ons redding en heiligmaking betaal, maar die Heilige Gees is die bedienaar van sy genade.

Die Heilige Gees wat die liefde van God in ons harte uitstort, beklee ons met die natuur van Christus en stel ons in staat om daarvolgens te leef. Op hierdie manier leer Hy ons om heilig en rein te leef. Hoewel God ons deur sy Gees op grond van Christus se versoeningswerk heilig maak (1 Thess. 5:23), verwag Hy beslis ook daarna van ons werke van toewyding (2 Tim. 2:19,21; 2 Kor. 7:1). Ons moet nougeset optree om van enige vorm van kwaad in ons lewe afstand te doen en ons hoop volkome in die Here se genade tot heiligmaking te stel. Hy kan en wil ons harte reinig as ons ons volle samewerking gee.

Baie Christene werk nie aan hulle heiligmaking soos hulle behoort nie, en bedroef voortdurend die Heilige Gees. Hulle laat na om hulleself te verloën en die ou natuur oor te lewer om gekruisig te word. As gevolg hiervan wandel hulle nie deur die Gees nie, maar staan Hom deur hulle ongekrusigde vlees teë (Gal. 5:16-17). Die Heilige Gees wil ons uit 'n wêreldse en selfgesentreerde oriëntasie lei deur goddelike eienskappe, gesindhede en gedagtes by ons aan te moedig. As ons onsself hiervoor beywer, sal ons groter genade ontvang om volkome in hierdie wonderlike, nuwe lewe op te gaan. Dan sal die Here elke dag kennelik met ons wees en ons harte met sy blydschap vervul:

“Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus. Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees” (Fil. 4:4-9).

Hierdie nuwe lewenswyse is deel van die genade wat ons van die Here af ontvang, maar ons moet dit ook uit die Woord van die Here aanleer. Dit behoort vir ons 'n groot aansporing te wees om te sien hoe dit in Geesvervulde kinders van die Here se lewens 'n werklikheid is. Ons moet mekaar beslis in hierdie rigting aanmoedig deur die blydschap van die Heilige Gees uit te leef en altyd die regte Bybelse waarhede aan te haal: “Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here” (Kol. 3:16).

Genade vir diensbaarheid

Ons moet as Christene voortdurend uit die genade van die Here put as ons Hom wil behaag en vir Hom wil werk. Hy het ons nie net uit genade gered sodat ons eendag hemel toe kan gaan nie, maar ook om in hierdie verdorwe wêreld as sy getuies op te tree. As jy nie aan hierdie roeping voldoen nie, is jy tevergeefs as 'n dissipel gewerf. Is jy 'n dissipel van Christus wat jouself aangebied het om vir Hom te werk? Paulus sê: “Deur die genade van God is ek wat ek is, en sy genade aan my was nie tevergeefs nie; maar ek het oorvloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is” (1 Kor. 15:10). Paulus is nie net deur genade gered nie, maar die Here se genade tot diensbaarheid is ook ryklik aan Hom geskenk. Hy het nie in homself geroem oor dit wat hy vir die saak van God bereik het nie.

Die Here verwag van elke kind van Hom om in sy genade te groei, sodat ons almal kan meewerk om sy Woord aan die ongeredde wêreld te verkondig. Ons word verkwalik as ons nie geestelik groei nie: “Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei. Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan” (Heb. 5:12–6:1).

Een van die algemeenste redes vir die gebrek aan geestelike groei en diensbaarheid, is sonde en wêreldgesindheid. Daar moenie dinge in ons lewe wees wat ons getuienis beklad nie, want dan kan die Here ons nie gebruik nie: “Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtheid... As iemand homself hiervan deeglik reinig, sal hy 'n voorwerp tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk” (2 Tim. 2:19,21).

Die Heilige Gees rus ons met genadegawes toe om vir die Here te kan werk (1 Kor. 12:4; Rom. 12:6). Wanneer ons onself tot diensbaarheid beskikbaar stel, het ons die verpligting om naas die instaatstellende krag van die Here (Hand. 1:8) ook onself te dissiplineer. Paulus sê: “Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie misken, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie” (1 Kor. 9:27). Daar móét werke uit ons geloof voortvloei. Lei jou geloof na werke, of het jy dalk 'n dooie geloof? Gebruik jy jou talente in die Here se diens, of is dit steeds onbenut? Slegte en lui diensknegte gaan tevergeefs probeer om geldige verskonings vir hulle gebrek aan diensbaarheid vir die Here aan te bied (Matt. 25:24-28; Luk. 19:20-24).

Die Here Jesus het gesê: “Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, terwyl dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie” (Joh. 9:4). Doen jy dit ook? Die nag van God se oordele gaan spoedig oor hierdie sondige wêreld toesak. Dan sal die bedeling van genade verby wees en die tyd van oordeel en afrekening aanbreek: “U toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf” (Op. 11:18). Die Here Jesus sê: “Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Op. 22:12). Ons sal rekenskap van ons lewens moet gee.

Genade onder versoekings en in stryd

Die Here Jesus het self onder versoeking gely, daarom kan Hy dié help wat versoek word (Heb. 2:18). “Ons het nie ‘n Hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde” (Heb. 4:15). Omdat ons swak mense is, skenk die Here aan ons genade om die versoekings te kan oorwin. Hy sal nie toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie, en belowe uitkoms sodat ons dit sal kan verdra (1 Kor. 10:13). Versoekings is nogtans nodig om ons geloof te toets en sterk te maak (Jak. 1:2-15). Ons moet daarteen weerstand bied en dit oorwin. Die Here belowe ook aan ons krag en genade vir die hewige stryd waarin ons teen die Bose gewikkel is (Ef. 6:10-11). Ons is nie nou konings wat saam met die Here regeer nie, maar soldate vir die kruis in ‘n wêreld wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19). Onder hierdie omstandighede is ons soveel te meer van die Here se genade afhanklik, sodat ons in “die teenwoordige bese wêreld” (Gal. 1:4) staande kan bly.

Genade vir alle ander behoeftes

Die Here neem ons hele lewe vir sy rekening, daarom sê Hy dat Hy elke behoefte van ons sal vervul na die rykdom van sy genade (Fil. 4:19; Ef. 2:7). Vir hoeveel van jou behoeftes het jy die Here al vertrou? Vir elke moeilike taak wat ons moet aanpak, moet ons om genade bid, ook wanneer ons versoekings en sonde moet weerstaan of krisisse moet hanteer. Daar is geen situasie waarin ons kan wees, waarvoor die Here se genade nie genoeg is nie.

Wanneer jy siek is en swak voel, is die genade van die Here vir jou genoeg om jou óf te genees óf aan jou krag te gee om jou ten spyte van die beproewing staande te hou en deur te dra. Sy genade is genoeg om jou selfs in uiterste omstandighede te laat triomfeer: “Waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword” (Rom. 5:20).

Dit is belangrik dat ons die algoeagsaamheid van Jesus Christus se

genade sal glo en aanvaar. Daar is geen sonde wat nie deur sy genade vergewe en geen demoniese binding wat nie daardeur verbreek kan word nie. Die Here Jesus het gekom om die werke van die duivel te verbreek (1 Joh. 3:8), daarom is sy genade ook hiervoor genoeg. Vir vergifnis en verlossing van sonde, volkome vryspraak van alle oortredinge, en watter ander geestelike behoefte ook al, is Jesus Christus se genade genoeg: “Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Heb. 4:16). Ons hoef nie deur gebruike soos bevrydingssessies, innerlike genesing, hipnose, sielkundige berading en die breek van beweerde bloedlynvloeke by die Here se genade te probeer aanvul nie, want dan onderskat ons die waarde en verlossingskrag daarvan tot ons eie nadeel. Hy het gekom dat ons lewe en oorvloed kan hê (Joh. 10:10).

Veelvuldige genade

Deur sy genade rus die Here elkeen van ons vir spesiale bedieninge toe: “Namate elkeen ‘n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God” (1 Pet. 4:10). Elke prediker, evangelis en getuie vir Christus moet die veelvuldige genade van die Here verkondig – vir redding, heiligmaking, diensbaarheid, krag om die storms van die lewe te trotseer, oorwinning oor elke versoeking en aanslag van die vyand, asook voorsiening in die daaglikse behoeftes van die heiliges.

Ons moet ook al die struikelblokke identifiseer wat verhoed dat mense die volheid van die Here se genade in hulle lewe ervaar. Wanneer dit uit die weg geruim is, kan ‘n kind van die Here by hernuwing met die nuwe mens bekleed word wat na God geskape is, in ware geregtigheid en heiligheid (Ef. 4:24). Dan sal hy weet en ervaar dat die Here se genade in elke opsig en vir elke behoefte van hom genoeg is. “Hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus” (1 Pet. 1:13).

Die vraag is: hoeveel van die genade van die Here ervaar jy in jou lewe? Ons verkry dit deur die geloof in gebed. Indien ons nie om die Here se genade bid en die beloftes in sy Woord in die geloof toeëien nie, sal ons geestelik arm bly. Jakobus sê: “Julle het nie, omdat julle nie bid nie” (Jak. 4:2). Dit was Daniël se gebruik om drie maal ‘n dag te “bid en voor sy God om genade te smee” (Dan. 6:12). Die Here het hom in al die krisis in sy lewe kragtiglik uitgered en ook gebruik om groot dinge vir sy koninkryk te doen.

Genade en die wet

‘n Wettiese lewe staan direk teenoor ‘n lewe wat deur die genade van Christus volgens die beginsels van sy liefde gelei word. Ons moet dus

duidelik besef dat ons nie onder die wet is nie, maar onder die genade (Rom. 6:14). Die feit dat ons nie onder die wet is nie, beteken nie dat ons wetteloos en ongebonde leef nie, maar dat ons deur die genade van Christus op 'n hoër vlak van toewyding aan God leef. Sy genade leer ons om die sonde en wêreldse begeerlikhede te verloën en ook in ons verborge gedagtes en gesindhede aan die gekruisigde en verrese Here Jesus gelykvormig te word.

Paulus sê: "...die wet is nie gegee vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense, goddeloses en sondaars" (1 Tim. 1:9). Die wet is nie bedoel vir diegene wat reeds hulle sonde erken en vir vergifnis en redding na Christus gekom het nie. Die wet is vir sondaars 'n tugmeester na Christus toe sodat hulle deur die geloof geregverdig kan word (Gal. 3:24). Ná ons redding is ons nie onder die wet nie, maar wandel deur die Gees (Gal. 5:13-26). Die Heilige Gees wortel en grond ons in die liefde van Christus. Hy lei en bekragtig ons ook om volgens die beginsels daarvan te leef. Hy oortuig ons voortdurend van die sondes wat ons moet bely en aflê.

Ons moet die sin van Christus hê (1 Kor. 2:16) en in sy voetstaple volg (1 Joh. 2:6). Hy het die wet volkome vervul, daarom hoef ons nie na uiterlike wetsbepalings terug te keer om ons gedrag daarvolgens te reël nie. Wanneer die liefde van Christus in ons harte uitgestort is, en ons daarvolgens leef, dan het ons die wet vervul (Gal. 5:14). As ek God met my hele hart liefhet, dan het ek nie 'n wet nodig om vir my te sê dat ek geen ander gode voor sy aangesig mag hê nie. As ek my naaste liefhet soos myself, het ek ook al die wette wat my optrede teenoor my naaste bepaal, vervul (Rom. 13:8-10). Die liefde van Christus (nie die wet nie) sal my ook dring om die evangelie aan ander mense te verkondig (1 Kor. 9:16; 2 Kor. 5:14).

Ons is net aan die wet van Christus gebonde, wat die wet van die liefde is (Joh. 13:34; 15:12). Selfs die bepalinge oor die sabbat is in Christus vervul, omdat ons in Hom die rus van die Here betree het. Ons is vry om enige dag van die week 'n spesiale dag van toewyding aan die Here te maak, of selfs al sewe dae! (Rom. 14:5). Ons leef daagliks uit sy genade en hoef nie skaduagtige feesdae te vier wat reeds in Hom vervul is nie (Kol. 2:16-17).

Verval uit die genade

Die Here wil hê dat ons Hom vrywillig moet liefhê, daarom dwing Hy niemand om Hom na te volg nie. Ons behou ons vrye wil ná ons bekering en kan dus steeds sondig, verkeerde besluite neem en só die Heilige Gees bedroef. As gevolg hiervan is daar 'n besliste moontlikheid van veragtering in die genade in plaas van groei in die genade: "Pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie"

(Heb. 12:15).

Behalwe veragtering in die genade, bestaan daar volgens die Bybel ook 'n moontlikheid van verval uit die genade indien ons nie in Christus bly nie. Dit gebeur wanneer mense in valse leerstellings glo of volhardend, teen hulle beterwete en in stryd met die Gees se waarskuwings, in sonde terugval. Waarskuwings hieroor is reeds van Ou Testamentiese tye af aan Israel gerig: “As die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen – sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe” (Eseg. 18:24).

Geloof is ons verbindingskanaal met die Here, en wanneer dit verswak raak of selfs ophou bestaan, verminder of verdwyn genade uit ons lewe. “Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag” (Heb. 11:6). Daar is verskillende waarskuwings teen geloofsverval in die Nuwe Testament. Die volgende is die belangrikstes:

Verval uit Christus se liefde. Daar is individue én selfs gemeentes wat heeltemal uit die liefde van Christus verval. Die plek daarvan word dan deur liefde vir hulle kerk, liefde vir hulle leraar én ander vreemde liefdes ingeneem – ook liefde vir die wêreld (1 Joh. 2:15-17). Die Here Jesus waarsku sulke mense dat indien hulle nie na hul eerste liefde terugkeer nie, Hy hulle kandelaar (‘n simbool van die Heilige Gees) van hulle af sal wegneem: “Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie” (Op. 2:4-5). Die lig van die evangelie kan dus in ‘n persoon se lewe óf in ‘n gemeente uitgedoof raak wanneer geestelike afvalligheid voortduur. Die Bybel sê: “Die Gees van die Here het van Saul gewyk” (1 Sam. 16:14). Hy was deur sy ongehoorsaamheid vir die ernstige verval in sy lewe verantwoordelik, en is nooit daarna geestelik herstel nie. Daar is baie sulke mense vandag wat in die lig van God se koninkryk begin het, maar in geestelike duisternis geëindig het.

Verval uit Christus self. Ons het ‘n opdrag om in Christus te bly (“the abiding life”). Nie almal doen dit nie: “Bly in My, soos Ek in julle... As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur” (Joh. 15:4,6). Wat dan van die waarborg: “My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie” (Joh. 10:27-28)? Daar is ‘n duidelike voorwaarde aan hierdie belofte verbonde: Christus se skape moet aanhou om na sy stem te luis-

ter en Hom te volg. Slegs dan bly hulle in Hom en het die versekering dat geen ander mag hulle uit die Here se hand sal ruk nie – daarom die opdrag: “Bly in My!” Die ewige lewe is net in Christus. As ons nie in Hom bly nie en uit eie beweging van Hom afvallig raak, is dit inderdaad ‘n ewige saligheid wat ons verbeur.

Verval uit die genade. Wanneer gelowiges nie meer die genade van Christus as genoegsaam vir redding en heiligmaking beskou nie, en dit deur wetsnakoming probeer aanvul, verval hulle uit die genade. Paulus het aan geredde Galasiërs wat na die wet begin terugkeer het, gesê: “Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval” (Gal. 5:4). Gelowiges kan deur hulle eie toedoen van Christus losgemaak word. Die volgende belofte is voorwaardelik: “Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing” (Ef. 4:30). Hier word die voorwaarde vir ewige sekerheid saam met die belofte genoem – ons moenie die Heilige Gees bedroef nie. Sommige gelowiges laat egter nie toe dat die Heilige Gees hulle vervul en in die hele waarheid lei nie. Daardeur bedroef en weerstaan hulle Hom. Hoe kan die Gees van God aanhou om ons saligheid te verseël as ons nie meer sy beheer oor ons lewe erken nie? Omdat alle mense ‘n vrye wil het, kán ons verkeerde dinge doen, in verkeerde dinge begin glo en selfs ook van die geloof afvallig raak. Paulus sê vir die Thessalonicense: “Blus die Gees nie uit nie” (1 Thess. 5:19). Die Griekse term in hierdie teks beteken dat ons die Gees nie moet uitdoof, soos ‘n lig wat afgesit of ‘n vuur wat uitgeblus word nie. Ons verhouding met die Heilige Gees is baie sensitief en van ons volle gehoorsaamheid afhanklik. Soos wat ons ‘n gordyn kan toetrek om die sonlig uit ‘n vertrek te weer, kan ons ook deur moedswillige sonde die Gees en sy leiding verwerp. In sulke situasies verval al die waarborge wat ons as Christene gehad het.

Geloofsverval weens misleiding. Mense wat nie in die leer van Christus bly nie (2 Joh. v.9) en in plaas daarvan valse leerstellings aanvaar, verval uit die geloof: “Die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Tim. 4:8). Sulke mense hou nie aan die geloof en ‘n goeie gewete vas nie, maar stoot dit van hulle af weg en “ly aan die geloof skipbreuk” (1 Tim. 1:19). Omdat hulle van die waarheid afgedwaal het, en hulle drogredes ook aan ander verkondig, “keer hulle die geloof van sommige om” (2 Tim. 2:18). Een van hierdie drogredes wat verkondig word, is die verloëning van Jesus deur sy godheid en die betekenis van sy kruisdood te ontken. Petrus waarsku teen die “valse leraars wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en ‘n vinnige verderf oor hulleself bring; en

baie sal hulle verderflikhede navolg” (2 Pet. 2:1-2). In die plek van Bybelse waarhede sal fabels (m.a.w. leuens of menslike teorieë) verkondig word (2 Tim. 4:3-4). Voormalige Christene wat in leuens begin glo, raak tot hulle eie verderf en ondergang van die waarheid van die Woord én ‘n ware geloof afvallig. Hulle het nagelaat om die boodskappe van valse profete in die lig van Bybelse waarhede te toets (1 Joh. 4:1).

Geloofsverval weens sonde. Mense verval nie net weens verkeerde leerstellings uit die geloof nie, maar ook weens sonde. Die gelowige Hebreërs word só gewaarsku: “Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle ‘n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie” (Heb. 3:12-13). Dit het ook met die verlore seun gebeur, maar hy het sy gebroke verhouding met sy vader herstel toe hy met bitter berou oor sy sonde na sy vader teruggegaan het (Luk. 15:18-19). Gedurende die tyd van sy afdwalings was hy verlore en geestelik dood (Luk. 15:32). Christene wat in sonde teruggeval het, kán weer tot bekering kom en geestelik herstel word. Koning Dawid het die erns van die situasie begryp toe hy in sonde geval het, want hy het besef dat die Here sy Heilige Gees van hom kon wegneem indien hy in sy sondes sou volhard. Hy het gebid: “Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde... Delg uit al my ongeregtighede. Skep vir my ‘n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ‘n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie” (Ps. 51:4,11-13).

Geloofsverval weens die aantasting van God se Woord. Die Here self waarsku ons in die laaste paar verse van die Bybel oor vergrype teen sy Woord: “Ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is” (Op. 22:18-19). In die lig van dié uitspraak is dit volkome moontlik dat iemand se naam in ‘n stadium in die boek van die lewe opgeskryf mag wees, maar later weens sy afvalligheid en aanmatigende houding oor die Woord van die Here, uit die boek van die lewe weggeneem kan word. Dit geld sowel diegene wat die Here se Woord in nuwe Bybelvertalings verander, as predikers wat in die verkondiging van die Woord sekere kardinale aspekte daarvan verdraai, weglaat of ontken. Indien ons egter onder die oorwinnaars is wat nie dwaalleerstellings aanvaar, in sonde verval, die Here Jesus of sy Woord verloën of weens ander redes die

spoor byster raak nie, sal ons name altyd in die boek van die lewe opgeskryf bly. Die Here Jesus sê: “Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele” (Op. 3:5). Dit kán egter onder sekere omstandighede gebeur dat name uitgewis word. Aan die getroues wat nie afgedwaal het nie, sê die Here Jesus: “Jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie... Kyk Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie” (Op. 3:8,11). Ons moet aan die gesonde leer vashou en op die regte pad volhard.

Geloofsverval weens selfregverdiging en materialisme. Aan ‘n gemeente van dié aard sê die Here Jesus: “Omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie” (Op. 3:16-17). Christus self onttrek Hom uit kringe waar mense op hulle eie prestasies roem en hulleself salig spreek. Hulle weet nie eers dat die Here nie meer in hulle midde is nie. ‘n Ander gemeente wat aan dieselfde kwaal gely het, is Sardis. Jesus Christus sê: “Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood” (Op. 3:1). Die Amplified Bible sê: “Julle is veronderstel om geestelik lewendig te wees, maar in werklikheid is julle dood.” Hulle geloof het weens geestelike stagnasie weggekwyn omdat dit nie meer na werke van toewyding gelei het nie. Hulle het hulleself egter nog steeds as goeie Christene beskou. Hulle het dalk goed begin, maar nie goed geëindig nie (vgl. Gal. 3:3). Demas was ook ‘n persoon wat goed begin het, maar materialisme en liefde vir die wêreld het na sy geestelike ondergang gelei. Paulus sê: “Demas het my verlaat omdat hy die teenwoordige wêreld liefgekry het” (2 Tim. 4:10). Ons moet goed begryp dat liefde vir God en liefde vir die wêreld nie saam in ons lewe kan bestaan nie, omdat dit botsende beginsels verteenwoordig (1 Joh. 2:15).

Geloofsverval weens ‘n gebrek aan volharding. Paulus sê vir die Hebreërs: “Ons moet die vrymoedigheid en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou... Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou” (Heb. 3:6,14). Vir die Kolossense sê hy ook dat hulle gerond en vas moet bly in die geloof en hulle nie van die hoop van die evangelie laat afbring nie (Kol. 1:23). Paulus het self die aanslae van die duiwel, die sonde en die wêreld op sy eie geloofslawe ervaar. Hy het dikwels ander gelowiges vermaan om nie moedeloos te word en hulleself aan die moeilike geestelike wedloop te onttrek nie. Hy sê vir die Hebreërs: “Nog ‘n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom ont-

trek, het my siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe” (Heb. 10:37-39). Daar is verskeie redes waarom mense soms die stryd gewonne gee of van die pad van die waarheid afdwaal. Paulus het op die regte pad volhard tot die einde toe, en net voor sy dood geskryf: “Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou” (2 Tim. 4:7).

Geloofsverval weens die doelbewuste verwerping van Christus, sy soendood en die Heilige Gees. Hoewel die meeste gelowiges wat uit die genade verval het, weer herstel kan word, is daar diegene wat later vir Jesus as hulle Verlosser belaster en verwerp (m.a.w. weer kruisig) en ook die Heilige Gees belaster. Hulle kan nie weer geestelik herstel word nie (Heb. 6:4-6) omdat hulle die enigste Verlosser en Koning van die koninkryk waaraan hulle in ‘n stadium behoort het, verwerp het. “Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?” (Heb. 10:29). Petrus waarsku ook teen hierdie dwase handeling: “Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste. Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is” (2 Pet. 2:20-21). Dit is ‘n ernstige saak.

Groei in die genade

In plaas van verval uit die genade moet daar by ons ‘n teenoorgestelde proses van groei in genade wees: “Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie. Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” (2 Pet. 3:17-18).

Genade en kennis moet saam ontwikkel en vermeerder. Kennis van die waarheid is nodig as ons geestelik wil groei en ook wil toeneem in die genade. Ons moet egter nie net by kennis berus nie, maar al die beloftes van die Here in die geloof toeëien sodat ons geestelik kan groei en meer volkome in die Here se genade bevestig word. Die Here Jesus is vol van genade en waarheid (Joh. 1:14). Sy woorde moet ryklik in ons woon (Kol. 3:16) sodat genade oorvloedig in ons harte uitgestort kan word. Dit sal ons help om op die regte pad te bly.

Ons moet daadwerklik daarna streef om volmaak en volkome te wees in die ganse wil van God (Kol. 4:12). Dit beteken dat ons volmaak

in die liefde moet wees (1 Joh. 2:5) terwyl ons in die allerheiligste geloof opgebou word (Judas 1:20). Moenie by die eerste beginsels van die evangelie van Christus bly nie, maar gaan na die volmaaktheid voort (Heb. 6:1). Groei op na die volwasse man of vrou in Christus (Ef. 4:13) en leef op na die hoë roeping wat God in sy diens vir jou het (Fil. 3:14-15). Sy genade stel jou in staat om daagliks op die pad na uiteindelijke volmaaktheid vordering te maak.

Genade onbegryplik groot, wat 'n sondaar uit die diepste put optrek en aan hom die lewe skenk; wat goddelike liefde in sy hart uitstort en hom die krag gee om soos Christus te wees; wat hom versterk vir die stryd en toerus om oorvloedig te arbeid vir die Heer; wat die beeld van die Verlosser al hoe meer in hom gestalte laat verkry en deur die regverdige daad van die heiliges aan hom 'n gepaste kleed vir die bruilof van die Lam verleen (Op. 19:7-8). Wandel in die volheid van die Here se genade, want hiertoe is almal van ons geroep.

Wanneer ons die volheid van God se genade deur die versoeningswerk van Jesus Christus en die vervulling met die Heilige Gees deelagtig geword het, bereik ons die doel waarvoor die Drie-enige God ons geskape het. Hy het gesê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis" (Gen. 1:26). Die einddoel van die Here se genade aan ons is dat die beeld van sy Seun in ons gestalte sal aanneem. Christus het ons liefgehad en Homself oorgegee om ons te red en te heilig, sodat ons voor Hom gestel kan word "sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, maar dat ons heilig en sonder gebrek sal wees" (Ef. 5:25-27). Deur die liefde van die God van alle genade kan hierdie verhewe doel van ons bestaan 'n heerlike werklikheid word.

4. Die Gevare van Judaïsering

Daar is 'n baie gevaarlike geestelike beweging onder Christene in verskeie wêrelddele aan die gang, om in sekere opsigte na die Ou Testamentiese wet terug te keer. Hulle doen dit onder die misleidende veronderstelling dat uiterlike wetsnakoming tot die genade van Christus kan toevoeg en dus van hulle beter Christene sal maak. Die teenoorgestelde situasie is eerder waar, omdat hierdie gebruik mense se saligheid in die gedrang kan bring.

'n Objektiewe studie van die wet in die Nuwe Testament, sonder om selektief net sekere gedeeltes aan te haal wat jou vooropgestelde siening ondersteun, toon duidelik aan dat ons in die tyd ná die Here Jesus se kruisiging, opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees, nie meer onder die wet is nie:

- o “Die sonde sal oor julle nie heers nie, want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade” (Rom. 6:14). Ons word nie deur die wet van sonde oortuig nie, maar deur die Heilige Gees wat die genade van Christus aan ons bedien en sý beeld in ons lewens uitwerk. Alles wat met die natuur van Christus in botsing is, is sonde. Die NT lig ons breedvoerig in oor die werke van die vlees (sonde) en die vrug van die Gees wat God se geregtigheid verteenwoordig (vgl. Gal. 5:16-22).
- o “Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo” (Rom. 10:4). Die genadewerk van die Here Jesus, asook die voorbeeld van sy volmaakte lewe (1 Joh. 2:6; 1 Pet. 2:21), roep ons op en stel ons ook in staat om hoër hoogtes in ons geestelike lewe te bereik. Om die Here Jesus in die geloof te volg, lei na 'n meer verhewe vlak van heiligmaking as wat die wet kon doen. Met die oog hierop het Paulus gesê dat sy geregtigheid nie uit die wet is nie, maar deur geloof in Jesus Christus (Fil. 3:9).
- o “As daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterf” (Gal. 2:21). Die wet maak die hele wêreld voor God doemwaardig (Rom. 3:19), omdat niemand dit kan nakom nie en geen mens dus daardeur gered kan word nie. Die wet bring net aan ons die kennis van sonde, maar kan ons nie van die heerskappy van die sonde red nie. Ons kan slegs deur die aanvaarding van Christus se soendood gered word en onself daarna oorgee om deur sy Gees in die hele waarheid gelei te word.

- o “Julle wat geregverdig wil wees deur die wet is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval” (Gal. 5:4). Enige Christen wat die genadewerk van die Here Jesus deur wetsnakoming probeer aanvul – al is dit net deur ‘n wettiese sabbatsonderhouding – sê in werklikheid daardeur dat Christus nie vir hom genoeg is nie en doen daardeur afbreuk aan die kruisevangelie. Ons kan nie tegelyk onder die wet én die genade wees nie!

Die verwysing na wetsonderhouding in Mattheus 5:17-19 was ‘n geldige uitspraak vir daardie tyd, omdat Jesus se versoeningswerk toe nog nie gedoen was nie, en die Heilige Gees ook nog nie uitgestort was om mense van sonde te oortuig nie. Die wet vervul die funksie as ‘n tugmeester na Christus toe omdat net Hý kan red (Gal. 3:24). Die relevansie van die wet as ‘n tugmeester bestaan nog steeds, maar ons kan dit in die tyd ná Christus slegs op ongeredde sondaars van toepassing maak. Paulus sê: “... die wet is nie gegee vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense, goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes” (1 Tim. 1:9).

Proff. Walvoord & Zuck (*The Bible Knowledge Commentary*, bl. 732), sê die volgende oor hierdie teks: “The law is designed to show people their sinfulness. Thus the law is not for one who had already recognized his sin and turned to Christ. That person is no longer under the law but should now walk in the Spirit (Gal. 5:13-26). The law is intended for those who remain unconvinced of their sin.”

“Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder ‘n tugmeester [die wet] nie” (Gal. 3:25). Die enigste wet waaronder ons is, is Christus se Nuwe Testamentiese wet van die liefde: “‘n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê” (Joh. 13:34). As ons God en ons naaste liefhet, het ons die *hele* wet vervul (Matt. 22:37-40; Rom. 13:8-10). Dit sluit ook die bepaling oor die sabbat in, want in Christus betree ons die rus van die Here. Daar is geen probleem daarmee om ‘n rusdag in die week te bepaal (Sondag), en sodoende ‘n baie ou Christelike tradisie te handhaaf en te eerbiedig nie, maar daar is geen wetlike bepalings daaroor in die Bybel nie.

Die liefde van God waarin ons as Christene gewortel en gegrond is (Ef. 3:17) stel ons in staat om geestelik op ‘n hoër vlak as die wet te kan leef. Daar is dus hoegenaamd geen sprake daarvan dat die vryheid van die wet wat ons in Christus het (Gal. 5:1), na ‘n losbandige lewe kan lei nie. Ons het ‘n duidelike opdrag tot heiligmaking, en ook ‘n hoë roeping van God in Christus Jesus. ‘n Terugkeer na die wet sal ons in geen opsig help om ‘n hoër vlak van heiligheid te bereik nie.

Waarom wil so baie mense vandag na die swak en armoedige beginsels van die wet terugkeer deur weer dae, maande, tye en jare

waar te neem? (Gal. 4:9-10). Hierdie gebruike verwys na sabbatte, nuwe mane, sabbatsjare en ander OT feeste. Dit is ondenkbaar dat gelowiges groter aanvaarding by God soek deur na die skaduwees van die wet terug te keer nadat hulle die volle vervulling van God se genade-werk deur Jesus Christus in die NT ontvang het. Is Christus, die Heilige Gees, en God se liefde nie vir hulle genoeg nie? Wil hulle dit deur die wet aanvul en sodoende afbreuk aan die genade doen? Laat dit ver van ons af wees om in hierdie dwaling te verval.

Hebreeuse wortels of Christelike wortels?

Die Hebreeuse Wortels-beweging (Eng. *Hebrew Roots Movement*) is een van verskeie bewegings wat hulle beywer om die wortels van ons geloof in Israel se taal, kultuur en godsdienstige gebruike na te speur. Hulle gebruik die beeld van die olyfboom in Romeine 11 as Bybelse regverdiging vir hulle beweging. Die olyfboom word as Israel gesien, en die inenting van die wilde olyftakke as die redding van nie-Jode wat dan deel van 'n "geestelike Israel" word. Christene uit die nie-Joodse wêreld moet dan geestelik gestig en gevoed word deur die sap wat uit die stam en wortels van die olyfboom (Israel) aan hulle gebied word.

In die proses ontwikkel baie van dié gelowiges 'n sterk Joodse oriëntasie, noem hulleself geestelike Jode of Israëliete, en begin daarna om Joodse feeste en sabbatte te onderhou. Hulle toon ook 'n voorliefde om Hebreeuse name en terme te gebruik – veral die Hebreeuse name van God en van Christus. Uiteindelik reduceer hulle hulself tot weinig meer as 'n Christelike sekte van Judaïsme, wat tegelyk onder die wet én die genade probeer leef.

Gelowiges wat meen dat hulle in die volk Israel geënt is, sê daardeur dat hulle in 'n volk ingeënt is wat die afgelope byna 2000 jaar in verstrooiing was weens die verwerping van die Messias as gevolg van ongeloof en onkunde oor Messiaanse profesieë in die OT. Noudat hierdie volk wat steeds in ongeloof is, in hulle land herstel word en feeste (insluitende sabbatte) vier waarin die Here Jesus nou nog as Messias van Israel verloën word, doen baie Christene hierin met hulle mee!

Die Hebreeuse Wortels-beweging mislei hulleself deur die stelling dat die hele olyfboom op Israel dui. In werklikheid dui net die takke van die boom op Israel, en dit is juis hierdie takke wat weens ongeloof afgekap is. Ons is nie in die afgekapte takke van die boom ingeënt nie, maar in die stam. Die stam en die wortels van die olyfboom dui geestelik op die Messias. Hy word as die "saad van Abraham" beskryf, wat die biologiese stamvader van Israel is:

"En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word. Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham ... Christus

het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word ... sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang ... Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus" (Gal. 3:8-16).

Die geestelike seën wat ons verkry, is nie uit die Joodse volk nie, maar uit die saad van Abraham, naamlik Christus. Hy is "die wortel en die geslag van Dawid" (Op. 22:16), m.a.w. die oorsprong en Koning van Israel wat ook gekom het om die lig en redding van die hele wêreld te wees (Hand. 13:47). 'n Soortgelyke beeldspraak van die stam en wortel wat op Jesus dui, met die gelowiges as die takke wat vrugte moet dra, word in Johannes 15 aangetref: "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug" (Joh. 15:5). Die lote word skoon-gemaak sodat hulle meer vrug kan dra. Heiligmaking moet nagestreef word, asook 'n onafgebroke verhouding met die Here Jesus: "Bly in My, soos Ek in julle" (Joh. 15:4). Ons moet dus nie meer Joods, meer Ou Testamenties of meer wetties raak nie, maar meer Christelik, meer Nuwe Testamenties, en meer Geesvervuld.

Die OT is wél belangrik om ons geestelik te stig en oor die ontplooiing van God se raadsplan met die mense ingelig te word. Dit bevat ook talle profesieë oor die eerste én tweede koms van die Messias, asook dit wat ná die wederkoms van Christus gaan gebeur – veral gedurende die duisendjarige vrederyk wanneer die geredde Israel tydens die Messias se koninkryk in hulle land sal woon en vir die hele wêreld 'n seën sal wees. Die NT is die vervulling van OT beloftes – dit is die substansie van OT "skaduwees" (Kol. 2:16-17). Dit sou dwaas wees om na die skaduwees van die wet en die profete terug te keer nadat ons die heerlike vervulling daarvan in die Here Jesus, asook in die uitstorting van die Heilige Gees, verkry het. Dit is nie ons taak om soos Israel te probeer word nie, maar om geestelik verblinde Israeli's aan die Messias voor te stel! Gebruik OT profesieë om hulle te oortuig dat Jesus van Nasaret inderdaad die Messias en Verlosser van die wêreld is.

Hebreeuse name

'n Inherente deel van die Judaïsering van die Christendom is die gebruik van Hebreeuse name vir God en die Here Jesus. Dit staan as die *Sacred Name*-beweging bekend wat grootliks op onkunde en valse aannames gebaseer is. Sommige van hulle gaan selfs so ver as om te beweer dat die Griekse name vir God – waarvan ook die name in ander tale afgelei is – almal op afgode dui. Daar word bv. beweer dat *Jesus* van *Je-Zeus* afgelei is, wat *Seun van Zeus* beteken ('n bekende afgod in die Griekse mitologie). Om duidelikheid oor dié omstrede saak te kry, sal ons terme uit verskillende tale in Bybelse tye moet ondersoek.

Tydens die Assiriese en latere Babiloniese ballingskap van Israel, en ook daarna, het die meeste Jode verleer om Hebreeus te praat. Hulle het Aramees en Grieks aangeleer en as omgangstale gebruik. Aramees was 'n omgangstaal wat in die hele Midde-Ooste deur baie volke gepraat is. Dit was 'n mengsel tussen Sirië en Hebreeus. "Aram" is die Bybelse naam vir Sirië. In die tyd van Jesus was Aramees ook die omgangstaal in Israel. Jesus en sy dissipels het 'n Galilese dialek van Aramees gepraat. Die kennis van Hebreeus was beperk tot geleerde Jode, bv. die rabbi's en skrifgeleerdes.

Daar is na Jesus Christus in Aramees as *Eashoa Msheekha* verwys, in Hebreeus as *Yashua* (of *Yeshua*) *Ha Mashiach*, en in Grieks as *Iesous Christos* (*Iesous* met die ongeaspireerde "i" word as *Yesous* uitgespreek). Al die boeke van die Nuwe Testament is oorspronklik deur die inspirasie van die Heilige Gees in Grieks ingegee (vgl. 2 Tim. 3:16; 2 Pet. 1:21), en daarin word na God as *Theos*, Here as *Kurios*, en Jesus Christus as *Iesous Christos* verwys. Dit is lasterlik om te beweer dat dit name van afgode uit heidense kulture is. Die Griekse name vir God (*Theos* en *Kurios*) was toe al vir meer as twee eeue lank gevestig en ook in Israel algemeen in gebruik. Dit was nooit omstrede nie.

Die naamwoorde *God* of *gode* kan egter as generiese terme ook na afgode verwys, ahangende van die konteks waarin dit gebruik word. So bv. word die duiwel as die god (*theos*) van hierdie wêreld beskryf (2 Kor. 4:4). Dieselfde reël geld ook in Hebreeus, waar *Elohim* na sowel God as afgode kan verwys. In Exodus 20:2-3 staan daar: "Ek is die Here (*Yahweh*) jou God (*Elohim*) ... jy mag geen ander gode (*elohim*) voor my aangesig hê nie." Beide die Griekse en Hebreeuse eiename én naamwoorde is oorspronklik deur die Heilige Gees gebruik toe Hy die Bybelskrywers geïnspireer het, en dit is foutief om te beweer dat die Griekse name swak vertalings van die Hebreeuse name is.

In die tyd van Jesus was Aramees die algemene omgangstaal in Israel. Die stelling in Handeling 21:40 dat Paulus die volk in Hebreeus toegesprek het, behoort meer korrek vertaal te word as "in 'n Hebreeuse dialek" – in dié geval Aramees. Die *Amplified Bible* en *Modern King James Version* sê: "... he spoke to them in the Hebrew dialect." Die *NIV* vertaal dit só: "...he said to them in Aramaic". Proff. Walvoord & Zuck (*ibid*, bl. 417) sê: "When Paul was granted permission to speak to the mob, he addressed them in Aramaic, the common language of Palestinian Jews, used throughout the Middle East at that time."

Septuagint

Die Septuagint is 'n Griekse vertaling van die Ou Testament, wat in die 3^{de} eeu voor Christus vir gebruik deur Griekssprekende Jode in Alexandrië, Egipte, opgestel is. Dit is baie algemeen deur Hellenistiese Jode gebruik, wat oral in die Griekse ryk verspreid geraak en gaandeweg

verleer het om Hebreeus te praat. Hierdie geskrif het ook aan nie-Jode insae in Israel se geskiedenis, kultuur en godsdienstige ontwikkeling gegee. *Septuaginta* is die Latyns vir 70 en verwys na 70 Joodse geleerdes wat die vertaling gedoen het, daarom word dit ook as LXX afgekort. Sommige bronne beweer dat daar 72 vertalers was – ses uit elk van die 12 stamme van Israel.

In aansluiting hierby is alle boeke van die Nuwe Testament aanvanklik in Grieks geskryf. Dit is waarom ons op verskeie plekke die woorde vind: “as dit vertaal word...” (kyk Matt. 1:23; Mark. 5:41; 15:22; 15:34; Joh. 1:39; 1:42; Hand. 4:36; 9:36). Dit dui op sekere Aramese en Hebreeuse woorde wat in Grieks vertaal is. Die skrywers het meesal uit die Septuagint aangehaal en met enkele uitsonderings uit die Hebreeus en Aramees. Daar is ruim bewyse in die evangelies dat aanhalings uit die Septuagint gedoen is, en nie uit die Hebreeuse teks van die OT nie.

Hebreeuse teks toon geen vokale aan nie en is eers baie later gevokaliseer. Dit is onder andere waarom die sg. “Bybelkodes” nie kan werk nie. Aramese woorde word ook in die NT gevind, soos *Fariseër* en *Abba*. Skrywers het uit die Griekse Septuagint aangehaal, want dit was die voertaal tydens die skryf van die NT.

Daar is algemene konsensus onder kenners van die oorspronklike tale dat skrywers van die NT hoofsaaklik uit die Septuagint aangehaal het. Die OT gedeeltes waaruit Romeine 3:13-18 en Hebreërs 1:6 aanhaal, verskyn nie eers in die Hebreeuse tekste nie, maar het alleenlik in die Septuagint behoue gebly. Proff. Walvoord & Zuck (*ibid.* bl. 782) sê onder andere die volgende oor Heb. 1:6: “The reference is to the Second Advent when the kingly prerogatives of the Son will be recognized with open angelic worship (cf. Ps. 97:7 where the LXX rendering ‘angels’ correctly renders the text).”

In die lig van hierdie feite is dit onmoontlik dat die Godsdnaam net in Hebreeus gebruik behoort te word. Niemand weet in elk geval presies hoe die Godsdnaam in Hebreeus uitgespreek word nie. Die Tetragram (vierletterwoord, YHWH), kan in gevokaliseerde vorm op baie verskillende maniere uitgespreek word, o.a. Yahweh, Yehowah, Yahwuh en Yahuweh. Daar is ook nie eenstemmigheid oor hoe Jesus se Naam in Hebreeus uitgespreek word nie – Yeshua, Yahshua of Yahushua.

Gevolgtrekking

Ons staan teologies op veilige grond wanneer ons die name God, Here en Jesus Christus gebruik, wat op die Griekse vorms daarvan gebaseer is. Die Hebraïsering van name en godsdienstige terme lei meesal na 'n teologiese oriëntasie waarin aspekte van die OT wet en verbonde met Israel ten koste van die algenoegsaamheid van Christus se genadewerk in die NT beklemtoon word. Wanneer die kerk homself as *Israel* sien, word daar teologiese ruimte vir dwalings van hierdie aard geskep.

5. Die Joodse Sabbat of die Christelike Sondag?

Daar is 'n groeiende beweging onder sekere Christene – selfs Evangeliese gelowiges – om na die Ou Testamentiese wet terug te keer, insluitende die wet op sabbatsonderhouding. Hierdie beweging laat baie vrae oor die sg. ‘universele toepaslikheid’ van die sabbat ontstaan. Die basiese vraag is: “Hoe moet die Ou Testamentiese sabbat (sewende dag van die week) en die Nuwe Testamentiese opstandingsdag van Christus (eerste dag van die week) van mekaar onderskei word?” Baie mense is steeds nie van hierdie onderskeid seker nie en, onder die beïnvloeding van Sewendedag-Adventiste, beweer hulle selfs dat Sondag-byeenkomste onbybels is en eers eeue later deur Konstantyn of die Rooms-Katolieke Kerk ingestel is. Wat is die werklike feite?

Daar is ook ander oorwegings vir sabbatsonderhouding: ‘n Paar jaar gelede het daar onder sekere groepe Christene ‘n beweging, die *Hebrew Roots Movement*, ontstaan, wat sterk daarop ingestel is om op die seremoniële terrein nouer bande met Israel aan te knoop. Hulle koester die ideaal om die Joodse wortels van die Christelike geloof in die volk Israel en hulle Ou Testamentiese wette en feesdae te soek. In die proses word gelykvormigheid aan Israel en hulle godsdienstige tradisies die hoofdoel vir geestelike ontwikkeling, en nie meer in die eerste plek gelykvormigheid aan die Here Jesus en sy leerstellings soos in die Nuwe Testament vervat nie.

Die gevolg van hierdie nuwe oriëntasie is Judaïstiese hervormings waarin sommige van Israel se seremoniële wette onderhou word, insluitende die sabbatsviering op die sewende dag – dit strek van Vrydag-aand af tot Saterdag-aand. Sommige van hierdie nie-Joodse Christene beskou hulleself later as Jode en begin dan ook om net die Hebreeuse name vir God en Christus te gebruik. Die tragedie is dat hulle hulself onder die wet plaas.

In hierdie hoofstuk sal ons kyk of daar in die Bybel hoegenaamd ‘n verpligting met betrekking tot die wet, insluitende die sabbatswet, op Christene gelê kan word.

Betekenis van die sabbat

Die Here het ná sy skeppingswerk op die sewende dag gerus en dié dag geheilig (Gen. 2:2-3). Op grond hiervan is Israel beveel om op die sewende dag te rus en geen beroepswerk te doen nie (Ex. 20:8-11).

In Levitikus 23, waar die godsdienstige feesdae van Israel ingestel word, word die sabbat eerste genoem, en word dit benewens die aspek

van rus ook as 'n heilige vierdag gekwalifiseer, m.a.w. 'n dag van geestelike toewyding aan die Here (Lev. 23:2-3). Wat die offers betref, was dit 'n dag van dubbele toewyding aan die Here. In plaas van een lam moes twee lammers geoffer word, met 'n ooreenstemmende vermeerdering van die fynmeel (Num. 28:9-10). Op die sabbat moes die Here dus meer as op ander dae gedien en aanbid word. Dit was die dag waarop vars toonbrode in die tempel geplaas moes word (Lev. 24: 5-9), en al die stamme was hierin verteenwoordig.

Daar was ook 'n derde, spesifiek Joodse rede vir die sabbat, en dit was 'n teken tussen die Here en Israel. Die onderhouding van die sabbat moes die volk se aandag op die uittog uit Egipte vestig (Deut. 5:15). Dié teken moes hulle daaraan herinner dat die Here hulle verlos, heilig en afsonder vir sy diens (Eseg. 20:12). Ná die Babiloniese ballingskap het die viering van die sabbat onder Jode ontaard en het veral die Fariseërs verskeie nuwe bepalings bygevoeg oor wat nie op hierdie dag gedoen mag word nie. Oor hierdie leerstuk van hulle het Jesus dikwels met hulle in botsing gekom (vgl. Matt. 12:1-8).

Nuwe Testamentiese dag van die Here

Die weeklikse dag van rus en geestelike toewyding sou in die Here Jesus 'n nuwe, dieper betekenis kry en as sy opstandingsdag gevier word. Twee vrae moet egter hieroor beantwoord word: (1) Waarom is die Nuwe Testamentiese dag van die Here die dag ná die Ou Testamentiese sabbat?, en (2) Gee die Ou Testament enige aanduiding van só 'n *dag ná die sabbat* wat in 'n toekomstige bedeling van groot belang sou wees? Op hierdie twee vrae is daar duidelike antwoorde in die bepaling van Israel se feeste in Levitikus 23.

Eerstens is daar die groot klem op sowel die dieper betekenis van die fees van die eerste vrugte as die besondere dag waarop dit gevier moes word: “Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring. En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, **sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die Sabbat moet die priester dit beweeg**” (Lev. 23:10-11).

In die lentemaand toe Jesus gekruisig is, is die beweegoffer van die eerstelingsgerf op 'n Sondagmôre gebring – die dag toe Jesus uit die graf opgestaan het: “Hy [het] opgestaan, vroeg op die eerste dag van die week” (Mark. 16:9). Die koringkorrel wat in die grond geval en gesterf het (die dood en begrafnis van Jesus), het op die Sondagoggend toe Jesus uit die graf opgestaan het, sy eerste vrug opgelewer. Dit het die oesseisoen ingelui en die hele oes wat daarna ingesamel sou word, geheilig. Verder het dit ook die oorgang van die ou verbond na die nuwe aangedui. Dit is waarom dit op 'n Sondag moes gebeur,

die eerste dag van die week en simbolies ook die begin van 'n nuwe bedeling. Dit is waarom die viering van die spesiale dag van rus en toewyding aan die Here in die nuwe genade-bedeling van die sewende na die eerste dag van die week verander het.

Op grond van die volbragte heilswerk van die Messias kan ons elke Sondag opstandingsdag vier. Ons het deur Hom tot 'n nuwe verbond met God toegetree waarin ons deelgenote in die opstandingslewe van die Here Jesus is: "As Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof... Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het" (1 Kor. 15:14,20).

In die lig hiervan staan die groot betekenis van opstandingsdag in die Nuwe Testament onteenseglik vas. Net so ook die duidelike uitspraak oor die dag waarop dit sou plaasvind, nl. **die dag ná die sabbat**. Profeties is dit dus bepaal dat Jesus op die eerste dag van die week (dit is 'n Sondag) uit die dood sou opstaan, en dat Hy op dié dag die volk vir God welgevallig sou maak.

Benewens die *dag van voorbereiding* en die *sabbat* (Vrydag en Saterdag) het Israel in Bybelse tye nie name vir die ander dae van die week gehad nie. Hulle het bloot na die eerste of tweede dag van die week verwys, en so ook die daaropvolgende dae. Die dag ná die sabbat word soms die agtste dag genoem. Agt is die getal van nuwe dinge in die Bybel, omdat die agtste dag ook die eerste dag van 'n nuwe week is. In 'n breër verband verwys dit na die eerste dag van 'n nuwe bedeling in die raadsplan van God.

Die vervulling van die pinksterfees, toe die kerk van Jesus Christus sy formele beslag gekry het, was ook vir 'n Sondag bestem: "Dan moet julle tel van die dag ná die sabbat, van die dag af as julle die beweeg-offergerf bring – sewe volle weke moet dit wees; **tot die dag ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel**; dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan die HERE bring" (Lev. 23:15-16). Die vervulling van hierdie Ou Testamentiese fees, ook op 'n Sondag, was die dag toe die Heilige Gees uitgestort is (Hand. 2).

Die fees van die eerste vrugte is dus op die eerste dag ('n Sondag) deur die beweegoffer van die eerstelingsgerf ingelui, en 50 dae later (weer op 'n Sondag) deur die pinksterfees afgesluit. Die term *Pinksterfees* beteken letterlik *Die Fees van die Vyftigste Dag*.

Ons weet vir seker dat Jesus op 'n Sondag uit die graf opgestaan het, en daardeur die eersteling geword het van dié wat uit die dode opgestaan het (Matt. 28:1; Joh. 20:1). Daarna het 40 dae tot met sy hemelvaart verloop (Hand. 1:3), en nog tien dae waarin die dissipels op die uitstorting van die Heilige Gees gewag het. Op die vyftigste dag, wat presies met die Ou Testamentiese pinksterfees saamgeval het, is

die Heilige Gees uitgestort (Hand. 2:1-3). Op daardie Sondagoggend het die bedeling van die kerk begin.

Kan u sien dat dit slegs deur God se beskikking is dat die belangrike heilsgebeure tussen Christus se opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees op Sondae plaasgevind het? Die eerste twee geleenthede waarop Christus sy dissipels ná sy opstanding as 'n groep ontmoet en tot hulle gespreek het, was op Sondae. Dit dui onteenseglik op die prominensie wat Sondag-aanbidding in die nuwe dispensasie sou inneem wat pas begin het. Neem die volgende basiese feite oor die historiese én geestelike betekenis van hierdie dag in ag:

Opstandingsdag. Jesus het op 'n Sondag sy oorwinning oor die graf en die dood gedemonstreer: “En op die eerste dag van die week kom Maria Magdalena vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was” (Joh. 20:1).

Die eerste Christelike byeenkomste waartydens Jesus ná sy opstanding boodskappe aan sy dissipels gebring het, was op Sondae: “En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle! En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy. En die dissipels was bly toe hulle die Here sien. Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees... En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle!” (Joh. 20:19-22,26). Die uitdrukking “agt dae daarna” is volgens die Jode se inklusiewe tydsberekening presies 'n week, omdat altwee Sondae getel word.

Uitstorting van die Gees. “En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het... En hulle is almal vervul met die Heilige Gees” (Hand. 2:1-4). Volgens Levitikus 23:16 is die pinksterfees sedert sy ontstaan net op die eerste dag van die week gevier – die dag ná die sabbat.

Teen die agtergrond van hierdie gebeure is dit te begrype waarom die dissipels en al die lede van die vroeë Christelike kerk spontaan op Sondae byeengekom het om in gemeenteverband die Here te aanbid, Nagmaal te vier en bydraes vir die werk van die Here te gee: “En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegesprek, omdat hy die volgende dag sou vertrek, en hy het sy rede gerek tot middernag toe” (Hand. 20:7).

Proff. Walvoord & Zuck (*The Bible Knowledge Commentary*, bl. 412-413) lewer die volgende kommentaar oor Handeling 20:7: “Dit is die duidelikste teks in die Nuwe Testament wat daarop dui dat Sondag die normale dag vir byeenkomste in die vroeë kerk was. Paulus het vir sewe dae in Troas gebly (v.6) en die kerk het op die eerste dag van die week byeengekom. Lukas se metode om dae te tel was hier nie Joods waarin dae van sonder tot sonder bereken word nie, maar Romeins, waarin dae van middernag tot middernag getel word. Dit kan met groot sekerheid gekonstateer word omdat *dagbreek* (v.11) *die volgende dag* was (v.7). Die gemeente het waarskynlik in die aande bymekaargekom omdat die meeste mense in die dag gewerk het. Omdat Paulus hulle moontlik vir die laaste keer sou verlaat, het hy sy rede tot middernag uitgerek.”

Dit was van die vroegste tye af ook gebruiklik om tydens die dienste op Sondae bydraes vir die werk van die Here op te neem: “Wat die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie” (1 Kor. 16:1-2).

Omdat ons nie onder die wet is nie, word bydraes deur kerkklidmate nie as “tiendes” beskryf nie. Walvoord & Zuck (*ibid.*, bl. 546) sê die volgende oor 1 Kor. 16:1-2: “Die gee van bydraes behoort ‘n sistematiese, weeklikse aktiwiteit te wees op Sondae wanneer die gemeente byeenkom. Die bedrag wat gegee word, behoort in ooreenstemming met ‘n persoon se inkomste te wees.”

‘n Spesiale dag van toewyding

Daar is ook ‘n ander aanduiding in die Ou Testament van ‘n besondere dag wat die Here tot die eer van sy Naam sou maak. Dit staan in verband met die koms van die Messias, en hoewel Hy deur sy eie volk verwerp sou word, sou Hy die opstanding en lewe vir miljoene mense op aarde word: “Die steen wat die bouers verwerp het, het ‘n hoeksteen geword. Dit het van die HERE gekom; dit is wonderbaar in ons oë. Dit is die dag wat die HERE gemaak het; laat ons daarvoor juig en bly wees” (Ps. 118:22-24). Petrus bevestig in Handeling 4:10-11 dat Jesus Christus wat gekruisig en uit die dode opgewek is, die steen is wat deur die Joodse leiers verag is, maar ‘n hoeksteen in God se koninkryk geword het. Sy opstanding word elke Sondag as die dag van die Here gevier. Dit is die dag waaroor ons as Christene moet juig en bly wees: Hy het opgestaan – Hy leef!

In die verslae oor die vroeë Christelike kerk is daar oorfloedige getuïenis dat Christene nog altyd, sedert die begin van die kerkbedeling, die dag van die Here op Sondae gevier het. Hulle het dit *die Here se heilige dag* genoem en op dié dag bymekaargekom om die Woord te

verkondig, uit apostels se geskrifte wat beskikbaar was, te lees, geestelike liedere te sing, getuienisse van geredde persone aan te hoor, te bid en die Nagmaal te vier.

Dr. David King (*The Imperial Bible Dictionary*, bl. 112-113) sê: “Die groot aanspraak van hierdie dag op godsdienstige eerbied is dat Christus hierop uit die dood opgestaan het. Sy opstanding was ‘n gebeurtenis met betekenisvolle en blye gevolge. Dit het sy vernedering beëindig en die aanvaarding van sy offer deur die Vader gedemonstreer. Dit was die bekragtiging van sy titel as Middelaar en het die redding van sy volgelinge verseker. Om die aanspraak van hierdie dag se voorkeursposisie nóg duideliker te begryp, moet Christus se posisie op die eerste dag vergelyk word met dié op die voorafgaande sewende dag. Op die Joodse sabbat was Hy in die graf, en op die eerste dag het Hy die bande van die dood verbreek: ‘Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word’ (Hand. 2:24).”

Die vroeë kerkvaders bevestig almal die feit van Sondag-aanbidding as ‘n algemene instelling. Ignatius, die biskop van Antiochië, het in 110 n.C. geskryf: “Diegene onder ons wat die nuwe hoop verkry het, onderhou nie meer die sabbat nie maar die dag van die Here waarop ons in Hom opgestaan het, sodat ons as dissipels van Jesus Christus geken kan word.” Justinus die Martelaar (100 – 165 n.C.), ‘n dissipel van Johannes, het geskryf: “Op Sondae het almal in die stede en op die platteland op een plek saamgekom waar die verslae van die apostels en die geskrifte van die profete gelees is... Sondag is die dag van ons algemene byeenkomste, omdat dit die eerste dag is waarop God uit die duisternis lig geskep en die aarde gemaak het. Jesus Christus, ons Verlosser, het op dieselfde dag uit die dode opgestaan.” Irenaeus het in omtrent 178 n.C. gesê dat die opstanding van die Here Jesus net op die dag van die Here (die eerste dag van die week) gevier kan word. Cyprianus, biskop van Karthage (200-258), het gesê dat die dag van die Here sowel die eerste as die agtste dag is. Die agtste dag is die eerste dag van ‘n nuwe week.

Petrus, biskop van Alexandrië, het in omtrent 300 n.C. gesê: “Ons onderhou die dag van die Here as ‘n dag van blydschap omdat Hy op hierdie dag opgestaan het.” Die kerkvader Eusébius het in omtrent 315 n.C. gesê: “Kerke oral in die wêreld het, van apostoliese tye af tot nou toe, ons vastyd op die opstandingsdag van ons Here beëindig... Op byeenkomste is oor ‘n kerklike reël besluit dat die Here se opstanding net op die dag van die Here (Sondag) gevier moet word.” Hierdie tradisie het reeds op die opstandingsdag van Jesus begin en word vandag nog eerbiedig. Dit het hoegenaamd nie in later eeue eers op ‘n bedenklike wyse ontstaan nie.

Die Judaïsering van gelowiges

Handelinge 15 doen verslag van 'n kerkvergadering in Jerusalem waar die vraag deur prominente apostels bespreek is of gelowiges uit die nie-Joodse volke aan die eise van Judaïseerders moes voldoen. Sekere misleiers het rondgegaan en beweer dat alle gelowiges besny behoort te word en die wet van Moses moes onderhou om gered te kon word. Dit beteken dat die onderhou van die ganse wet, insluitende die sabbat, as die grondslag vir regverdigmaking verkondig is – nie slegs geloof in die soendood en opstanding van Jesus Christus nie (vgl. Gal. 5:3-4).

Op die raadsvergadering van die vroeë kerk in Jerusalem is daar egter tot die gevolgtrekking gekom dat gelowiges uit Israel én die nasies almal op dieselfde manier gered word, naamlik deur geloof in die Here Jesus en nie deur die werke van die wet nie (Hand. 15:7-11). Gelowiges uit die nie-Joodse nasies was nie aan die wet onderworpe nie en moes net versoek word om hulle te “onthou van die dinge wat deur die afgode besoodel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed” (Hand. 15:20). Dit is morele beginsels wat ook deel van Christelike moraliteit vorm.

Hierdie basiese morele beginsels is aan die jong Christelike gemeentes gegee, maar glad nie die Ou Testamentiese wet nie. Die belangrike saak waaroor dit in hierdie leerstellige uitspraak gegaan het, is dat beide Jode én nie-Jode die Heilige Gees ontvang het om hulle van sonde te oortuig, te wederbaar, krag vir die stryd teen boosheid te gee, en om hulle in die hele waarheid te lei: “En God wat die harte ken, het vir hulle getuienis gegee deur aan hulle die Heilige Gees te skenk net soos aan ons” (Hand. 15:8). In die nuwe verbond word mense se lewens nie deur die wet beoordeel wat hulle veronderstel is om te onderhou nie, maar hulle word deur die Heilige Gees van sonde oortuig. Hulle kry vergifnis van sonde deur geloof in Jesus Christus wat gesterf het om versoening vir hulle sonde te doen. Die Here Jesus verwag van ons om getrou aan Hom te bly, deur die Gees te wandel en Hom nie te bedroef nie, en om geestelik na die volwasse man of vrou in Christus op te groei (Ef. 4:13-14,30). Hy het nooit aan sy dissipels opdrag gegee om die onderhou van die Ou Testamentiese wet tot 'n Christelike deug te verhef nie. Hy verwag ook nie van ons vandag om werke van die wet, soos die besnydenis en sabbatsonderhouding, na te streef nie.

Skaduwee en werklikheid

Die sabbatte, feeste en offers van die Ou Testament, asook die sabbatsjaar elke sewende jaar (Lev. 25:3-4), was almal skaduagtige heenwysings na die nuwe bedeling wat met die koms van die Messias sou aanbreek. In Hom sou hulle konkrete vervulling verkry, want Hy is die “liggaam” of substansie daarvan. In die Messias gaan ons die rus

van die Here in, omdat Hy die hele wet vervul het. “Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot ‘n fees of ‘n nuwemaan of sabbat nie, wat ‘n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus” (Kol. 2:16-17). Ons is nie meer onder die verpligting van wette oor kos, feeste en sabbatte nie, wat almal net skaduwees was van die Messiaanse bedeling wat lankal reeds aangebreek het.

Ons moet ons vreugde, blydskap en geestelike vervulling in die Here Jesus vind en sy opstanding as die spesiale dag van die Here vier, sonder om dit deur wetlike bepalings te verswaar. Hy het aan ons net een wet gegee en dit is die wet van die liefde – liefde teenoor God en liefde teenoor ons naaste. “Want dit: jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie... en watter ander gebod ook al word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself... daarom is die liefde die vervulling van die wet” (Rom. 13:9-10). Die sabbatswet is ook vervul wanneer ek God deur Jesus Christus liefhet. Ek het my rus in Hom gevind en Hy het my van sonde én die wet vrygemaak.

Die liefde is die *vervulling* van die hele wet – dit sluit seremoniële sowel as morele wette in. Die woord “vervul” beteken volgens die Strong’s Konkordansie: “die beëindiging van ‘n tydperk of taak, voleindig, afhandel of afsluit.” Die wet is nie in Christus ontbind nie, maar vervul. Deur die wedergeboorte en vervulling met die Heilige Gees word die liefde van God in ons harte uitgestort en die beginsels van sy wet van liefde op die tafels van ons harte geskrywe. Die uitnemende invloed van God se genade deur Jesus Christus is oneindig meer verhewe in die lewe van ‘n gelowige as die morele verpligtings en vrees vir straf wat deur die wet ingeskerp word. Deur die reiniging met Christus se bloed en die instaatstellende krag van die Heilige Gees lei ons ‘n lewe waarin die beeld van God in alle aspekte van ons lewe uitgewerk word. Dit is die opstandingslewe van Jesus Christus, waaraan ons gelykvoornig moet word (Rom. 6:5; Fil. 3:10).

In hierdie nuwe lewe moet ons van oorwinning tot oorwinning gaan. Ons moet vasstaan in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en onself nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie – ook nie diensbaarheid aan skaduagtige wette en sabbatte wat nie eers naby aan die heerlikheid kom wat in die nuwe bedeling aan ons geopenbaar is nie (Gal. 5:1).

Eindtydse kompromie

Die gees van Judaïsering het ná Israel se herstel as ‘n moderne staat weer begin opleef. Die Internasionale Christenambassade in Jerusalem het ‘n musikale opvoering, “The Covenant,” in Hebreeus én Engels bekend gestel. Een van die reaksies van ‘n Jood wat diep hierdeur geraak

is, was: “As Christene dan so baie van die Joodse tradisies weet, behoort hulle te begin om die sabbat met groter eerbied te vier.”

Dit sou jammer wees indien net die Jode se ortodokse sentimente deur hierdie opvoering versterk is, want dan beteken dit dat die boodskap van Jesus as die Messias van Israel én die nasies verswyg is. Indien ons nie daarin slaag om Jode oor te haal om saam met ons die Messias te dien en sy opstanding uit die dode te vier nie, het ons geestelik niks bereik nie. Om saam met Jode aan feesdae deel te neem waarop die Messias nie uitdruklik erken, geëer en gedien word nie, kom op kompromie en selfs die openlike verloëning van die Messias neer.

Ons sal bereid moet wees om buitekant die laer van Judaïsme te gaan en die smaad van die Here Jesus te dra indien ons iets vir Hom en sy koninkryk wil beteken – ook vir die redding van Jode (Heb. 13:13). Jesus het gesê: “Salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie” (Matt. 11:6). Die Jode het egter telkens aanstoot aan Hom geneem (Matt. 13:57; 15:12). Waarom? Omdat hulle basis vir regverdigmaking die werke van die wet was en nie geloof in die Messias en sy versoeningswerk nie. Paulus sê: “...hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot. Soos geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion ‘n steen van aanstoot en ‘n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie” (Rom. 9:32-33).

Ons moet ten spyte van die felste opposisie wat dit mag meebring, die Messias aan Israel én die nasies verkondig. Hiermee saam gaan ook die viering van sy kruisiging en opstanding uit die dode. As ons dit regtig met oortuiging doen, sal ons die Jode jaloers maak (Rom. 11:11). Hulle moet kan sien dat ons iets het wat hulle met hulle wettisisme en ortodokse sabbatsvierings glad nie het nie. Dit sal ons nie baat om jaloers op Israel se seremoniële wette en feeste te word en dit te vier nie, want vir hulle het die Here Jesus geen plek daarin nie. Ons kan nie só getuies vir die Messias wees nie, omdat dit ‘n terugkeer uit die vervulde werklikheid na die Ou Testamentiese skaduwee sal wees.

Sondagviering

Die Sondagviering word deur geen wette afgedwing of gekompliseer nie. Dit is slegs tot alle mense se voordeel dat dit eerbiedig word. Hierdie dag kan só van die ander dae van die week onderskei word:

- ◆ Die opstandingsdag van Jesus is die rusdag van die Nuwe Testament.
- ◆ Dit is ‘n dag van blydschap in die Here.
- ◆ Dit is ‘n dag van besondere eerbetoon aan die Here.
- ◆ Dit is ‘n dag om deel te neem aan en te gee vir die verkondiging van die evangelie.

- ◆ Dit is 'n dag van geestelike voorbereiding vir die week wat voorlê.
- ◆ Dit is 'n dag om goed te doen aan andere en in hulle behoeftes te voorsien.
- ◆ Dit is 'n dag van geestelike verkwikking.

Die idee is nie om oor uiterlike reëls hare te kloof nie, maar om die algemene gees en karakter van hierdie dag tot sy reg te laat kom en in jou lewe te verwesenlik. Die dag van die Here is juis tot jou beskikking gestel sodat jy die voordele daarvan kan geniet. Dit geld vir alle mense, omdat almal 'n rusdag nodig het waarop hulle van hul sekulêre werk kan rus: “En Hy sê vir hulle: Die sabbat [die rusdag] is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat” (Mark. 2:27-28). In Hom gaan ons die ewige rus van Here in. Die geestelike rus en verdieping wat ons nodig het, asook die verering van die Here, is die hoofdoel van die Sondag. Hierdie rus het eers 'n werklikheid geword nadat die Messias op 'n Sondag uit die dood opgestaan en die Heilige Gees sewe weke later, ook op 'n Sondag, uitgestort is.

Dit is opvallend dat daar in ons tyd, wat op alle lewensterreine deur 'n roekelose gees van afvalligheid gekenmerk word, 'n groter wordende stroom van kritiek teen die onderhouding van Sondag as 'n Christelike rusdag en dag van spesiale toewyding aan die Here is. Baie van hierdie kritici kom uit sg. Christelike kerke, en hulle vat nou hande met die wêreldlinge om van Sondag 'n veeleisende sportdag, 'n dag vir wêreldse vermaak en 'n dag vir werk en inkopies te maak. Wat gaan sonder 'n dag van rus en toewyding van die mens word?

Moenie die eindtydse gees van permissiwiteit ten prooi val en op grond daarvan die Christelike Sondag verwerp of minag nie. Moet aan die ander kant ook nie 'n rigiede stel reëls vir jouself oplê waardeur die vreugde van hierdie godgegewe rusdag en Christusfees onder 'n donker wolk van moets en moenies verberg word nie. Bring die dag tot eer van die Here deur en word geestelik verryk en versterk vir die stryd wat voorlê. Rus uit van die week se werksaamhede en herwin sodoende ook jou liggaamskragte. Moeë, onuitgeruste mense is nie produktief nie en kan ook nie krisisse en spanning goed hanteer nie.

Moenie skuldig voel oor noodsaaklike werk wat op hierdie dag gedoen móét word nie, en moet ook nie nalaat om op Sondae goed te doen as dit in jou vermoë is nie (Matt. 12:11-12). Bo alles moet die Here se Naam groot gemaak en jou verhouding met Hom deur 'n dubbele maat van toewyding versterk word. Deur dit te doen sal jy verseker dat jy nie in jou denke en optrede heeltemal sekulariseer deur alle aandag en energie net aan jou werk en die dinge van die wêreld te wy nie. Dit sal die geestelike balans van jou lewe heeltemal omver werp.

Huidige veldtog deur die SDA

Die Sewende Dag Adventiste (SDA) is by 'n intensiewe veldtog betrokke om hulle kerk se siening oor die Ou Testamentiese sabbat onder soveel as moontlik mense in Suid-Afrika te bevorder. Dvd's deur prof. Walter Veith word oral onder die publiek versprei, ook by byeenkomste van Angus Buchan, waar niksvermoedende mense wat by die hekke uitgaan, 'n geskenkpakkie van die SDA af kry.

Ek wil diegene wat deur Walter Veith beïnvloed is, aanraai om sy teologie deeglik te ondersoek. Die SDA self is diep oor sy leerstellings verdeeld. Op die webtuiste, www.thejerichoroad.com, spreek een van hulle leraars, Jan McKenzie, groot besorgdheid oor prof. Veith se sterk beklemtoning van samesweringsteorieë, geheime organisasies en die Rooms-Katolieke Kerk uit – tot só 'n mate dat hy baie min oor die evangelie van die kruis te sê het. Jan McKenzie voeg by: “Baie van Veith se stellings is bloot foutief... Ek vind dit ondenkbaar dat 'n man wat homself 'n Christelike leermeester noem, só min oor sy Here te sê het.”

Wat die SDA se leer oor die sabbat betref, omseil hulle alle Bybelse feite wat met hulle siening bots, en keer na die bedeling van die wet terug om regverdiging daarvoor te kry. Hulle begaan die ernstige fout om Nuwe Testamentiese uitdrukkings soos die gebooe van Christus (vgl. Joh. 14:15,22) met die Ou Testamentiese wet gelyk te stel en ook die sabbat daarin te lees. Christus se gebooe het egter op liefde, vrede, gehoorsaamheid, vergewensgesindheid, diensbaarheid, gebed en verskeie ander sake betrekking. Hy het nooit sabbatsonderhouding en ander Ou Testamentiese wette hierby ingesluit nie.

Daar is talle historiese bewyse oor Sondag-aanbidding deur die vroeë Christelike kerk, maar die SDA aanvaar dit nie en beweer steeds dat Sondag-aanbidding eers eeue later deur die Rooms-Katolieke Kerk ingestel is. Hulle hou duidelik ook nie van Paulus se verwysing na geestelike byeenkomste, insluitend Nagmaal, op die eerste dag van die week nie (vgl. Hand. 20:7; 1 Kor. 16:2).

Die SDA het 'n vreemde beheptheid met die aanbidding van die Here Jesus op Saterdag. Hulle toon uiters gebrekkige insig in Nuwe Testamentiese teologie ná die kruisiging en opstanding van die Here Jesus, asook die uitstorting van die Heilige Gees. In die proses doen hulle afbreuk aan die kruisboodskap van die Nuwe Testament en hou hulle met eindelose twisgesprekke besig. Daar het reeds verskeie onnodige en bitter familietwiste a.g.v. Walter Veith se dvd's ontstaan. Die kruisdood en genade-boodskap van Jesus Christus is blykbaar nie vir hulle genoeg nie – dit moet vir hulle nog deur die wet en die sabbat aangevul word. Die SDA se veldtog moet as een van die groot bedreigings vir die evangeliese Christendom in ons land gesien word, daarom moet Christene meer kennis oor hierdie omstrede saak opdoen.

Hierdie kerk is so “begeester” met hulle valse aanname oor die voortsetting van die sabbat nadat die Here Jesus ons van die wet vrygemaak en deur die Heilige Gees in sy evangelie van genade bevestig het (Rom. 10:4), dat hulle talle wonderlike beloftes in die Nuwe Testament oor die hoof sien. Op hierdie manier verarm hulle hulself geestelik. Op grond van die onbybelse vervangingsteologie wat hulle beoefen, sien die SDA hulleself as die Nuwe Testamentiese voortsetting van Israel. Hulle verwerp die belofte van die wegraping as ontvlugting uit die oordele van die verdrukking (Luk. 21:36), daarom is hulle in werklikheid op al die ellendes van die groot verdrukking ingestel. Hulle sien bv. ‘n verwagte verbod op Saterdag-aanbidding as die begin van die vervolging van ware Christene. Wat ‘n jammerlike toestand!

Ek wil hulle aanraai om, soos Paulus, net Jesus Christus te verkondig, en Hom as die gekruisigde (1 Kor. 2:2). As hulle op iets wil roem, moet hulle nie op hulle kerk of op die sabbat roem nie, maar roem “in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld” (Gal. 6:14). Die Nuwe Testamentiese opdrag is om vas te staan in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en ons nie weer onder die juk van diensbaarheid aan die wet te bring nie (Gal. 5:1). Ek wil die SDA aanraai om ‘n intensiewe studie van die boeke Romeine en Galásiërs te doen ten einde groter duidelikheid oor ons verhouding teenoor die wet te verkry. Só ‘n studie sal egter vereis dat hierdie kerk sy dogma én naam sal moet verander!

Ons moet mense eerder daaraan herinner dat die wet nie vir Christene gegee is nie, maar vir ongeredde sondears (1 Tim. 1:9). Dit is vir hulle ‘n tugmeester na Christus toe (Gal. 3:24-25). In Jesus Christus is daar geen ruimte vir wettisme nie, omdat dit ons getuigenis van Jesus as ons enigste Verlosser heeltemal sal vernietig (Gal. 5:4).

Ons moet besef dat die evangelie van die genade van Christus veel belangriker as die wet van die Ou Testament is. Ons het die voordeel dat die Heilige Gees ons van sonde, geregtigheid en oordeel oortuig, en ons ook in die hele waarheid lei. Christus reinig ons deur sy bloed en heilig ons deur sy Gees wat ons met die nuwe natuur van die Here Jesus bekleed. As mense nie besef dat dit al is wat hulle nodig het nie, en hulle keer na ‘n vorm van Ou Testamentiese wetsonderhouding terug, dan verloën hulle die algenoegsaamheid van die kruisevangelie. Moenie voor die versoeking swig om dit te doen nie. Die wet is volkome deur Jesus Christus vervul en Hy lei ons in ‘n lewe van heilighed en gelykvormigheid aan Homself.

6. Die Sewendedag-Adventiste

Vir 'n beter begrip oor hoe wettiese elemente soms verkeerdelik in 'n Christelike geloofsbelydenis ingewef word, bied ons aan u 'n oorsig van die Sewendedag-Adventiste (SDA) se teologie. Die SDA is 'n Protestantse kerk wat baie sterk teen die valse leer van die Rooms-Katolieke Kerk gekant is. Hulle het egter ook oortuigings wat hulle duidelik van die hoofstroom van Protestantse denke onderskei. Die volgende is die belangrikste aspekte van hulle teologie:

Naam

Soos uit die Sewendedag-Adventiste se naam blyk, het hulle hul identiteit rondom die volgende twee leerstellings gebou:

- o **Sabbat.** Hulle eerbiedig die Ou Testamentiese (OT) sabbat op die sewende dag van die week, ooreenkomstig die Joodse tydsberekening. Die sabbat strek van Vrydagaand sonder tot Saterdagagaand sonder. Na aanleiding hiervan word hulle *Sabbatariërs* genoem. Die SDA beweer, heeltemal in stryd met die kerkgeskiedenis, dat die vroeë kerk Saterdag as hulle dag van aanbidding gebruik het. Volgens hulle het die instelling van sabbatsonderhouding voortgeduur totdat Konstantyn, wat as die Vader van die Rooms-Katolieke Kerk beskou word, in 321 n.C. die Christene se aanbiddingsdag onder heidense beïnvloeding van Saterdag na Sondag verander het.
- o **Advent.** Hierdie woord dui op die koms of wederkoms van Christus. Adventiste is baie sterk ingestel op die spoedige wederkoms van die Here Jesus en wy baie aandag aan 'n studie van die tekens van die tye. Een van die aanleidende faktore vir die stigting van hierdie kerk was 'n sterk verwagting in 1844 op die wederkoms van Christus in daardie jaar. Spekulasie van hierdie aard het die SDA al in 'n groot geloofwaardigheidskrisis laat beland en aansienlike verdeeldheid onder hulle geskep.

'n Sekte of nie?

In boeke oor die sektewese word die SDA soms ingesluit en soms nie. Die woord "sekte" is egter 'n omstrede begrip omdat nie alle Protestante dit op dieselfde manier definieer en toepas nie. Daar was bv. 'n tyd toe gereformeerde kerke alle denominasies wat nie die gereformeerde belydenisskrifte aanvaar nie, as sektes beskou het. In die huidige, postmoderne, ekumeniese denkklimaat is daar weer só 'n groot

mate van verdraagsaamheid teenoor ander kerke dat selfs die Rooms-Katolieke deur baie van die moderniste as 'n volwaardige Christelike kerk erken word. Die aanvanklike beweegrede vir die Kerkhervorming word hierdeur bevraagteken en in diskrediet gebring.

Dit is nodig om 'n vaste, leerstellige grondslag vir die evangeliese Christendom te hê, sodat Christelike kerke in die lig daarvan as behoudend of afwykend beoordeel kan word. Hoe anders kan aan gelowiges raad gegee word oor die kerke waarby hulle met vrymoedigheid kan aansluit? 'n Evangeliese Christen moet ten minste die volgende drie leerstellings onderskryf:

- ♦ **Christologie.** Die Bybelse leer oor Christus moet ten volle aanvaar word. Dit sluit sy maagdelike geboorte, godheid en ewige selfbestaan in. As God die Seun is Hy gelyk aan én een met God die Vader en God die Heilige Gees (1 Joh. 5:7). Hy het mens geword sodat Hy Homself as 'n soenoffer vir ons sonde aan die kruis kon bied. Jesus Christus het ook opgestaan uit die dood, opgevaar hemel toe en sal weer terugkeer om 'n regering van geregtigheid op aarde te vestig.
- ♦ **Soteriologie.** Alle mense het 'n verdorwe, sondige natuur geërf en is van nature sondaars wat onder God se toorn is (Rom. 6:23). Verlossing van sonde word op grond van Christus se kruisdood aan ons gebied (Ef. 1:7; Rom. 3:25). Die Heilige Gees is uitgestort om ons van sonde te oortuig, te wederbaar, te lei, te vervul en toe te rus met krag uit die hoogte.
- ♦ **Skrifgesag.** Die Bybel is die geïnspireerde en foutlose Woord van God wat die volle leer oor die saligheid bevat (2 Tim. 3:16-17). Omdat dit God se Woord is, word die gesag daarvan ten volle erken. Deur Bybelstudie en die ontwikkeling van ons geloofslewe word ons opgeroep om toe te neem in die genade en kennis van Jesus Christus (2 Pet. 3:18).

Kerke wat hierdie drie leerstellings erken, kan nie as sektes beskou word nie, selfs al verskil hulle oor sekondêre leerstellings soos die uitverkiezing, die doop, talespreek en die eskatologie. Daar is 'n aantal Protestantse teoloë wat aanvoer dat die SDA op grond van hulle Christologie, soteriologie en siening oor die Bybel, nie as 'n sekte bestempel kan word nie. Een van hulle is dr. Walter R. Martin (*The Kingdom of the Cults*, bl. 360). Sy kriteria vir die identifisering van sektes is egter nie konsekwent toegepas nie, aangesien hy nie die kultiese godsdiens van die Rooms-Katolieke Kerk in sy boek oor die groot sektes bespreek nie. Verskeie ander teoloë, soos M.R. de Haan, John Rice en Oswald Smith, beskou die SDA as 'n sekte. Dr. A. Hoekema (*The Four Major Cults*, bl. 403) verwerp verskillende aspekte van die SDA-teologie en

beskryf hulle as 'n sekte, maar bevraagteken nie hulle verbintenis tot die basiese Christelike leerstellings nie. Hy skryf:

"It is recognised with gratitude that there are certain soundly Scriptural emphases in the teaching of Seventh-day Adventism. We are thankful for their affirmation of the infallibility of the Bible, of the Trinity and of the full deity of Jesus Christ. We gratefully acknowledge their teachings on creation and providence, on the incarnation and resurrection of Christ, on the absolute necessity for regeneration, on sanctification by the Holy Spirit, and on Christ's literal return."

Daar is egter dikwels teenstrydige vertolkings van SDA-teologie – sommige daarvan meer evangelies en ander minder so. Verskeie van die voormalige kerkleiers wat van die SDA af weggebreek het, hou vol dat Sewendedag-Adventisme 'n kultiese godsdiens is. In sy artikel, *Is the Seventh-day Adventist Church a Cult?* (hersien op 2 Jan. 2009 op die webtuiste www.truthorfables.com) definieer Robert K. Sanders, 'n voormalige lid van die SDA, 'n sekte soos volg:

1. Alle sektes het 'n leier, 'n groep leiers, 'n profeet of profetes wat daarop aanspraak maak dat hulle namens God praat. Ellen White, die stigteres van die SDA, beweer dat sy Jesus Christus vervang om namens God te praat. In Hebreërs 1:1-2 staan daar: "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, **het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun** wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het." Ellen White sê: "In die ou tyd het God deur profete en apostels met die mense gepraat. **In hierdie dae spreek Hy tot ons deur die getuienis van sy Gees.** Daar was nog nooit 'n tyd waarin God sy volk ernstiger aangespreek het as nou nie, wanneer Hy hulle oor sy wil inlig en ook oor die koers wat hulle moet volg ... In hierdie briewe wat ek skryf, **in die getuienis wat ek lewer, bied ek aan julle dit wat God aan my gegee het.** Ek skryf nie eers een artikel waarin ek net my eie idees bespreek nie. **Dit is alles inligting wat God deur visioene aan my geopenbaar het – kosbare ligstrale wat van sy troon af skyn**" (*Testimonies* 5, bl. 67). Glo u wat die Here vir sy kerk sê, of glo u die misleidende boodskappe van Ellen White en haar getuienis? (beklemtoning deur die outeur; verdere inligting oor die dwalings van hierdie profetes kan gelees word op: www.ellenwhiteexposed.com).
2. Hulle geskifte en lering aan hulle volgelinge weerlê die Bybel. Ellen White het meer as 50 stellings gemaak wat strydig met die Bybel is.
3. Baie van die lede wat die gesag van die leier in twyfel trek, word uit die gemeente geban, vermy, of nie toegelaat om ampte in die kerk te beklee nie.

4. Sektepredikers maak op die onfeilbaarheid van die leerstellings en geskrifte van hulle sekteleier aanspraak, in hierdie geval Ellen G. White. “Dit is met die uitgangspunt dat lig deur die Gees van Profesie gekom het, nl. mev. White se geskrifte, dat die vraag oorweeg moet word oor ons opvatting dat die Gees van Profesie **die enigste en onfeilbare verklaarder van Bybelse beginsels is**, aangesien Christus op hierdie manier betekenis aan sy eie woorde gee” (G.A. Irwin, president van die SDA se Algemene Konferensie, in die traktaatjie, *Die Merk van die Dier*, bl. 1).
5. Kultuslede glo dat hulle meer verhewe as ander mense is, weens hulle unieke leerstellings wat aan hulle kennis van God se wil gee wat ander Christene nie het nie. As gevolg van die valse leerstellings van hulle profeet of leier, beskou hulle hulself as spesiaal uitverkore deur God, en sien hulleself as die enigste ware kerk wat oorgebly het. Ellen White en die SDA Kerk sien hulleself as die oorblyfsel wat in 1844 deur God geroep is vanuit al die ander afvallige kerke wat saam *Babilon* genoem word. Die Adventiste sien hulleself nou nog steeds as die ware kerk: “Een van die gawes van die Heilige Gees is die gawe van profesie. Die gawe is die kenmerk van die ware kerk en het deur die bediening van Ellen G. White gemanifesteer.”
6. Godsdienstige sektes beskou individue wat hulle verlaat as verlore en sonder enige redding. Dit is vir die SDA ondenkbaar dat ’n persoon hulle kerk kan verlaat en nog steeds ’n geredde Christen bly. Nadat ek die SDA Kerk verlaat het, het ek briewe ontvang waarin gesê is dat ek deur die duiwel gelei word, dat ek oorlog teen God se kerk voer, dat ek in die hel sal brand, en dat ek na die kerk moes terugkeer. Christene wat nie aan die SDA behoort nie, word dikwels “buitestanders” genoem. Wanneer Christene van ander kerke af na die SDA oorkom, word gesê dat hulle “na die waarheid oorgekom het.”
7. ’n Godsdienstige sekte is ’n organisasie wat van die hoofstroom-Christendom af weggebreek het om onbybelse leerstellings na te volg. Sulke mense glo eerder hulle leiers se afwykende sienings as wat hulle die Bybel glo. Die SDA Kerk verkondig verskeie onbybelse sienings. Christene behoort op te let na wat verkondig word en te weier om onbybelse leerstellings te aanvaar – veral as die betrokke kerk ’n profeet het. Die neiging bestaan ook in kultusse om onfeilbaarheid aan die kultusleier se uitsprake toe te skryf. Mense vind gemak en sekuriteit in kultusse, omdat die leerstellings in ooreenstemming is met dit wat hulle gebreinspoel is om as die waarheid te aanvaar (einde van Robert Sanders se stellings).

Sekere van die dogmatiese teenstrydighede in die SDA is deur een van hulle voormalige leraars, Dennis J. Fischer, aangetoon in sy artikel: *Beyond Adventism: The Truth Re-examined* (www.truthorables.com; hersien in Okt. 2008). Hy sê:

“Verskeie aspekte van Adventisme is as gevolg van hulle dubbel-sinnigheid en kompleksiteit moeilik om te verstaan, te beoordeel en aan die lig te bring... Baie van hulle leidende apologete verskil grootliks in die vertolking van hulle geloof en leerstellige beginsels. Dit is nie vreemd om teenoorgestelde sienings oor verskeie onderwerpe in Ellen White se geskrifte te vind nie... Sedert die 1950's was daar by Sewendedag-Adventiste 'n diep begeerte om as evangeliese Christene beskou te word. Die boek, *Questions on Doctrine*, wat in 1957 sonder die aanduiding van 'n outeur gepubliseer is, is 'n goeie voorbeeld van die strategie om hulleself as evangelies voor te doen en sodoende die stigma as 'n sekte af te skud. Sedert daardie tyd het die SDA Kerk egter amptelik van die sleutelwoorde uit sekere van hulle leerstellige standpunte verwyder en vervang, bv. die woorde ‘algenoegsaam’ en ‘foutloos’ wat uit hulle stelling oor die gesag van die Bybel verwyder is. Hierdie stap het ruimte geskep vir die buite-Bybelse geskrifte van hulle geëerde profetes, Ellen G. White...

“Nadat ons vir meer as 40 jaar lank toegewyde, derde geslag-Adventiste was, het my vrou, Sylvia, en ek versoek dat ons name van die SDA se lidmaatregister geskrap moes word...

“Jesus Christus is ons ware sabbatsrus. Jesus is die werklikheid en substansie van die Ou Verbond se skaduwees, insluitend die weeklikse sabbat wat eksklusief aan Israel gegee is (vgl. Kol. 2:16-17; Deut. 5:3). Volgens Levitikus 23:2-3 was die sabbat een van die vasgestelde feeste wat Israel moes onderhou. Dit word sekerlik nie van ons verwag om die Joodse feeste te vier ten einde ons verlossing te verkry of te onderhou nie” (einde van Dennis Fischer se stellings).

In die lig van die wyd uiteenlopende vertolkings van SDA-teologie kan dit verwag word dat mens ook in hierdie kerk evangeliese gelowiges sal aantref wat hulle hoop slegs stel in die soendood van Jesus Christus aan die kruis, ten spyte daarvan dat hulle in baie opsigte mislei is deur bv. sabbatsonderhouding en 'n verkeerde verstaan van Bybelse profesieë. Aan die ander kant is daar ook naamchristene wat só wetties is en meegesleur is deur die buite-Bybelse profesieë van Ellen White dat hulle geloof op valse fundamente berus. Die teologiese tradisies wat van geslag na geslag oorgelewer is, sowel as redding wat ritueel toegereken word aan lede wat die kerk se leer onderskryf, lei na 'n gedaante van godsaligheid wat as kerkisme of dooie vormgodsdien beskryf kan word. Die kerk en sy dogma word die metode waardeur mense salig verklaar word, maar hulle ritualisering gaan selde of ooit

met 'n geestelike ondervinding gepaard wat na 'n lewensveranderende verhouding met die Here Jesus lei. Vir sulke mense wat nie ware volgelinge van Christus is nie, het hulle kerk 'n kultiese instelling geword.

Die SDA is hoegenaamd nie uniek wat sy groot aantal misleide, nominale gelowiges betref nie. Hierdie verskynsel kom in feitlik alle kerke voor, wat daarop dui dat omtrent almal van hulle se teologiese beskouings uit 'n mengsel van die waarheid en die leuen bestaan. Die invloed van elkeen van hulle se kerkvaders leef steeds voort, ook hulle dwalings. Uit die aard van die saak kan alle kerke nie oor alle leerstellige kwessies reg wees nie, omdat daar een sentrale waarheid in die Bybel is, maar baie verskillende vertolkings daarvan. As gevolg hiervan het die meeste kerke "ingeboude" sektariese neigings waarteen gewaak moet word. Die swak punte in elkeen se teologiese konstruksies kan maklik na dwalings en vormgodsdienis lei, en selfs van 'n voormalige ewangeliese kerk 'n sekte maak.

Hierbenewens is daar die rol van moderne teoloë wat as "agente" vir teologiese verandering optree. In baie gevalle lei dit na groter verval omdat hulle ter wille van ekumeniese bande met ander kerke, insluitende die Rooms-Katolieke, nie meer sterk op Christelike leerstellings staan nie. Baie van die tradisionele leerstellings word deur hulle verwerp. Die volgende is voorbeelde van sektariese neigings waarteen Protestantse kerke, insluitend die SDA, moet waak:

Die **Gereformeerde Kerke** se belydenisskrifte is op die leer van Calvyn gebaseer, en dit bevat tipiese gebreke wat maklik na 'n dooie vormgodsdienis kan lei. Hieronder is die uitverkiesingsleer (die mens het nie 'n vrye wil nie, en die Here het lankal reeds besluit wie gered sal word en wie verlore sal gaan); die verbondsteologie (alle uitverkorenes kom d.m.v. die kinderbesprinkeling in 'n verbondsverhouding met die Here en word daarna as geredde verbondskinders beskou); ewige sekerheid (nie een van die verbondskinders kan uit die Here se hand geruk word nie, daarom word die baie algemene verskynsel van geloofsverval, wat verval uit God se genade weens sonde is, nie deur hulle erken nie); koninkryksteologie (die kerk is die instrument in die Here se hand om in hierdie bedeling sy koninkryk op aarde te vestig, daarom is daar nie 'n toekomstige vrederyk ná die wederkoms nie. Alle profesieë oor die Antichris en die groot verdrukking word vergeestelik omdat die wêreld volgens Calviniste nie al hoe slegter word en op 'n verdrukking afstuur nie, maar al hoe beter word totdat die hemelse koninkryk ten volle geopenbaar sal wees).

Ten spyte van bogenoemde leerstellings was daar deur die eeue heen baie ewangeliese Calviniste wat nie die Calvinistiese dogma in sy volle konsekwensies verkondig het nie, en dus bruikbare instrumente in die Here se hand was. Dis egter duidelik waarom Calvinisme maklik in

'n dooie vormgodsdien kan verval waarin daar net lippedien aan die Here gebied word (Matt. 15:8-9). Aan mense wat hulleself in terme van kerklike tradisies en dogmas regverdig sonder dat hulle hoegenaamd weergebore is, sê die Here: "Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou... So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het" (Mark. 7:9,13). As dit gebeur, het die betrokke kerk of groep in die Bybelse sin van die woord 'n sekte geword. Wanneer die invloed van sekere moderne teoloë nog bykom, bv. die openlike ontkenning van die Here Jesus se maagdelike geboorte, godheid en opstanding uit die dood, die verwerping van die kruisewangelie en die Bybel as God se geïnspireerde Woord, asook die mitologisering van die duivel en die hel, het 'n kerk sy Christelike karakter heeltemal verloor en in 'n rowerspelonk ontaard (Luk. 19:46). Dit is vir ewangeliese predikers baie moeilik om in sulke kerke te oorleef.

In **charismatiese kerke** is daar ander faktore wat, ten spyte van die onderskrywing van 'n basiese ewangeliese belydenis, na sektariese neigings kan lei. Hieronder is veral buite-Bybelse openbarings deur drome, visioene en talespraak. Op grond hiervan word daar dikwels aanspraak gemaak op 'n gawe om, onafhanklik van die Bybel, profesieë uit te spreek. Die grootste gevaar is egter geleë op die terrein van die ervaringsteologie. Groot klem word in hierdie kerke en groepe gelê op fisiese manifestasies van die Heilige Gees, bv. tekens en wonderwerke soos genesing, val in die Gees, lag in die Gees en dans in die Gees. Dit word dan 'n plaasvervanger vir wedergeboorte wat uit sondeoortuiging voortspruit, en sonder sondebeseft kan daar uiteraard geen geloofsaanvaarding van die gekruisigde Here Jesus as Verlosser wees nie. Mense wat hulleself op grond van 'n ervaring soos val in die Gees salig verklaar, bou hulle lewens op die sand van selfmisleiding.

Die potensiële dwalings van die **Sewendedag-Adventiste** is op die terrein van 'n wettiese vormgodsdien, insluitend Ou Testamentiese sabbatsonderhouding, die erkenning van Ellen White se vertolking van die Bybel (waarin daar erg onbybelse beskouings is), die idee van 'n sieleslaap ná die dood, asook 'n totaal verwronge eskatologie. Verder erken hulle 'n buite-Bybelse gawe van profesie wat na ongelooflike spekulاسie oor die eindtyd en die wederkoms van Christus lei. Baie van hierdie idees het in die 19de eeu neerslag gevind in die geskrifte van Ellen G. White, wat die gesaghebbende "kerkmoeder" van die SDA is. Sy het verskeie visioene gehad, soos ook in *Great Controversy* beskryf, en dit word as God se finale boodskap aan die wêreld beskou. Hierin word die Rooms-Katolieke Kerk as die Antichris beskou, Sondagaanbidding as die merk van die dier, en Saterdagaanbidding as die seël

van God. Daar word geweldige antagonisme teen Sondagaanbidding geskep en sabbatsonderhouding op die sewende dag word tot 'n kenmerk van ware Christenskap verhef. Hierdie soort wettisisme neig daartoe om by die genadeboodskap van die Nuwe Testament aan te vul en die algenoegsaamheid van die kruisevangelie ernstig in die gedrang te bring. Daar is sekerlik lidmate van die SDA wat in hierdie sektariese denkrigting vasgevang raak, hoewel nie almal van hulle dié ekstreme siening huldig nie.

Die vraag of 'n bepaalde kerk sektaries is of nie, hang af van hoe die basiese Christelike leerstellings verkondig, aanvaar en uitgeleef word. Dit het baie met die plaaslike leraar se eie oortuigings te doen. As sy saak met die Here reg is en hy plaas die klem van die evangelie op die regte plekke, sal die Here geëer en siele gered word. Indien hy egter die sekondêre leerstellings van sy kerk verhef en oormatig beklemtoon, kan dwalings intree en baie skade aan die verkondiging van die evangelie gedoen word.

Vir 'n opsomming van die SDA-teologie sal ons hoofsaaklik van twee van hulle eie geskifte gebruik maak, nl. *Questions on Doctrine* (1957) en *Family Bible Studies* (Harvest Time Books, 2008). Laasgenoemde boek is anoniem uitgegee sonder enige aanduiding van die outeur(s) of die kerkgenootskap wat dit uitgereik het. Mens kry duidelik die indruk dat die name “Sewendedag-Adventiste” en “Sabbatariërs” weerstand by die publiek ontlok en daarom vermy word. Anonieme publikasies laat egter ook vrae ontstaan oor waarom die betrokke instansie sy identiteit verberg. Dr. Oswald J. Smith sê in sy boekie, *Who are the False Prophets?* (The People's Press, 1953): “Seventh-day Adventists are not out to win new converts from among the unsaved; their work is to proselytize... And they often strive to hide their identity. Why, I wonder?”

Die volgende is die belangrikste aspekte van hierdie kerk se sekondêre leerstellings. Dit is ondenkbaar hoe daar soveel swak begrip vir ander Skriftuurlike waarhede getoon kan word in 'n kerk waar die leer oor Christus, asook die werking van die Heilige Gees (behalwe vir die gawe van profesie), in die algemeen redelik goed verstaan word.

Die gawe van profesie

Baie van die teologiese dwalings in die SDA kan teruggevoer word na sogenaamde “profetiese openbarings” aan hulle stigteres, Ellen G. White. In *Questions on Doctrine* (bl. 89) sê die SDA: “Ons beskou nie die geskrifte van Ellen G. White as aanvullend tot die heilige kanon van die Skrif nie. Hulle is nie universeel toepaslik nie, maar word net as riglyne vir die SDA gesien.” Hulle sien haar baie visioene as 'n besondere gawe wat die Heilige Gees in die laaste dae van die kerkdispensasie aan haar gegee het. Hoewel hulle dit ondergeskik aan die Bybel

stel, aanvaar hulle nogtans die foutiewe leerstellige gevolgtrekkings wat sy van verskeie gedeeltes in die Bybel maak. Dit het die weg na baie wanopvattinge gebaan.

Hoewel mev. White steeds wyd aangehang word, is daar ook talle kritici wat haar teologie en geskifte verwerp. Sommige van hulle bestempel haar as 'n opregte maar emosioneel onstabiele mistikus, terwyl ander haar openlik 'n valse profetes noem. Die meeste kritici erken egter dat sy 'n ware Christen was wat in baie opsigte mislei was.

In die SDA se jongste publikasie, *Family Bible Studies* (bl. 317-326), is 'n hoofstuk ingesluit onder die titel, *Die Gawe van Profesie*. Hierin herbevestig hulle hul standpunt dat daar in die eindtyd 'n oplewing van hierdie gawe sal wees. As regverdiging vir hulle standpunt word Handeling 2:17-18 aangehaal, waar die Here sê dat Hy in die laaste dae sy Gees oor alle vlees sal uitstort. Profesieë, drome en visioene sal dan algemeen voorkom.

Petrus het egter in Handeling 2:17-18 'n profesie uit Joël 2:28-32 aangehaal wat spesifiek met die oog op Israel uitgespreek is. Hy verwys nie net na die uitstorting van die Heilige Gees nie, maar ook na die natuurrampe van die groot verdrukking: "En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp. Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom" (Hand. 2:18-20).

Israel as volk het die Here Jesus nie tydens sy eerste koms as hulle Messias-Koning aanvaar nie – net 'n klein minderheid het Hom erken en as Verlosser aangeneem. Die gevolg was dat profesieë oor Israel se geestelike herstel (vgl. Eseg. 36:24-28) eers in die eindtyd vervul sal word wanneer hulle deur 'n tyd van verdrukking gaan – dit is die tyd van benoudheid vir Jakob (Jer. 30:7). Dan sal daar 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees oor Israel wees in voorbereiding op hulle ontmoeting met die Messias (Sag. 12:10; Matt. 37:39).

Wanneer dit gebeur, sal Israel in 'n groot verdrukking vasgevang wees soos daar nog nooit was nie (Matt. 24:15-22). Weens hulle lang kondisionering op grond van die rabbi's se OT prediking sal hulle min of niks van die vervulling van eindtydse profesieë weet nie – veral nie van die wederkoms van Jesus Christus nie. As gevolg van hulle onkunde sal hulle die verkeerde messias aanneem en met hom 'n verbond sluit (Joh. 5:43; Dan. 9:27). Wanneer hy in die middel van die verdrukking die tempel ontheilig en homself daarin tot God verklaar (2 Thess. 2:4), sal Israel as gevolg van hierdie godslasterlike daad hulle verbond met hom as hulle Messias verbreek. Hulle sal dan vir oorlewing na die berge moet vlug omdat die valse messias hulle sal probeer uitwis.

Dit sal die tyd van groot oordele en natuurrampe wees waarna Joël ook verwys. Dan sal die Here Homself op 'n bonatuurlike wyse aan sy voortvluggende volk openbaar en aan hulle profetiese inligting gee wat tot hulle beskerming en redding sal lei.

In die lig hiervan is dit heeltemal ongeregverdig om Joël se profesieë almal op die kerkbedeling toe te pas. Die belofte oor buitengewone profetiese openbarings het nie op ons betrekking nie. Die kerk van Christus het al vir eeue lank die hele Bybel wat die volle openbaring van God se raad vir die mensdom bevat (Hand. 20:27). In ons tyd kan 'n gawe van profesie hoogstens vertolk word as verligte oë van die verstand om Bybelse profesieë reg te kan verstaan en ook reg op ons tydsomstandighede toe te pas. Daar moet glad nie na buite-Bybelse profesieë gesoek word nie, want dit kan 'n deur wees wat mense onbewustelik aan die duiwel bied om valse profesieë deur te gee. Baie mense kan hierdeur mislei en verwar word. Selfs al is hierdie spesiale profesieë nie demonies in oorsprong nie, is dit steeds 'n manier waarop sekere mense geloofwaardigheid aan hulle eie idees, drome en vrye verbeeldingsvlugte probeer gee.

Die sabbat

Een van die baie belangrike sake in die SDA se praktiese teologie is die onderhouding van die OT sabbat. Dit is op die totaal verkeerde aanname gebaseer dat die kerk 'n voortsetting van Israel is, en op grond daarvan 'n ewige verbintenis het om die sabbat te onderhou. Hulle haal Exodus 31:16-17 hiervoor aan: “En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond. Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken” (*Family Bible Studies*, bl. 144).

Dit moet egter in gedagte gehou word dat die kerk nie “die kinders van Israel” is nie en dat die Hebreeuse en Griekse woorde wat as “ewig” vertaal word, soms net 'n dispensasie of beperkte tyd aandui. Volgens Strong's (Heb. 5769) beteken die woord *olam* wat ook in Exodus 31:16-17 gebruik word: *perpetual, eternal, a long time*. Die Griekse weergawe hiervan is *aioon* (Gr. 165) en dit beteken *eternal, for ever, an age, a messianic period (present or future)*. Groot omsigtigheid is dus nodig om die woord in die verband waarin dit gebruik word, reg te vertaal en ook teologies reg te vertolk.

Die SDA is baie goed van hierdie verskillende betekenisse bewus, want hulle gebruik dit as 'n argument om die idee van die “ewige” straf vir sondaars te weerlê. Hulle sê: “As u Exodus 21:6 lees sal u vind dat *vir ewig* ook kan beteken vir so lank as wat 'n mens lewe” (*Family Bible Studies*, bl. 259). Verder verwys hulle ook na Jona wat gesê het dat hy op die punt gestaan het om *vir ewig* onder in die see vasgevang te raak (Jona 2:6).

Die SDA moet dus twee dinge in verband met Exodus 31:16-17 baie goed verstaan: **1.** Die “kinders van Israel” sluit nie lede van die nie-Joodse nasies in nie, en dus ook nie die NT kerk nie; en **2.** Die verbond wat die Here *vir ewig* met Israel gesluit het, het volgens die Bybel self ook ’n einde en sal deur ’n nuwe verbond vervang word: “As Hy sê ’n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning” (Heb. 8:13). ’n Ou verbond wat aanvanklik *vir ewig* gesluit is, kan dus ook verbygaan en tot ’n einde kom.

Dit is foutief om God se “ewige wet” as die Tien Gebooie voor te stel en dit dan universeel en vir alle tye op alle mense van toepassing te maak. Dit is juis die SDA se argument waarom die sabbatswet steeds van krag is (*Family Bible Studies*, bl. 121-132). Hoe moet ons dan God se ewige wet verstaan? God is liefde, en terselfdertyd die mees verhewe uitdrukking van heiligheid. Sy ewige wet is die wet van die liefde, en dit behels ook die opdrag om sonde te haat en sy heiligheid deelagtig te word. Hy vereis dat almal Hom sal liefhê met hulle hele hart, en dat sy liefde ook die grondslag vir hulle verhoudings met ander mense sal wees. Die morele beginsels wat uit hierdie basiese wet voortspruit, is in die OT onder andere in die Tien Gebooie verwoord, en ook in die seremoniële verpligting van sabbatsonderhouding.

In die NT het die Here Jesus die diep geestelike en morele beginsels van die OT wet kort en kragtig as die wet van die liefde opgesom, maar sonder enige verwysing na sabbatsonderhouding (Matt. 22:36-39; vgl. Luk. 10:25-28). In daardie stadium het die OT wet nog gegeld, maar die dae van sabbatsonderhouding was getel. In die laaste onderwysing van Jesus aan sy dissipels het Hy aan hulle ’n “nuwe gebod” gegee, bedoelende dat dit die OT weergawe van die wet vervang, en dit was dat hulle mekaar moes liefhê soos Hy hulle liefhet (Joh. 13:34-35). Weer eens was die sabbat glad nie ter sprake nie.

Die Here Jesus het God se liefde en heiligheid aan Israel én die wêreld kom openbaar. Deur aan Hom gelykvormig te word en in sy voetstappe te volg, gee ’n persoon uitvoering aan die ewige wet van die liefde: “Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het” (1 Joh. 2:6). Paulus sê dat Christus in ons gestalte moet kry (Gal. 4:19). Hy is ons norm, nie die wet nie. As sy liefde in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees (Rom. 5:5), dan voldoen ons aan al die vereistes wat die wet gestel het, en het dus nie meer die wet nodig nie. Ons moet net aan die eise van God se liefde voldoen:

“Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat ’n ander liefhet, het die wet vervul. Want dít: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste

liefhê soos jouself. Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet” (Rom. 13:8-10). Die hele OT wet word deur die uitleef van die wet van die liefde vervul. Ons leef nou in die bedeling van genade wanneer die Here dit vir ons deur sy Gees moontlik maak om Hom te behaag.

Waarom is die genade soveel meer uitnemend as die wet? Die Here Jesus het ons deur sy bloed van alle sonde en ongeregtigheid gereinig – iets wat die OT offers wat deur die wet vereis is, nie kon doen nie (Ef. 1:7; Heb. 10:4-10). Die Heilige Gees is ook uitgestort om ons van sonde te oortuig – dit is nie meer die wet wat ons van sonde oortuig nie. Die Heilige Gees wederbaar almal wat hulle sonde bely en Jesus Christus as Verlosser aanneem, en Hy vervul hulle ook met krag sodat hulle vir die Here kan werk en staande kan bly teen die liste van die duiwel. As ons sy leiding getrou volg, sal Hy die beeld van Christus in ons lewens uitwerk. Dit is alles deel van die omvangryke genadewerk wat die Here Jesus vir ons doen. Ons word deur genade in staat gestel om meer as die gelowiges van die Ou Testament, God se heiligheid en krag tot oorwinning deelagtig te word. Wy jouself hieraan toe: “Beklee julle met die Here Jesus Christus en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikheid te bevredig nie” (Rom. 13:14). “Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie” (Gal. 5:16).

In die lig hiervan is dit duidelik waarom Paulus sê: “Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo” (Rom. 10:4). Hy vermeng nie die twee konsepte deur te beweer dat ons onder die genade kan leef en steeds wetsnakoming moet nastreef nie. Dit is onmoontlik, “want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade” (Rom. 6:14). Ons word gemaan om vas te staan in die vryheid waarmee Christus ons vrygekoop het, en onself nie weer onder die juk van die wet te plaas nie (Gal. 5:1). As mense dit wél doen, verval hulle van die genade (Gal. 5:4). Wanneer wet en genade vermeng word, word die algenoeagsaamheid van Christus se genadewerk betwyfel en met iets anders aangevul.

Paulus het ook vir Timotheus daaraan herinner dat die wet nie vir die regverdigde bedoel is nie (1 Tim. 1:9). Ons leef volgens die beginsels van Christus se genade, soos wat dit in die NT beskryf is en deur die Heilige Gees in ons harte ingeskerp word. “Want die reddende genade van God... leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe” (Titus 2:11-12).

Die enigste gebooe waarvan daar ná die kruisiging van Jesus sprake is, is NT opdragte wat ’n verdere uitbreiding op die wet van die liefde is, bv. heiligheid, gebed, vergewensgesindheid en ook verskeie

vrugte van die Gees. In nie een enkele geval word die sabbat as deel van dié gebooe of voorskrifte genoem nie. In Handeling 15 moes uitsluitel gegee word of die OT wet op die NT gemeentes van toepassing is. Die antwoord was 'n duidelike "nee." Slegs enkele norme vir moreel aanvaarbare gedrag is genoem.

Die Sondagoggend toe Jesus uit die graf opgestaan het, was die bedeling van die wet verby. Daardie selfde dag het Hy sy dissipels ontmoet en hulle uitgestuur om die evangelie te gaan verkondig. Die volgende Sondag het Jesus weer aan hulle verskyn, sy vrede aan hulle gegee en ook Thomas se ongeloof uit die weg geruim (Joh. 20:19-29). Op die vyftigste dag ná Jesus se opstanding en tien dae ná sy hemelvaart, is die Heilige Gees uitgestort – weer op die eerste dag van die week (Sondag).

Dit het die grondslag gelê vir die dissipels én die vroeë kerk om op Sondae byeen te kom en die Here te dien. Hulle het dit die dag van die Here genoem. Paulus bevestig ook dat sy prediking op die eerste dag van die week was (Hand. 20:7; 1 Kor. 16:2). Op sy sendingreise het hy op die sabbat met die Jode gepraat omdat dit die dag van hulle samekoms was. Daar was nie enige wettiese motief hiermee nie.

Die vroeë kerkvaders bevestig almal die feit van Sondagaanbidding as 'n algemene instelling. Die SDA verwerp egter die getuienis van die vroeë kerkvaders oor Sondagaanbidding geheel en al, omdat dié vaders glo op baie punte sou gedwaal het en nie teologies vertrou kan word nie (*Family Bible Studies*, bl. 165). Waarom sou hulle egter almal oor die gebruik van Sondagaanbidding lieg? Dit was nie 'n omstrede saak nie, maar 'n gebruik wat spontaan eerbiedig is.

Die bewering van die SDA dat Sondagaanbidding eers in 321 n.C. deur 'n dekreet van Konstantyn ingestel is (*Family Bible Studies*, bl. 169, 210), dui slegs op die amptelike erkenning van hierdie dag se status deur dié monarg. In daardie stadium het Christene hierdie gebruik al byna 300 jaar lank beoefen, en is beslis nie deur Konstantyn beïnvloed om dit te doen nie.

Die SDA se stelling dat Sondagaanbidding aan die verering van die songod verbind kan word, het slegs betrekking op diegene wat songod aanbidding beoefen het. Vir die Christene was hierdie dag óf *die eerste dag van die week* óf *die dag van die Here*. Die heidense songod het nooit eers vaagweg in hulle gebruike ter sprake gekom nie.

Die name van die weeksdag is van die son, maan en vyf van die planete afgelei, en in die heidense mitologie het dit vir sekere van die antieke Europese volke godsdienstige konnotasies gehad. Christene is egter hoegenaamd nie hierdeur beïnvloed nie en het eers later, bloot as 'n sekulêre gebruik, hierdie name aanvaar. Indien die SDA beweer dat Sondagaanbidders iets met die aanbidding van die songod te doen het,

dan moet diegene wat op Saterdag aanbidd aan die heidense Saturnusfees verbind word. Hopelik sal hulle insien dat sulke argumente heeltemal irrasioneel is.

Dit is duidelik dat die SDA al sedert hulle ontstaan 'n diepgewortelde afkeer in Sondagaanbidding het – tot só 'n mate dat hulle dit direk aan die Antichris verbind. Volgens hulle is die Rooms-Katolieke Kerk die dier van Openbaring 13, die getal 666 dui volgens hulle op die pous, en Sondagaanbidding is die merk, of teken, wat hy aan sy volgelinge gee (*Family Bible Studies*, bl. 295-306). Hierteenoor word sabbatsonderhouding as die teken of merk voorgelê wat die Here aan al sy getroue volgelinge gee.

Op hierdie punt kom die SDA gevaarlik naby aan die verloëning van die evangeliese Christendom, omdat hulle norm vir 'n ware geloof nie die aanvaarding of verwerping van die gekruisigde en opgestane Here Jesus is nie, maar die aanvaarding of verwerping van die OT sabbat. Hulle lidmate is in die meeste gevalle totaal antagonisties teenoor almal wat die Here op Sondag aanbidd, en neem die houding in dat sulke mense vinnig besig is om onder die oordele van God in te beweeg.

In hulle 2008-publikasie, *Family Bible Studies*, bl. 299, haal die SDA eers Openbaring 14:9-10 aan: “As iemand die dier en sy beeld aanbidd en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.” Direk daarna lewer hulle die volgende kommentaar: “Hoe kan ons van die Here verwag om te swyg oor só 'n belangrike saak soos die verandering van die enigste wet wat sy teken en seël as Skepper en Redder van die wêreld aan ons gee? God se oordele sal egter nie oor die mensdom kom voordat hulle duidelik gewaarsku is nie.”

Hulle haal ook 'n gedeelte uit *Great Controversy* (bl. 144-145) aan waarin gesê word dat die breër Christendom in twee groepe verdeel sal word, naamlik diegene wat die geboorte van God en geloof in Jesus in ere hou, en diegene wat die dier en sy beeld aanbidd en ook sy merk van Sondagaanbidding ontvang. Kerk en staat sal volgens Openbaring 13:16 kragte saamsnoer om aan almal, klein en groot, die nommer van die dier te gee. In die lig hiervan verwag die SDA dat regerings in die nabye toekoms met die Rooms-Katolieke Kerk saamwerk om Sondagaanbidding op al hulle onderdane af te dwing. Diegene wat dit aanvaar, sal volgens hulle vir ewig verlore gaan, terwyl die oorwinnaars oor die dier en sy merk in die hemel sal wees (Op. 15:2-3).

Word alle Sondagaanbidders nou reeds as verlore volgelinge van die Antichris bestempel? Nee, maar die SDA kom baie naby daaraan. In *Questions on Doctrine* (bl. 183) word beweer dat daar ware Chris-

tene in alle kerke is, maar hulle wandel nie in die volle lig van die vierde gebod nie. 'n Tyd van toetsing sal glo aanbreek wanneer 'n wet uitgevaardig sal word om Sondagaanbidding af te dwing – dan sal die finale skeiding kom, en diégene wat die sabbat onderhou, sal deur die anti-christelike Sondagaanbidders vervolg word.

Eskatologie

Wederkomsprekings is 'n baie sterk eienskap van die SDA en baie tyd en aandag word hieraan gewy – ook in hulle geskrifte. Hulle leer oor die eindtyd is egter in groot omstrede gehul omdat dit nie op gesonde beginsels van eksegeese berus nie. Mense word eerder verwar as wat hulle duidelike en logiese antwoorde op hulle vrae kry. Die SDA is egter nie alleen wat die verdraaiing van Bybelse eskatologie betref nie, omdat die meeste Protestantse kerke ook op hierdie terrein faal – veral die groot gereformeerde kerke.

Die SDA is premillennialisties omdat hulle glo in die wederkoms van Jesus voor die millennium. Met hierdie basiese opvatting is daar niks verkeerd nie, maar in hulle uiteensetting van al die besonderhede raak hulle die spoor heeltemal byster: Hulle glo nie in die wegraping as die geheime koms van die Here Jesus vir sy gemeente nie, hulle glo nie in 'n verdrukking van sewe jaar onder die bewind van 'n enkele persoon wat as die Antichris beskryf word nie, hulle glo nie in die herstel van Israel in hulle land as 'n teken van die eindtyd nie, en hulle glo ook nie in Christus se duisendjarige vrederyk op aarde wanneer Hy saam met sy heiliges uit Jerusalem sal regeer nie.

Die volgende is die SDA se mees omstrede eskatologiese sienings:

Ontvlugting verwerp. Die SDA verwerp die idee van die kerk se ontvlugting uit die oordele van die verdrukking (vgl. Luk. 21:36). Hulle sê dat enige idee van 'n geheime koms op menslike afleidings gebaseer is wat nie deur die Skrif bevestig word nie (*Family Bible Studies*, bl. 55).

Verdrukking onder die RK Kerk. Die SDA glo nie in 'n verdrukking van sewe jaar onder die bewind van die Antichris nie. Hulle beskou die Roomse Kerk as die Antichris, en die 1260 dae van die Antichris se optrede in die tweede helfte van die verdrukking as 1260 jaar van Rooms-Katolieke oorheersing. Volgens hulle moet elke dag as een jaar gereken word. Roomse oorheersing het van 538 n.C. tot in 1798 n.C. gestrek toe die Franse die pous van daardie tyd onttroon het, en dit is volgens hulle die “dodelike wond” wat die dier ontvang het (Op. 13:3). Nou wag die SDA dat die dodelike wond genees, wat vir hulle beteken dat die Vatikaan weer beheer oor die wêreld gaan kry (*Family Bible Studies*, bl. 159-160). Hulle dwaal egter grootliks oor die 1260 dae, omdat dit in Openbaring 11 tot 13 en in Daniël 9:27 ook as 42 maande of 3½ jaar (tyd, tye en 'n halwe tyd) beskryf word. Dit is dus letterlik net

1260 dae en nie 1260 jaar nie. Hulle beantwoord ook nie die vraag oor waar die ander helfte van die verdrukking inpas nie.

Die merk van die dier. Die gelykstelling van die merk van die dier met Sondagaanbidding is een van die ergste dwalings van die SDA. Die ware merk van die dier het met die beheer van koop en verkoop te doen (Op. 13:16-18). Die tweede helfte van die verdrukking wanneer die Antichris sy skrikbewind sal voer, sal net 42 maande lank wees. Dit is dieselfde as 1260 dae, 3½ jaar of 'n halwe jaarweek (Dan. 9:27; Op. 12:6,14; 13:5). Die SDA doen hulle wederkomsprediking groot skade aan deur die onbybelse voorstelling van die laaste jaarweek voor Christus se koms as 'n tydperk van meer as 'n duisend jaar lank.

Daniël se profesieë skeefgetrek. Alle verwysings na die Antichris in Daniël word ook op die RK Kerk toegepas. Die klein horinkie van Daniël 7:8,20-26 dui egter op die eindtydse Antichris wat uit die herstelde Romeinse ryk sal voortkom en 'n veel groter magsbasis as die pous sal verkry. Die klein horinkie in Daniël 8:8-25 dui op die Antichris en een van sy voorlopers, Antiochus Epifanes, maar hierdie keer binne die verband van die antieke Griekse ryk. Dit is al klaar 'n onomstootlike bewys dat die Antichris nie uit Italië sal kom nie, omdat die Griekse ryk net beheer oor Macedonië, Tracië, Sirië en Egipte gehad het. Die Siriese provinsie van die verdeelde Griekse ryk was die gebied waaroor Antiochus Epifanes beheer gehad het, en waaruit die eindtydse Antichris sal kom. Dit was ook 'n provinsie van die Romeinse ryk. Sirië was vroeër ook as Assirië bekend, en was vir lang tye deel van die Babiloniese ryk. Dit is waarom die Antichris ook die Assiriër genoem word (Jes. 10:12-14), en in Daniël 11:31-45 die koning van die noorde, soos vanuit Israel gesien. Dit is onmoontlik om die Rooms-Katolieke Kerk in hierdie scenario te plaas.

Datumbepaling. 'n Misleidende vorm van datumbepaling het uit die SDA se verkeerde verstaan van Daniël se profesieë voortgevloei. Hulle het die 2300 dae waarin die tempel volgens Daniël 8:14 in 'n verwoeste toestand sou wees, as 2300 jaar vertolk. Hoewel hierdie profesie letterlik tussen 170 en 164 v.C. vervul is nadat Antiochus Epifanes die tempel verwoes en Judas Makkabeus dit weer herstel het, is dit steeds die SDA se siening dat die 2300 jaar tussen 457 v.C. en 1844 n.C. verloop het. Op grond hiervan het hulle 'n sterk saak uitgemaak dat Jesus Christus se wederkoms op 22 Oktober 1844 sou plaasvind. Hierdie growwe vergissing het 'n groot knou aan die geloofwaardigheid van hulle eskatologiese boodskap oor die "advent" gegee.

Ignorering van Israel. Benewens die foutiewe verabsoluttering van die RK Kerk as die hoofrolspeler in omtrent alle eindtydse profesieë, is die ander baie ernstige swakheid van SDA- eskatologie die afwesigheid

van enige verwysings na Israel, hulle herstel, en die belangrike rol wat Jerusalem in die eindtyd sal speel. Israel word nie eers in hulle lys van tekens van die tye genoem nie (*Family Bible Studies*, bl. 63-74). Dit alleen is 'n sterk bewys dat die SDA uit voeling is met die belangrikste eskatologiese gebeure van ons tyd. Weet die SDA nie dat Jesus na Jerusalem terugkom en dat die oorblyfsel van Israel met Hom versoen sal word nie (Sag. 12:10; 13:8-9; 14:4-5)? Die herstel van Israel is een van die mees prominente profetiese temas in die Ou Testament en enige kerk wat dit buite rekening laat, plaas homself in 'n posisie waar dit onmoontlik is om 'n Bybelgetroue weergawe van eindtydse gebeure te kan gee. Israel se vyande, veral Islam, sal dan ook geïgnoreer word asof hulle nie bestaan nie. Daniël se profesieë oor die Antichris uit die gebied van die koning van die noorde, vestig die aandag juis op die moderne woongebiede van radikale Islam. Hier sal die Antichris as 'n dinamiese eindtydse leier verrys, en Israel ook mislei om met hom 'n verbond te sluit (Dan. 9:27; Joh. 5:43). Dink die SDA Israel sal 'n afgeleefde pous in Italië as hulle Messias aanvaar?

'n Verdere bewys dat die SDA Israel uit die toneel van eindtydse gebeure uitskryf, is hulle beskouing oor die 70 jaarweke van Israel se heilsgeschiedenis tot en met die wederkoms van die Messias. Hulle sien die verloop van die 70 jaarweke verkeerdelik as tussen 457 v.C. en 34 n.C. (*Family Bible Studies*, bl. 102-103). Volgens Daniël 9:24 moet daar ná die 70ste jaarweek ewige geregtigheid in Israel heers. Ons almal weet dat dit nog nie so is nie. Aan die begin van die 70 jaarweke, in 445 v.C., het koning Artasásta aan die Jode in die ballingskap opdrag gegee om Jerusalem en die tempel te gaan herbou (Neh. 2:1). Die aanvanlike bouwerk is ná 7 jaarweke voltooi. In die daaropvolgende 62 jaarweke is Jerusalem in tye van benoudheid verder uitgebrei en bewoon. Aan die einde van 69 (7+62) jaarweke, in April 32 n.C., is die Messias in Jerusalem verwerp en gekruisig. Dit was die laaste stap van geestelike rebellie wat na Israel se internasionale verstrooiing in die eerste eeu gelei het, en wat 'n lang onderbreking in hulle heilsgeschiedenis meegebring het. Nou, in die eindtyd, kom Israel na hulle land terug om deur die 70^{ste} jaarweek te gaan voordat hulle die Messias sal aanvaar (Matt. 23:39; Sag. 12:10; Rom. 11:26). Sonder die volk Israel in die prentjie is geen eskatologie eers naastenby Skrifgetrou nie.

Samesweringsteorieë. Wanneer die werklike feite op die grond nie meer 'n bepalende rol in die analisering van wêreldgebeure speel nie, bv. die opsigtelike stryd tussen Israel en radikale Islam, Amerika en Islamities-gesteunde terrorisme, Rusland en ander lande, wend baie mense hulle na allerlei vergesogte samesweringsteorieë ('conspiracy theories'). Prof. Walter Veith van die SDA hou hom op groot skaal hiermee besig. Verborge komplotte word aan die lig gebring waarin beweer

word dat die RK Kerk, die Vrymesselaars en die Illuminati agter al die konflikte in die wêreld sit. Daar word selfs beweer dat George Bush en die CIA vir die 9/11 ramp verantwoordelik is. Islam hou baie van sulke teorieë, want by implikasie verontskuldig dit hulle as die werklike sondebokke. Teorieë oor die Illuminati as 'n Westerse of Joodse geldmag wat wêreldgebeure manipuleer, kan maar vergeet word. Baie van die groot Westerse banke is feitlik bankrot, en die sterkste banke is in Saoedi-Arabië en Japan. Dit is waar die geldmag nou geleë is.

'n Spookagtige millennium. Nog een van die SDA se beskouings wat skreeu teen die waarheid, is dié van 'n verlate en onbewoonde aarde tydens die millennium, wanneer die duiwel sal rondswerf sonder om enigiets te doen te hê. Hierdie teorie is ook 'n nalatenskap van Ellen White. Die siening word gehuldig dat Christus met sy wederkoms al die goddeloses op aarde sal verdag en daarna met sy heiliges hemel toe gaan om daar te regeer. Satan sal op die verlate, verwoeste en spookagtige aarde agtergelaat word totdat die millennium verby is. Die SDA sê: "Sommige mense dink aan die millennium as 'n duisend jaar van vrede en voorspoed hier op aarde. Dit verskil heeltemal van die Bybelse weergawe... Die eerste opstanding sal plaasvind en al die heiliges uit die dood opgewek word... Die konings van die aarde en die hele wêreld (Op. 16:14) sal deur Christus vernietig word. Hy is die groot kryger van die hemel wat sal uittrek om die magte van rebellie uit te wis (Op. 19: 11-16). Al die bese mense sal sterf en die aarde ontvolk word... Die opgewekte heiliges én die lewende regverdiges sal dan van die wêreld af na die hemel weggeneem word... Satan sal op die aarde gebind word (Op. 20:2-3). Tydens die millennium sal die aarde verlate wees omdat die goddeloses almal dood sal wees... Daar sal nie 'n enkele lewende persoon op aarde wees wat deur Satan mislei kan word nie. Hy sal 'n duisend jaar lank vakansie kry van sy werk van misleiding sodat hy oor sy lang loopbaan van rebellie kan nadink, asook die ellende wat dit vir hom meegebring het. Hy sal dan sy laaste groot aanslag beplan wanneer die goddeloses tydens die tweede opstanding opgewek word... Wanneer hy losgelaat word, sal hy die goddeloses wat vir 'n kort tydjie uit die dood opgewek is, in 'n laaste rebellie teen God se koninkryk lei" (*Family Bible Studies*, bl. 75-83).

Die SDA moet letterlik honderde profesieë verontagsaam of verdraai as hulle weier om die volgende Bybelse feite te erken: Christus en sy heiliges sal tydens die millennium op aarde regeer (Op. 2:26-27; 5:9-10; 11:15; 19:15-16; 20:6); die Here Jesus sal in die herstelde koninkryk van Israel van die troon van Dawid af regeer (Hand. 15:16-17; Jer. 3:17); die nasies sal van hulle swaarde pikke smee en nie meer leer om oorlog te maak nie (Jes. 2:2-4); Israel sal 'n voorspoedige en geestelik vrugbare volk wees (Jes. 27:6); Jerusalem sal 'n lof op aarde wees (Jes.

62:6-7); die nasies sal die Messias dien en Israel as sy spesiale volk eer (Sag. 8:20-23); en almal op aarde sal die Here ken (Jes. 11:9-10).

Sieleslaap

Die SDA huldig ook 'n baie vreemde siening oor sieleslaap ná die dood. In 'n hoofstuk, *Die ander kant van die dood (Family Bible Studies*, bl. 245-254), verduidelik hulle dat slegs God onsterflikheid besit, en 'n mens wat dit ook wil hê, moet die ewige lewe in die evangelie soek. Volgens hulle word gelowiges eers onsterflik wanneer hulle tydens die opstanding onsterflike liggame ontvang. Bose mense is egter nie onsterflike wesens nie, en sal heeltemal ophou bestaan. Die ongelowiges kry dus nooit onsterflike liggame nie. Hulle sal by die tweede opstanding opgewek word slegs om finaal in die poel van vuur verdelt te word. Die SDA glo daar is nie 'n ewige hel nie, omdat ewig ook na 'n beperkte tyd kan verwys – so lank as wat dit neem om heeltemal uit te brand.

Volgens die SDA is daar nie verskillende bestemmings vir afgestorwe gelowiges en ongelowiges nie. Daar is net 'n doderyk waarheen alle gestorwenes gaan om die tyd van hulle opstanding af te wag. Voor die millennium sal “die opstanding van die lewe” plaasvind, en daarna “die opstanding van die veroordeling” (Joh. 5:29).

Die regverdiges sal die ewige lewe beërft: “The saints who have slept in silence, unconscious of the passing of time, will suddenly be awakened. Some have slumbered for thousands of years; others have had only a brief period in the grave. To all, the time will seem the same – as just a moment. They will come forth with their faces glowing with joy, health, and immortality” (*Family Bible Studies*, bl. 257). Die goddeloses sal finaal in die poel van vuur verdelt word.

Verder glo die SDA dat geen mens tussen sy dood en die opstanding 'n bewustelike bestaan in die hemel of die doderyk voer nie. Daar word beweer dat die mens se liggaam tot stof terugkeer en dat sy gees na God terugkeer wat dit gegee het, en dat die dooies geen gedagtes, gevoelens of herinneringe sal hê tot op die dag wanneer hulle uit die dood opgewek word nie. Hulle is in 'n diepe slaap, onbewus van alles rondom hulle. Die SDA is baie sterk daarvan oortuigt dat die Bybel hierdie verkeerde standpunt van hulle onderskryf: “Yes, the Scriptures are plain. When death comes, all thinking and feeling end. If they do not, the Bible is false and unreliable. Thinking and feeling did not exist before God breathed life into man, and they stop entirely when the man dies” (*Family Bible Studies*, bl. 249).

Die SDA se leer oor elke aspek van sieleslaap is heeltemal in stryd met die Bybel. Sedert OT tye was daar ná die dood uiteenlopende bestemmings vir die regverdiges wat na die paradys gegaan het, en die onregverdiges wat na die doderyk (Heb. *sheol*, Gr. *hades*) gegaan het. Tussen hierdie twee bestemmings is daar 'n groot kloof, soos blyk uit

die gelykenis van die ryk man en Lasarus (Luk. 16:19-31). Uit hierdie gelykenis is dit duidelik dat daar geen vorm van sieleslaap by die regverdiges óf onregverdiges bestaan nie. Hulle het aktiewe gedagtes, gevoelens, én 'n goeie geheue oor wat hulle gedoen het.

Ná Christus se opstanding gaan gestorwe gelowiges nie meer paradys toe nie, maar hemel toe. Paulus sê: “Ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; maar om in die vlees te bly, is nodiger om julle ontwil” (Fil. 1:23-24). Hy het beslis nie na 'n sieleslaap in die graf uitgesien toe hy begeer het om te sterf en in die teenwoordigheid van Christus te wees nie!

Finale beoordeling

Hoewel sommige predikers in die SDA op 'n evangeliese verlossingsleer en die onfeilbaarheid van die Bybel staan, is baie van die ander só wetties en op buite-Bybelse profesieë ingestel dat die evangelieboodskap ernstig in die gedrang kom. Die SDA het ook verskeie hoogs kontroversiële leerstellings waardeur die Bybel nie reg vertolk word nie. Dit het veral te doen met hulle siening oor die wet en die sabbat, asook met hulle eskatologie, hulle siening oor die profetiese gawe en hulle leer oor sieleslaap. Walter R. Martin (*The Kingdom of the Cults*, bl. 383) sê die volgende oor kritiek teen mev. Ellen G. White en die SDA:

“Die inspirasie vir 90% van die negatiewe kritiek wat oor die jare heen teen mev. White gelewer is, kom in die boeke van Dudley M. Canright voor. Hy was vroeër 'n baie suksesvolle en geliefde Adventiste leraar, en ook 'n persoonlike vriend van Ellen White, haar man, James, en verskeie Adventiste leraars. Hy het uit die beweging bedank omdat hy geloof in die inspirasie van mev. White se visioene en leerstellings verloor het. Hy het in 1887 uit die SDA bedank en 'n Baptiste leraar geword. Hy het ook sterk teen die uiterste wettisme te velde getrek wat onder baie van die Adventiste voorgekom het. Hy het twee boeke oor sy besware geskryf, nl. *Seventh-day Adventism Renounced* en *Life of Mrs. E.G. White*.”

Dudley Canright het sy finale gevolgtrekking só geformuleer: “Nadat ek die sewende dag vir 28 jaar lank eerbiedig het; nadat ek meer as 'n duisend ander mense oortuig het om dit te doen; nadat ek my Bybel meer as 20 keer vers-vir-vers deurgelees het; nadat ek elke vers wat selfs net in die geringste mate op die sabbat-vraagstuk betrekking het, na die beste van my vermoë bestudeer het; nadat ek al hierdie verse in die oorspronklike tale én in baie vertalings gelees het; nadat ek leksikons, konkordansies, kommentare en woordeboeke geraadpleeg het; nadat ek talle boeke oor beide kante van die debat gelees het; nadat ek elke reël gelees het wat die vroeë kerkvaders hieroor gesê het; nadat ek self verskeie boeke ten gunste van Sewendedag-Adventisme ge-

skryf het wat goed deur my broeders ontvang is; en nadat ek al die getuienis hieroor in die vrees van God en met die oog op die oordeelsdag oorweeg het, is ek in my eie gemoed ten volle daarvan oortuig dat al die getuienis téén die onderhouding van die sewende dag is” (aangehaal deur Oswald Smith in *Who are the False Prophets?* bl. 18).

’n Ander tydgenoot van Ellen White het ook haar visioene bevraagteken, maar nie haar persoonlike geloof in die Here Jesus as Verlosser nie. Haar neef, James White, het geskryf: “Ek aanvaar nie suster Ellen se visioene as goddelik geïnspireer nie, ten spyte daarvan dat sy dink dit is so. Nogtans beskuldig ek haar nie van doelbewuste oneerlikheid nie... Ek dink dat dit wat sy as visioene van die Here af beskou, niks meer is nie as godsdienstige mymeringe (of dagdrome) waarin haar verbeelding die loop neem oor sake waarin sy baie geïnteresseerd is. Wanneer sy in hierdie mymeringe opgaan, is sy onbewus van enigeen naby haar. Daar is twee soorte mymering: sondig en godsdienstig. In albei gevalle is die oorsprong van sentimente in die persoon se eie kennis, leerstellings oortuigings en studies geleë. Ek dink hoegenaamd nie dat haar visioene van die duiwel af kom nie” (*A Word to the Little Flock*, 1847, bl. 29).

Martin (*The Kingdom of the Cults*, bl. 385) sê hy kan glad nie die SDA se aanspraak aanvaar dat Ellen White ’n gawe van profesie gehad het soos wat dit in 1 Korintiërs 14 beskryf word nie. Die groot verskil tussen Ellen White se visioene en dit wat die Bybel sê, laat geen ruimte vir ’n kerk om sy leerstellings op haar twyfelagtige visioene te bou en hulle steeds as godgegewe openbarings te beskou en te verkondig nie.

Dit is in die geval van die SDA baie duidelik dat wanneer die wet met genade vermeng word, mense hulle insig en geestelike vermoë verloor om “die woord van die waarheid reg te sny” (2 Tim. 2:15). Alles val nie reg in plek nie, en groot verwarring ontstaan nie net oor die beginsels van die leer van heiligmaking nie, maar ook oor die eskatologie. Sekere beloftes soos die wegraping word misgekyk, terwyl sondagaanbidding vir hulle die merk van die dier word. Dit is ernstige misleiding!

7. Christelike Fundamentalisme

Baie van die Nuwe Testamentiese gelowiges plaas verkeerdelik wet-tiese reëls uit die ou verbond met Israel na die Christelike geloof oor en volg dit dan slaafs na. Hulle doen dit meesal omdat hulle eerlik daarvan oortuig is dat hulle siening van die Christelike lewe meer Skrifgetrou en dus ook meer fundamentalisties is as diegene wat baie oppervlakkig in hulle denke is en op morele gebied permissief leef. In 'n breër verband sien hulle Christelike wetsgehoorsaamheid as die enigste alternatief vir die bandelose en wettelose samelewings oral in die wêreld. 'n Verdere rede waarom baie mense hierdie denkpatroon en lewenswyse aanvaar, is omdat hulle die kerk as die NT plaasvervanger en dus ook die voortsetting van die volk Israel sien. Hulle probeer dan om op hierdie manier uitvoering aan God se verbonde met Israel te gee.

In die proses doen hulle egter baie skade aan die Christelike vryheid wat ons binne die verband van die leer van genade het. Ons word opgeroep om vas te staan in die vryheid waarmee Christus ons vrygekoop het, en onself nie onder die juk van diensbaarheid aan Israel se OT wette te bring nie (Gal. 5:1). Ons word nou deur die Heilige Gees in die volle waarheid gelei. Gehoorsaamheid aan sy leiding en oortuigingswerk is die reël waarvolgens ons moet wandel, en nie die letter van die OT wet nie.

Die leiding van die Heilige Gees ooreenkomstig die beginsels van Christus se genade stel ons in staat om veel hoër standaarde van heiligheid te bereik as wat in die OT moontlik was. Paulus sê dat die genade van God ons "leer" (of lei) om "wêreldse begeerlikhede te verloën, en ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe." Dit gee ook aan ons 'n aktiewe en salige hoop op die verskyning van die Here Jesus tydens die wegraping (Tit. 2:11-13). 'n Lewe van hierdie aard is nie onder die wet moontlik nie.

Ons kan onself slegs fundamentele, konserwatiewe of evangeliese Christene noem indien ons ten volle volgens die beginsels van die nuwe verbond leef. Christelike fundamentalisme staan met die volgende 32 beginselsake in verband:

Die erkenning van Skrifgesag. Dit behels die erkenning van die Bybel, in sy oorspronklike tale, as die letterlike en foutlose Woord van God wat deur die Heilige Gees geïnspireer is. Dit verskaf betroubare kennis oor ons saligheid deur geloof in Jesus Christus, en is ook 'n vaste riglyn vir ons Christelike lewe in al sy fasette: "Die hele Skrif is deur God ingegeë

en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:15-17; vgl. 2 Pet. 1:19-21). Omdat God die oppergesag in die heelal het, is alle uitsprake in sy Woord ook met gesag bekleed. As ons God vrees, moet ons die gesag van sy Woord eerbiedig en altyd nougeset daarvolgens handel. Daar word groot seën aan ons beloof as ons nie regs of links van sy Woord afwyk nie (Deut. 5:32; Jes. 66:2; Op. 3:8). Aan die ander kant rus God se oordele op almal wat sy gesag, asook die gesag van sy Woord, verwerp en die rug daarop draai. In die eerbiediging van Skrifgesag moet ons duidelike onderskeid tussen die OT opdragte aan Israel en die NT opdragte aan die kerk tref.

‘n Letterlike Skrifverklaring. Die letterlike, grammaties-historiese verstaan van die Bybel is ‘n grondbeginsel in die evangeliese Christendom. Die Here het bedoel wat Hy in bepaalde tydsomstandighede vir bepaalde mense gesê het. Beeldspraak en simboliek moet beperk word tot dit wat die Bybel self duidelik só bedoel. Die Engelse uitdrukking is: "When the plain sense of the Word makes common sense, then seek no other sense." Selfs al is daar simbole, het hulle meesal ‘n letterlike teëbeeld en moet dus nie allegories verklaar word nie. Die dier met die sewe koppe (Op. 13:1-2; 17:7) is bv. nie ‘n abstrakte begrip wat allegories verklaar moet word nie, maar ‘n simboliese beskrywing van ‘n persoon, die Antichris. Beskrywende name word dikwels in die Bybel gebruik om sekere morele of geestelike eienskappe van ‘n persoon te beklemtoon. Só bv. is Christus die lig van die wêreld, die water en brood van die lewe, die Lam van God, ens. Wanneer daar van ‘n letterlike Skrifverklaring afgewyk word deur bv. te beweer dat Israel die kerk is of dat Jesus net metafores uit die dood opgestaan het, dan gee sulke mense hulle eie, subjektiewe verklaring vir God se Woord en verander die basiese betekenis daarvan heeltemal.

Die verwerping van vergeesteliking. Die apostels én die vroeë kerkvaders het die Skrif met die idee van *sensus plenior* benader (Eng. *plain meaning*, Afr. *duidelike, alledaagse betekenis*). Dit is die aanvaarding dat daar slegs een betekenis vir ‘n teks is. Later is hierdie benadering toenemend verwerp. Origenes (geb. 185 n.C.) is die vader van die allegoriese interpretasie en het verskeie boeke oor die verstaan van die Bybel geskryf. Hy was egter sterk onder die invloed van die Griekse filosofie van Plato en wou filosofies meelee maar tóg ook Christen bly. Hy het die Bybel as ‘n boek gesien wat vol simbole en allegoriese konstruksies is en dit derhalwe nie letterlik vertolk nie. Die werklike bestaan was vir hom in die filosofies-geestelike gnosis (kennis van godsdienstige verborgenhede) geleë waarheen elkeen moet vorder. Daar

was vir hom geen sprake van 'n letterlike koningskap van Christus op aarde nie, en dus ook nie van 'n persoonlike Antichris wat voor die wederkoms sewe jaar lank oor die wêreld sal regeer nie. Die allegoriese vertolking van die Bybel het 'n hoogs bedenklike oorsprong omdat die Bybel nie deur die Bybel self verklaar word nie, maar in terme van 'n filosofiese benadering as 'n abstrakte geskrif met verborge betekenis gesien word. Hierdie benadering leef steeds in die gereformeerde teologie voort, omdat sowel die hervormers as hulle opvolgers verkies het om die reël van *sensus plenior* te verwerp sodat hulle o.a. van die idee van 'n letterlike herstel van Israel kon wegkom. Groot kerke se selgroepe of omgegroepe word soms aangemoedig om die *meerderheid betekenisse* wat deur vergeesteliking aan Bybelse uitsprake gekoppel kan word, te ondersoek. Vir elkeen beteken 'n teks dan iets anders, en dikwels kom hulle glad nie by die primêre betekenis van tekste uit nie. Fundamentaliste kan hoegenaamd nie met hierdie gebruik saamgaan nie. Verskillende toepassings van dieselfde waarheid is in orde, maar nie verskillende verklarings vir die basiese betekenis van die Skrif nie.

Die erkenning van geestelike werklikhede. 'n Letterlike vorm van Skrifverklaring behels ook die volle erkenning van geestelike stellings in die Bybel. Daar is geen waarheid in die bewering deur vergeestelikings-teoloë dat net hulle die Bybel geestelik verstaan, terwyl die fundamentaliste dit letterlik opneem en sodoende die geestelike waarhede daarvan ontken nie. Hierdie argument beteken dat ons ongeestelik is, terwyl hulle geestelik is. Die feit is dat ons die grondbetekenis van elke teks ten volle aanvaar. As daardie grondbetekenis geestelik is, dan aanvaar ons dit net so as 'n geestelike stelling. Ons probeer nie om verse te verander wat 'n duidelike geestelike strekking het nie. Soos ons dit verstaan, is dit juis ongeestelik om die Bybel feitlik deurgaans te vergeestelik en van sy grondbetekenis te ontnem, want dan takel jy die gesag van die Skrif af. Daar is geen betroubare basis vir geestelikheid as ons nie 'n gesagvolle Bybel het nie.

Teologiese konserwatisme. 'n Fundamentele Christen is konserwatief en behoudend omdat hy daartoe verbind is om die Bybel se boodskap in terme van sy grondbetekenis te verklaar en toe te pas. Mense wat hulleself die vryheid veroorloof om 'n woord of sin deur vergeesteliking of allegoriserings van sy basiese betekenis te beroof, tree liberaal en eiesinnig op. Hulle toon nie respek vir die basiese betekenis van God se Woord nie, en besluit dan self watter ander betekenis hulle daaraan kan koppel. Daar is geen perke aan die eiesinnige eksegeese van hierdie liberale teoloë nie. Baie van hulle neem letterlike uitsprake oor die hemel, die hel, die duiwel, die Antichris, Israel en die duisendjarige vrederyk, en gee dan heeltemal 'n ander betekenis daaraan as wat die

Bybel doen, of ontken selfs die werklikheid van hierdie begrippe. As regverdiging vir hulle liberale voortvarendheid beweer hulle dat die Bybel in terme van 'n antieke wêreldbeeld geskryf is, toe mense nog in drake, die duivel en die hel geglo het. Die modernis skryf die hele Bybel dus oor en beweer implisiet dat God se openbarings in die vorm van primitiewe bygelowe in die Bybel verwoord is. Die Here gaan hard met hulle handel, soos wat daar in die laaste hoofstuk van die Bybel verduidelik word (Op. 22:18-19).

Die Bybelse skeppingsleer. Die Bybelse beskrywing dat God die Skepper is van alles wat bestaan, word onvoorwaardelik aanvaar. Hierdie oortuiging lei na die verwerping van die evolusieleer, wat 'n blote teorie is dat alle lewe ná 'n oerknal evolusionêr uit 'n eensellige organisme iewers in 'n groot moeras ontwikkel het. Die evolusieteorie is 'n uitdruklike ontkenning van die feit dat mense ander attribute as die diereryk het. Hulle verwerp die feit dat mense ook geestelike wesens is wat na die beeld van God geskape is, en dus vir hulle optrede aan Hom aanspreeklik is. Die meerderheid evolusioniste is agnostici omdat hulle meen dat hulle wetenskaplike feite het dat God nie 'n rol in die ontstaan van lewe gespeel het nie. Hulle dwaal egter grootliks, omdat daar geen vaste wetenskaplike bewyse vir hierdie teorie is nie. Daar is nie bewyse vir transisionele spesies gevind, op grond waarvan die afleiding van geleidelike verandering na hoër vorme gemaak kan word nie. Ape is sedert die skepping nog steeds ape, en het nie deur evolusionêre verandering iets anders geword nie!

Die vyandige koninkryk van Satan. Fundamentele Christene glo in die bestaan van 'n opponerende koninkryk van die duisternis wat onder die hoof van Satan en sy demone staan. Die Here het die poel van vuur (die hel) as 'n ewige plek van verdoemenis vir die duivel en sy engele berei, asook alle ongeredde sondears (Matt. 25:41; Op. 20:11-15). Omdat alle mense weens Satan se verleiding van ons eerste ouers met 'n sondige natuur gebore word (Rom. 5:12), moet ons besef dat ons net deur Jesus Christus van ons sonde en van satansmag verlos kan word (Ef. 1:7; 1 Joh. 3:8). Benewens die invloed van die mens se sondige natuur wat oorwin moet word (Gal. 5:16-17), moet ons ook die volle wapenrusting van God aantrek sodat ons staande kan bly teen die list van die duivel (Ef. 6:10-13). Geestelike oorlogvoering is 'n weg tot oorwinning in ons persoonlike stryd teen Satan. Ons moenie hierdie metode op 'n onbybelse manier gebruik in pogings om Satan en sy demone uit die hele wêreld (stede, lande en kontinente) te probeer verdryf nie. In hierdie hele bedeling leef ons in 'n wêreld wat in die mag van die Bose lê (Gal. 1:4; 1 Joh. 5:19). Ons is in 'n stryd teen boosheid gewikkel, en dié stryd word al hoe hewiger.

Dispensasionalisme. 'n Letterlike vertolking van die Bybel verbind ons tot 'n dispensasionele verklaring van God se geopenbaarde waarheid. Elke dispensasie (bedeling) het sy eie kenmerke, hoewel dit ook sekere ooreenkomste met ander dispensasies kan hê. Neem in verband met dispensasionele verskille in ag dat die Nuwe Testamentiese geloofsuitsprake waarin die kruis die basis vorm, anders as Ou Testamentiese geloofsuitsprake klink. Dit is onmoontlik om geestelik die regte perspektief oor sake te hê indien ons nie dispensasionele werklikhede in ag neem nie. Wanneer verskillende dispensasies in God se raadsplan vir die mens met mekaar verwar word, tree groot dwalings en valse verwagtings in. Dit gebeur bv. wanneer aspekte van Israel se bedeling van die wet in die OT met die NT bedeling van genade (die kerkbedeling) verwar word deur mense wat 'n wettiese godsdiensvorm voorstaan. Groot dwalings tree ook in wanneer die kerkbedeling met die toekomstige koninkryksbedeling van Christus se vrederyk op aarde gelykgestel word, wat eers ná sy wederkoms sal aanbreek. Dit skep verwagtings dat die duiwel nou gebind en van sy invloed gestroop kan word, dat Christene nou die wêreld kan oorneem en soos klein koninkies regeer, en dat tekens en wonders algemeen moet voorkom. Sulke mense is mislei en het geen begrip vir profesieë oor 'n slegter wordende wêreld aan die einde van die kerkdispensasie nie (1 Tim. 4:1; 2 Tim. 3:1-5).

Erkenning van Israel. Fundamentele Christene erken die moderne staat van Israel, omdat hulle in die letterlike, eindtydse vervulling van die baie beloftes oor Israel se herstel as volk in die Beloofde Land glo (Jes. 11:11-12; Jer. 31:3-10,20-21,31-39; Eseg. 11:17; 36:22-29; 37:21). Israel keer tans terug na die land wat die Here aan hulle vaders gegee het (Gen. 13:14-15; 17:8; 26:3; 28:13). Hulle het 'n onbetwisbare Bybelse mandaat oor hierdie land, daarom mag dit nie van hulle vervreem of selfs net verdeel word nie. Die tweestaat-oplossing wat Amerika en die hele internasionale gemeenskap nastreef, in terme waarvan hierdie land in twee state, Israel en Palestina, verdeel moet word, is lynreg in stryd met die Bybel. Groot oordele van die Here gaan oor die nie-Joodse nasies kom, omdat hulle hierdie land verdeel het (Joël 3:1-2). Die Here het sy Naam nie net aan Israel as sy volk verbind nie (Jer. 31:1), maar aan Jerusalem as hulle geestelike en politieke hoofstad, wat ook in die millennium, ná Christus se wederkoms, hierdie status sal geniet (1 Kon. 9:3, 11:36; Jes. 2:1-4; Jer. 3:17). Jerusalem mag nie verdeel word nie.

Voortgaande hervorming. Ernstige Christene moet voortdurend daarop ingestel wees om die teologie en gebruike van die kerk of huisgroepe waaraan hulle behoort, in lyn met die Bybel te bring. Bybelstudie en die gebruik van goeie naslaanbronne om dieper insig in die Woord te kry, gevolg deur aksies om die nuwe kennis te implementeer, moet 'n voort-

gaande proses wees. Daar moet gewaak word om Bybels onverantwoordbare kerklike standpunte en gebruike wat oor 'n lang tyd tradisie geword het, te laat voortleef sonder om dit ooit te bevraagteken. Baie van die gereformeerde kerke maak hulleself hieraan skuldig, en laat na om ernstige foute wat hulle kerkvaders in belydenisskrifte vasgelê het, krities te ondersoek. Op dié manier het daar selfs totaal onbybelse, Roomse gebruike en sienings in die kerk van die Hervorming ingesluip en voortgeleef. In plaas van 'n egte hervorming waarin daar na Bybelse beginsels en standarde teruggekeer word, is daar in baie kerke 'n onbybelse hervorming aan die gang wat daarop ingestel is om die oorblywende, fundamentele belydenisse in die kerk wortel en tak uit te roei. In Suid-Afrika is daar só 'n *Nuwe Hervorming* aan die gang, waardeur teologiese verwoestingswerk gedoen word. Dit is nie 'n *reformasie* van die kerk om dit nader aan die Bybel te bring nie, maar 'n *deformasie* wat daarop gerig is om die kerk se geloofsfondamente heeltemal omver te werp. Nuwe hervormers beweer dat die “meesterverhaal” van die Christendom op die beperkte en dikwels foutiewe insigte van die Bybel-skrywers en kerkvaders berus. Deur moderne teologiese “navorsing,” wat niks anders as beplande, postmoderne dekonstruksie en humanistiese herbesinning is nie, konstrueer hulle nou 'n “historiese Jesus” wat nie maagdelik gebore is nie, nie God is nie, wie se kruisdood geen heilswaarde het nie, en wat nie liggaamlik uit die dood opgestaan het nie. Vir hulle is die Bybel nie God se onfeilbare Woord nie, maar blote spekulاسie deur “primitiewe denkers.” Hulle stel die Christendom ook gelyk met ander gelowe. Hierdie proses van godsdienstige verval moet verwerp en deur 'n egte hervorming teëgewerk word.

Bybelse Christologie. Fundamentele Christene is daartoe verbind om die volle openbaring van Jesus Christus in die Bybel te glo en te verkondig. Daar moet absolute duidelikheid oor sy ewige selfbestaan wees, sy rol in die skepping van die wêreld, die gelyke posisie wat Hy as God die Seun saam met God die Vader en God die Heilige Gees in die Drie-eenheid inneem, sy maagdelike geboorte tydens sy menswording, die volle betekenis van sy soendood aan die kruis, sy liggaamlike opstanding uit die dood, sy hemelvaart, sy funksies as profeet, hoëpriester en Koning, asook die feit dat Hy met sy wederkoms as Koning van Israel én die hele wêreld geopenbaar sal word. Dan sal Hy van die troon van Dawid af in sy vrederyk oor die hele wêreld regeer. Sy attribute moet ook dispensasioneel reg verstaan word, omdat die klem in die kerkdispensasie op die gekruisigde Christus val wat deur die wêreld verwerp word, op sy Hoëpriesterlike rol om vir ons by die Vader se troon in die hemel in te tree, en ook op die besondere manier waarop Hy sy dissipels deur bemiddeling van die Heilige Gees lei en vir hulle opdrag bekragtig om die wêreld te evangeliseer. In die vrederyk sal Hy

fisies op aarde teenwoordig wees, dan sal die klem op sy koninklike rol val en elke knie sal voor Hom buig.

Die uniekheid van die Christelike geloof. In ons verhouding met die wêreld daarbuite word baie sterk standpunt oor die uniekheid van die Christelike geloof ingeneem. Geen mens kan na God gaan anders as net deur Jesus Christus nie (Joh. 14:6). “Die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie” (Hand. 4:12). Geen geloofwaardigheid van enige aard kan dus aan die nie-Christelike gelowe verleen word nie, en daar kan ook nie ekumeniese bande met hulle gesmee word nie. Broederlike verhoudings kan selfs nie eers met nominaal Christelike kerke aangeknoop word wat nie ‘n duidelike verlossingsleer bely wat op die geloofsaanvaarding van Christus se reddende genade as gevolg van sy soendood aan die kruis gebaseer is nie.

‘n Evangeliese verlossingsleer. Verlossing geskied deur bekering (‘n veranderde gesindheid oor jou sonde) en die geloofsaanvaarding van die Here Jesus as jou Saligmaker (Joh. 1:12; Hand. 16:31). Christus het deur sy kruisdood versoening vir die sondes van die hele wêreld gedoen (Hand. 17:30; 1 Joh. 2:2), daarom moet ‘n sondaar sy geloof in die gekruisigde Here Jesus stel, wat ook deur sy opstanding die dood en graf oorwin het, en leef om vir ons in te tree. Geen persoon kan op enige ander grondslag saliggespreek word, bv. op grond van sy goeie werke, doop en aanneming nie (vgl. Ef. 2:8-9). Daar is geen Bybelse regverdiging vir die algemene gereformeerde siening dat die Here voor die grondlegging van die wêreld sekere mense vir redding uitverkies het, en dat hulle verkiesing dan deur hulle verbondsdoope bevestig word nie. Dit is die Roomse leer van doopsaligheid. Daar word oor en oor in die Bybel gesê dat die Here alle mense wil red (Joh. 3:16; Hand. 17:30; 1 Tim. 2:3-4; 2 Pet. 3:9). Die genadedeur is vir almal oop, en elkeen moet besluit of hy of sy wil ingaan. Geen dwang word toegepas nie.

Sensitiwiteit vir die werking van die Heilige Gees. Die belangrikste bedienings van die Heilige Gees staan in verband met die oortuiging van sonde, wederbaring, bekragtiging, onderrigting en vertroosting. ‘n Transisionele gawe soos die spreek in ander tale, was net vir die oorgang na die nuwe bedeling van die kerk van Christus onder alle nasies bedoel. Daardeur het die Here aangetoon dat die evangelie in alle tale verkondig moes word. Hierdie stelling is in die eerste eeu reeds duidelik gemaak, en niemand het die reg om steeds vir só ‘n gawe te bid nie. In die pinksterbelofte het die Here Jesus slegs die krag van die Heilige Gees aan ons beloof – nie gawes van talespreek en genesing nie (Luk. 24:49; Hand. 1:8). Ons moet groot sensitiwiteit en gehoorsaamheid vir die leiding van die Heilige Gees hê, ook wanneer Hy ons van sonde

oortuig, omdat Hy nie Homself op enigeen afdwing nie. Hy kan dus maklik bedroef word (Ef. 4:30), wat beteken dat 'n persoon dan van die Here se wil afwyk. Ons moet ook versigtig wees om nie die Gees van God se werking na manifestasies op die sintuiglik waarneembare vlak te herlei, soos bv. val in die Gees nie. Dit gaan gewoonlik met transtoeustande en wanordelike verskynsels soos onbeheerste lagbuie, onsamehangende gesprekke en die maak van dieregeluide gepaard. Wanneer 'n Skriftoets op hierdie vreemde manifestasies toegepas word (1 Joh. 4:1), sal dit oneg bevind word, en dus in botsing met 'n fundamentele Skrifbeskouing.

Vryheid van die menslike wil. Die Here het aan elke mens 'n vrye wil gegee, sodat hy self tussen goed en kwaad kan besluit. Hy wil hê ons moet Hom vrywillig liefhê, daarom moet ons onself deur 'n wilsbesluit hiertoe verbind. Dié siening staan direk teenoor predestinasie, wat leer dat die Here alle mense op 'n voorafbepaalde manier manipuleer om te doen wat Hy wil hê dat hulle moet doen. Dit is egter in stryd met die Bybel, waarin die Here Jesus sê: "Laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet" (Op. 22:17). Hy het ook gesê dat Hy Jerusalem se inwoners by Hom wou versamel, maar hulle wou nie (Matt. 23:37). Die feit dat mense in stryd met God se wil kan optree en sy Gees kan bedroef, tas geensins sy soewereiniteit aan nie. Hy het juis 'n soewereine besluit geneem om aan mense 'n vrye wil te gee, sodat hulle kan besluit wie hulle wil dien (vgl. Jos. 24:15; 2 Kor. 5:20). Die Here het wêl voorkennis oor wie Hom sal aanneem, en verkies hulle dan tot heiligmaking en diensbaarheid. Dit beteken dat Hy hulle in sy diens aanstel en die voorwaardes vir vrugbare diens bepaal.

'n Skriftuurlike leer oor sonde. Die mens is na die beeld van God geskape, maar as gevolg van die sondeval het hy geestelik gesterf en 'n verdorwe natuur met immorele neigings gekry. Alles wat hy doen en bedink wat in stryd met die goddelike natuur is, word deur die Bybel *sonde* genoem. Die wet het Israel in die OT van hulle sonde oortuig, en die Heilige Gees oortuig mense in die huidige bedeling na aanleiding van Skrifuitsprake van sonde. Die Here wil sy beeld in mense herstel, en hiervoor is bekering, wedergeboorte en heiligmaking nodig. Sy oproep aan Israel in die OT én ook aan alle gelowiges in die NT is: "Wees heilig, want Ek is heilig" (Lev. 11:44; 1 Pet. 1:15-16). Van die sondeval af tot vandag toe het die definisie van sonde nie verander nie, omdat dit alle vorms van gedrag insluit wat in botsing met God se onveranderlike, heilige natuur is. Menslike waardes kan nooit die norm vir sonde word nie, omdat dit subjektief bepaal word deur mense wat meesal self nog onder die beheer van hulle ongekrusigde, sondige natuur leef. Die Bybel alleen is die maatstaf vir dit wat sonde is. As die Bybel bv. sê dat

homoseksualiteit sonde is (Rom. 1:26-27), dan bly dit altyd 'n sonde omdat God nie mense so geskape het nie. Die Bybel praat baie oor sonde, onder meer as die vrug van die vlees, wat die sonde-geneigde natuur van die mens is. Die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23), daarom móét ons daarvan verlos word (Matt. 1:21).

Bybelse beginsels en kultureel bepaalde gebruike. Bybelse beginsels vir menslike gedrag verander nie, maar kultureel-bepaalde maniere waardeur uitvoering aan daardie beginsels gegee word, kan van volk tot volk en van tyd tot tyd verander. In die eerste eeu moes die vrouens as 'n aanduiding van onderworpenheid aan gesag 'n hoed op hulle hoofde hê wanneer hulle aanbid. Vandag is 'n hoed nie 'n simbool van die vrou se onderdanigheid aan die man nie, en moet hierdie beginsel op ander maniere afgedwing word. In die eerste eeu moes die mans mekaar hartlik groet, en die gebruik daardie tyd was om mekaar te soen (1 Kor. 16:20; 1 Thess. 5:26). Vandag is daar ander maniere om mekaar hartlik te groet! Kleredrag het ook verander. Die beginsel is dat mense goed geklee moet wees. In die eerste eeu het die mans nie baadjies en pakke klere gedra nie, maar rokke. Ons het heeltemal ander kulturele gebruike om goed geklee te wees. Ons moet dus die vaste Bybelse beginsels in ons eie kultuurverband eerbiedig.

Antitetiese lewensbeskouing. 'n Bybelse denkwysie is sterk teenstellend, of antiteties. Fundamentele Christene is verplig om duidelike onderskeid tussen geregtigheid en sonde, mooi en lelik, goed en kwaad, die waarheid en die leuen, die lig en die duisternis, te kan tref. Dit beteken dat hulle geestelike en morele riglyne moet hê wat in elke situasie gebruik kan word om by die regte optrede en besluite uit te kom, soos deur die Bybel voorgeskryf. In die opkomende nuwe wêreldorde en ook in die Nuwe Era Beweging, verskuif die klem na 'n sintetiese denkwysie. Dit is holisties en lei na die samevloeiing en eenwording van alle dinge. Grense word nie meer getrek nie, omdat dit die onderlinge eenheid van alle dinge versteur. Die klem is nou op die bou van brûe van versoening en vereniging. Alle godsdienste moet bv. hande vat, as gevolg van die sintetiese idee dat ons almal dieselfde God aanbid. So ook moet kulture en ideologieë saamvloei, sodat die bestaande diversiteit deur 'n oorkoepelende eenheid vervang kan word. Dit is totaal in stryd met 'n Bybelse denkwysie, waarin die Here skeiding tussen lig en duisternis gemaak het. Ons kan nie in een juk saam met ander gelowe trek nie (2 Kor. 6:14-18).

'n Verdedigende (apologetiese) ingesteldheid. Die Bybelse boodskap staan teenoor 'n verdorwe en sondige wêreld, waarmee dit in stryd is. Om hierdie rede moet ware Christene skyn soos ligte te midde van 'n krom en verdraaide geslag (Fil. 2:15), terwyl hulle die goeie stryd

van die geloof stry (1 Tim. 6:12). Ons is die sout van 'n bedorwe aarde en die lig van 'n donker wêreld (Matt. 5:13-16). Dit is duidelik dat ons die Here, sy Woord, ons geloof en 'n Christelike leefwyse teen die aanslag van 'n vyandige wêreld moet verdedig. Valse leraars wat van die waarheid van die Woord afgewyk het, bevraagteken en diskrediteer ook voortdurend die Bybel en die suiwer Christelike leer, daarom sê Paulus: “Verkondig die woord, hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie” (2 Tim. 4:2-3). Ons is tot die verdediging van die evangelie bestem (Fil. 1:17). In die ware sin van die woord moet ons Protestante wees wat teen alle vorms van leerstellige dwaling en korrupte praktyke protesteer.

Die verwerping van positiewe denke. Die teëstellende denkpatroon van fundamentele Christene verbind hulle daartoe om ook volle erkenning aan die bestaan van negatiewe, sondige gedagtes en werke te gee. Ons moet kwade en bose dinge kan identifiseer en teëstaan, veral ook geestelike dwalings. 'n Sondaar moet 'n sondaar genoem word; so ook moet God se oordeel oor sondaars saam met die oplossing daarvoor verkondig word. Liberale kerke, asook die ekumeniese beweging, beskou hierdie ingesteldheid egter as 'n groot bedreiging vir hulle program van eenwording met die Roomse Kerk én die nie-Christelike gelowe. Hulle wil nie hê ons moet dwalings noem en kritiek teen afvaliges lewer nie, want dit versteur hulle pogings tot eenwording met die wêreld. Hulle sê dat fundamentaliste negatiewe mense is wat daarop uit is om konflik en verdeeldheid te skep. Ons verwerp egter hulle humanisties-gedrewe positiewe denke omdat hulle mislei is en geen onderskeid tussen goed en kwaad kan of wil tref nie.

Christusgelykvormigheid. 'n Lewe van gelykvormigheid aan die Here Jesus moet die hoogste ideaal van elke Christen wees: “Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook te wandel soos Hy gewandel het” (1 Joh. 2:6). Die Here Jesus het duidelik nie vir Homself geleef nie, maar vir andere: “Elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie” (Matt. 20:27-28). Ons moet diensknegte wees wat die boodskap van die Here Jesus se reddende genade aan almal verkondig. Ons moet dinge doen wat ewigheidswaarde het, en nie daarna streef om verganklike, wêreldse skatte bymekaar te maak nie. Ons moet ook bereid wees om te ly en swaar te kry as dit nodig is, soos wat Christus ook gedoen het (1 Pet. 2:21). Ons moenie navolgers van ander mense wees nie, en dit sluit die kerkvaders in, tensy hulle self getroue navolgers van Jesus Christus was, soos bv. Paulus (1 Kor. 11:1).

Die handhawing van 'n Bybelse gesagsorde. God beklee die oppergesag in die heelal. Hy het Christus as die hoof van die gemeente aangestel (Ef. 1:22). Onder die hoofskap van Christus word ouderlinge en diakens aangestel wat ampsdraers in die gemeente is. Hulle is almal mans: “'n Opsier moet onberispelik wees, die man van een vrou... en wat sy huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou” (1 Tim. 3:2-4). 'n Vrou mag nie oor 'n man regeer of hom in 'n erediens uit die Woord onderrig nie, daarom mag hulle nie predikante word nie. Weens die apologetiese, vermanende en dissiplinêre aspekte van prediking, moet dit in die hande van mans bly. Dit is vir mans 'n vernedering om deur 'n vrou bestraf en gedissiplineer te word. Paulus sê: “Ek laat die vrou nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie” (1 Tim. 2:12). Vrouens is egter vry en dikwels ook baie bekwaam om onderrig aan ander vrouens en kinders te gee, en selfs ook volwasse Bybelstudie waarin daar nie 'n regerende element aanwesig is nie. In menslike samelewings geld dieselfde gesagsorde, want die Here het gesinne ingestel waarin die man in alle gevalle die hoof is: “Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente” (Ef. 5:23).

Kulturele en volksverskeidenheid. Die Here het grense tussen die nasies én volke gestel, en verwag van ons om dit te eerbiedig (Hand. 17:26). Dit is 'n voortsetting van die taalverwarring wat tydens die bou van die toring van Babel ingestel is (Gen. 11:5-8). Dit was verkeerd in die oë van die Here dat die Babiloniërs 'n wêreldstaat met net een taal wou instel, daarom het Hy vir elke groep sy eie taal gegee. Hulle het uitmekaargespat en elkeen in sy eie woongebied onder sy eie regering gaan woon. Hieruit het verskillende volkskulture ontstaan. Die erkenning van hierdie verskeidenheid is die enigste grondslag vir gesonde verhoudings tussen volke. In die evangelisering van die wêreld word ons ook na elke volk en taal en stam gestuur sodat hulle (verkieslik) in hulle eie taal geëvangelizeer kan word. In die eindtyd gaan daar egter onder die aanstigting van die Satan, die Antichris en die valse profeet 'n wêreldstaat met net een regering, een godsdiens en een ekonomiese stelsel geskep word (Op. 13:1-18). Die opkomende nuwe wêreldorde beywer homself hiervoor. Dit sal 'n ernstige vergryp teen God se orde van onafhanklike en selfbeskikkende volke wees, daarom sal die Here Jesus die bose lewenswyse en samelewingsorde van die Antichris tydens sy wederkoms vernietig.

Die erkenning van biologiese identiteit. Die Here het benewens volksidentiteit ook die basiese, persoonlike identiteit van elke individu as man of vrou bepaal (Gen. 1:27). Die doel hiermee was dat heteroseksuele mans en vroue huwelike sluit wat die basiese eenhede vir

voortplanting, versorging, opvoeding, kultuuroordrag en gesagshandhawing in die samelewing is. Die Here het beslis nie geslaglose mense geskape wat nie regtig weet of hulle mans of vrouens is nie (homoseksuele, of gays). Wanneer daar sulke mense is, dan is dit die gevolg van aangeleerde gedrag en nie oorgeërfde gedrag nie. Daar is nie mense wat gay-gene in hulle het nie. Sodomie is 'n gruwel in die oë van die Here, omdat sulke mense deur hulle gedrag die Skepper verloën en selfs ook vir hulle perverse seksualiteit verantwoordelik probeer hou. Daar is verlossing van hierdie verdraaide, sondige ingesteldheid (1 Kor. 6:10-11), en daar is etlike getuienisse van voormalige gays wat nou normale, heteroseksuele verhoudings handhaaf. Sodomie mag beslis nie goedgepraat of voortgesit word nie, want dit is met die gesonde leer van die Bybel in stryd (1 Tim. 1:10; vgl. Rom. 1:24-27). Die skepping van gay gemeentes, asook die aanstelling van gay predikante, is verdere bewyse dat Bybelse fundamentalisme deur die afvalliges verwerp en die fundamente van die Christelike geloof sodoende omgegooi word (vgl. Ps. 2:2-3; 11:3).

Kompromielloosheid. Die Here Jesus het gekom om 'n vaste geloof en duidelike lewensreëls aan ons te gee. Hy het nie gekom om kompromie te maak nie. Alle mense word in sonde ontvang en gebore, en hulle word opgeroep om deur geloof in Jesus Christus 'n duidelike oorgang van die duisternis van sonde af tot sy wonderbare lig te maak (1 Pet. 2:9). Hy verwag dat ons deur bekering met ons sondige verlede sal breek. Die ryk jongman was nie bereid om van sy aardse besittings en vormgodsdienste af te sien en 'n ware volgeling van Jesus te word nie, omdat die kosteberekening vir hom té hoog was. Hy wou graag die beste van twee wêreldes hê en het probeer om God én Mammon gelyk te dien. Toe hy omgedraai het, het die Here Jesus hom nie teruggeroep en kompromie probeer maak deur hom te oorrede om net van die helfte van sy aardse besittings af te sien nie. Dit beteken nie dat ryk mense alles moet weggee om Christene te word nie, maar hulle moet hulself én alles wat hulle het, aan die Here oorgee. Dan word hulle rentmeesters vir die Here se saak op aarde, en behoort dit nie moeilik te vind om ruim bydraes vir die werk van die Here te maak nie.

Christelike moraliteit, waardes en gebruike. 'n Fundamentele Christen is 'n persoon vir wie 'n Christelike lewenswyse die enigste aanvaarbare vorm van bestaan is. Hy beywer homself dus vir 'n Christelike grondwet en regering, Christelike onderwys en die eerbiediging van Christelike norme in die samelewing. Daar was tye, veral gedurende die groot herlewings van die 18^{de} en 19^{de} eeue, toe Christelike hervormings kenmerkend van die meeste volke in Europa en Noord-Amerika was – asook volke van Europese oorsprong in ander wêrelddele. Soos

wat sekularisme en humanisme weer die oorhand gekry het, het hierdie samelewings geleidelik weer hulle Christelike karakter begin verloor. Dit het groter druk en meer verantwoordelikheid op Christelike gesinne geplaas om self op die regte weg te volhard en ook aan die jong geslag 'n Christelike opvoeding te gee. Persone wat nie die Bybel ernstig opneem nie, wyk maklik van hierdie lewenspatroon af en skakel na 'n postmoderne oriëntering oor wat in sy wese post-Christelik is.

Vreemdelingskap. Ten spyte van die positiewe hervormings in sekere lande gedurende die groot herlewings, word die menslike geskiedenis hoofsaaklik deur goddelose en vormgodsdienstige samelewings gekenmerk, waarin daar nie waardering vir fundamentele Bybelse waarhede is nie. In die eindtyd word sulke waardes en lewensbeskouings nie eers meer verdra nie, en in baie gevalle geminag of totaal verwerp (1 Tim. 4:1; 2 Tim. 3:1-5). Die gevolg hiervan is dat ware Christene vreemdelinge en bywoners in 'n wêreld is wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19; 1 Pet. 2:11). Aanvaar hierdie werklikheid, asook die teëstand en vervolging wat met die evangeliese Christenskap gepaard gaan. Die koninkryk van die Here gaan beslis nie nou op aarde geopenbaar word nie, omdat Christus eers met sy wederkoms as die Koning van die konings kom. Dan sal die Antichris en sy magte verdelg (Op. 19:19-21) en Satan in 'n bodemlose put gebind word (Op. 20:1-3). Daarna sal 'n regering van geregtigheid en vrede vir die hele wêreld ingestel word (Jes. 2:2-4; Jer. 3:17; Sag. 8:20-22). Dan sal ons nie verwerpte dissipels wees nie (Joh. 15:18-19), maar konings wat saam met Jesus Christus in sy geopenbaarde koninkryk regeer (Op. 5:9-10; 20:4).

Volharding. Een van die sterk eienskappe van 'n evangeliese Christen is volharding in sy geestelike lewe. Wanneer die pad steil word en die vordering moeisaam, wanneer vriende jou verlaat en selfs familieledes die rug op jou draai, moet jy steeds aan jou verhouding met die Here Jesus vashou. "Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou" (Heb. 3:14; kyk ook 3:6,13). Moenie dat teleurstellings en teëstand jou van koers af dwing nie: "...as julle ten minste gegrond en vas bly in die geloof en julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie" (Kol. 1:23; vgl. 1 Tim. 1:19). Volhard om die Here te dien en te volg (Luk. 8:15; 21:19). Ons weet dat die Here ons nie sal begewe of verlaat nie (Heb. 13:5), maar die moontlikheid bestaan altyd dat ons ontrou teenoor Hom kan word. Jesus sê: "Bly in My, soos Ek in julle... As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog" (Joh. 15:4,6). Hoe gebeur dit? Mense verkoel eers in hulle liefde vir Jesus (Matt. 24:12), en uiteindelik verlaat sommige van hulle hul eerste liefde (Op. 2:4-5). Petrus sê dat baie van hulle deur die dwaling van sedelose

mense weggesleep word en uit hulle vastigheid wegval (2 Pet. 3:17). Geloof, gehoorsaamheid en dissipline is in ons geestelike lewe nodig. Paulus sê: “Ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar...” (1 Kor. 9:27).

‘n Bybelse toekomsverwagting. Dit is vanselfsprekend dat iemand wat die Woord van die Here bewaar en die Naam van Jesus Christus nie verloën nie (Op. 3:8), sterk op die wederkoms van Christus ingestel sal wees. Hy sal weet dat hierdie wêreld nie ons tuiste is nie, omdat God vir ons ‘n stad berei wat fundamentele het – ‘n ewige woning in die hemel (Joh. 14:2-3; Heb. 11:10). Hierdie verwagting bewaar ons daarvan om in ‘n klein wêreldjie van eiebelang en materialisme vasgevang te raak. Paulus sê: “As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense” (1 Kor. 15:19). Ons moet Hom in onverganklikheid, ter wille van die belange van sy ewige koninkryk, liefhê. Die dag wanneer die Here Jesus die ware gelowiges deur middel van die wegraping kom haal, sal ons van hierdie verdorwe wêreld afskeid neem om vir altyd by Christus te wees (1 Thess. 4:16-17). Hiervoor leef ons en hierna strek ons onself daagliks uit. Ons leef soos mense wat hulle Meester enige oomblik verwag. Die Bybel beskryf ‘n slegte dissipel as een wat sy wederkomsverwagting verloor. Hy sê in sy hart: “My Heer talm om te kom” (Matt. 24:48), en dan begin hy om homself arrogant te gedra en in sonde te verval.

Aanspreeklikheid teenoor God. Die mens moet daarteen waak om sy eie god te word deur self op die troon van sy hart te wil sit. Ons is deur God geskape en geroepe om aan die beeld van sy Seun gelykvormig te word, daarom is almal van ons aan Hom aanspreeklik oor wat ons met ons lewe gedoen het. Alle ongereddes leef in rebellie teenoor God en sal as gevolg van hulle sonde en ongeregtigheid voor die groot wit troon tot die ewige poel van vuur verdoem word (Op. 20:11-15). Die Christene sal voor die regterstoel van Christus verskyn, waar hulle loon vir hulle arbeid sal ontvang (2 Kor. 5:10; Luk. 19:15-17). Op daardie dag sal dit egter blyk dat baie van hulle nie met die Heilige Gees vervul was en vrugte gedra het wat by die bekering pas nie. Wanneer hulle werke aan die vuurproef van Christus se oordeel onderwerp word, sal dit soos hout, hooi en stoppels verbrand: “...as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen” (1 Kor. 3:15). Berei jou vir hierdie afspraak voor en sorg dat jy nie met leë hande daar sal verskyn nie.

Fundamentalisme en radikalisme. Christelike fundamentalisme moet geensins met radikale en hardhandige optrede verwar word nie. Hoewel ons ‘n geloof en beginsels het wat radikaal van dié van die wêreld verskil, gebruik ons nie radikale (militante) metodes om dit te bevorder nie. “Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here”

(Sag. 4:6). Ons hou nie demonstrasies in die strate nie, ons dreig nie mense nie en neem nooit die wapen offensief teen andere op nie – slegs defensief wanneer dit absoluut nodig is. As 'n klein minderheids-groep is ons nie in 'n posisie om eise te stel nie. Ons kan slegs op 'n beskaafde manier versoeke aan die gemeenskap én die owerhede rig, waarin ons ons saak goed motiveer. Daar word dikwels 'n verkeerde beeld van fundamentele Christene geskep, deur hulle bv. met fundamentele Moslems te vergelyk. Laasgenoemde groep is, wat die Bybel betref, nie met die waarheid besig nie en hulle heilig ook geweld deur 'n *jihad* teen Israel en die Christendom te voer. In die Koran word hulle dikwels tot só 'n oorlog opgeroep. Christene word in hierdie bedeling nooit tot oorlog opgeroep nie, daarom kan ons nie radikaal wees nie. Ons behoort aan 'n hemelse koninkryk wat nie militêr verdedig kan word nie – slegs deur die woord van ons getuienis. Ons verkondig net die reddende genade van Jesus Christus aan alle mense – ook aan die vyande van die Christendom, wie se sinne deur die god van hierdie wêreld verblind is (2 Kor. 4:4).

Vervolging. Die evangelie van Jesus Christus was nog nooit bestem om ons vir die wêreld aanvaarbaar te maak nie, maar dit berei ons voor om deur die wêreld verwerp, gehaat en vervolgt te word (Joh. 15:18-20; Hand. 14:22). Ons weet dus dat ons nie in hierdie bedeling die wêreld sal oorneem nie. Oral waar die evangelie van Christus reg verkondig word sonder om die standaard daarvan af te water en dit met sensasionele koninkryksbeloftes te vermeng, sal net 'n minderheid gered word (Luk. 13: 23-24; Matt. 7:14). Dit is oor en oor die moeite werd om net by die volle waarheid van God se Woord te bly – om dus fundamenteel en evangelies te wees – en kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (Judas 1:3).

'n Lewe wat ten volle in die oorfloedige genade van die Drie-enige God gelei word, sal aan die kenmerke wat hierbo genoem is, voldoen. Só 'n persoon kan uit 'n Bybelse oogpunt 'n fundamentele Christen genoem word omdat sy lewe op die fondament, Jesus Christus, berus, en nie op enige ander fondament nie – ook nie die fondament van die OT wet nie: “Niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus” (1 Kor. 3:11). As ons lewens deur genade op hierdie vaste rots gebou is, en ook geestelik deur sy genade in stand gehou word, sal ons nie wankel wanneer die storms van die lewe opsteek en ook oor ons losbreek nie. Die vastigheid van hierdie Rots, die sekerheid van ons geloof in Hom, en die onveranderlikheid van sy ewige Woord, bied aan ons 'n hoopvolle toekoms in sy onverganklike, hemelse koninkryk. Die Here Jesus sê: “Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie” (Luk. 21:33).

8. Die Nuwe Lewe in Christus

Ons sluit die bespreking van wet en genade af met 'n besinning oor die belangrike leerstellige uitsprake wat Paulus in Romeine 5 en 6 hieroor gemaak het. In dié hoofstukke sê hy onder meer die volgende:

“Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang gekry het tot hierdie genade waarin ons staan... Die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is... God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn... Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens [Adam] baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één [Jesus Christus] baie tot regverdiges gestel word. Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here” (Rom. 5:1,2,5,8,9,19-21).

“Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe? Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie. Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die

sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julle self tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! Weet julle nie dat aan wie julle juisself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie – òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid? Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid. Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking. Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood. Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here” (Rom. 6:1-23).

Ons het deur die geloof, op grond van die liefde van God, toegang verkry tot die genade waarin ons staan. Omdat God alle sondaars liefhet en hulle redding begeer, het Hy sy Seun gestuur om aan die kruis versoening vir ons sonde te doen. Genade en liefde is dus twee nou verwante begrippe: omdat God ons liefhet, het Hy sy genade deur sy Seun ryklik aan ons verleen.

Die Heilige Gees bevestig ons in God se genade deur sy liefde in ons harte uit te stort. Hierna word ons gedrag nie deur uiterlike dwang tot wetsgehoorsaamheid gekenmerk nie, maar deur die Heilige Gees se innerlike oortuiging van sonde en geregtigheid. As ons hierop reageer en in die lig daarvan wandel, sal ons ‘n onversteurde verhouding met die Here hê. Alles wat in stryd met die beginsels van goddelike liefde is, is sonde. Die groot dryfkrag in ons lewe is nie die letter van die Ou Testamentiese wet en al sy skaduagtige gebruike nie, maar die genade en liefde van die Here Jesus wat deur sy Woord aan ons geopenbaar word, deur sy Gees in ons harte bevestig word, en waaraan ons deur die in staatstellende krag van die Heilige Gees uitvoering gee.

Ons lewe in die genade van God het 'n groot potensiaal vir groei en verdere ontwikkeling. Paulus maak duidelik van twee genadewerkinge melding waaraan ons deel moet hê as ons werklik die Here wil behaag. Die eerste genadewerk is regverdigmaking deur die bloed van Christus: "Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof" (Rom. 3:23-25; vgl. Rom. 5:1,8).

Hierna word 'n baie duidelike uitdaging vir 'n tweede genadewerk aan ons gestel, naamlik om saam met Christus te sterf sodat ons ook saam met Hom kan lewe. Hierdie geloofstap vereis selfdisipline én 'n radikaal veranderde ingesteldheid ten opsigte van die ou én die nuwe lewe. Die realiteite van ons geestelike posisie moet deeglik begryp word sodat besluite oor ons lewenstyl en optrede in die lig daarvan geneem kan word. Die proses van heiligmaking, wat met die tweede genadewerk in verband staan, sal heeltemal ongedaan gemaak word indien ons kompromie met sonde maak en weier om die oue mens af te lê. Hierdie struikelblok móét eers uit die weg geruim word deur met Christus saam te groei in die gelykvormigheid aan sy dood (Rom. 6:1-5). Dit alleen sal die weg na eenwording met sy opstandingslewe baan.

Die groot vraag is: hoe moet ek my ou natuur afsterf? Paulus het vir die Efésiërs gesê dat hulle daarvan *afstand* moet doen: "...dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid" (Ef. 4:22-24). Ek moet 'n oorgawe maak waarin ek my ou, sondige natuur oorlewer om gekruisig te word sodat ek innerlik vernuwe kan word en met die natuur van Christus beklee word. Paulus sê: "Aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie" (Rom. 6:6). Die woord "tot niet maak" (Grieks *katargeo*) wat ten opsigte van die ou, sondige natuur gebruik word, is problematies en kan volgens verskillende Griekse woordeboeke ook as "kragteloos maak" vertaal word. Die *Amplified Bible* vertaal dit só: "We know that our old (unrenewed) self was nailed to the cross with Him in order that [our] body, [which is the instrument] of sin, might be made ineffective *and* inactive for evil, that we might no longer be the slaves of sin."

Die verstaan van hierdie begrip het na verskillende teologiese standpunte gelei. Diegene wat die ontwortelingsteorie van die ou natuur aanhang (Wesleyane), maak daarop aanspraak dat ons ou, sondige natuur heeltemal deur die Here vernietig word. Dié wat die onderdrukkingsteorie aanhang (Calviniste) sê dat ons die ou natuur gedurig moet

onderdruk en probeer onderhou sodat ons net ‘matige’ sondaars is. Hulle bevind hulleself as gevolg hiervan in ‘n geestelik onvrugbare toestand van vleeslikheid. Diegene wat die selfkruisigingsbeginsel aanhang (Andrew Murray en ander Keswick-predikers) sê dat die ou natuur elke dag in ‘n gekruisigde posisie moet bly, en waarsku dat dit weer kan herleef as ‘n persoon nalaat om homself met Christus se kruis te vereenselwig en dan weer willens en wetens sonde begin doen.

In sy boek *Soos Christus* sê Andrew Murray: “Die geheim van heiligmaking is dat ons, soos Christus, ook vir die sonde moet sterf. Die Christen wat dit nie verstaan nie, dink altyd dat die sonde té sterk vir hom is, dat dit steeds mag oor hom het en dat hy dit soms moet gehoorsaam. Hy dink egter net so omdat hy nie weet dat hy, soos Christus, dood vir die sonde is nie. Indien die gelowige nóg sondig, is dit omdat hy nie sy voorreg gebruik om te leef soos iemand wat dood vir die sonde is nie. As gevolg van onkunde, ‘n gebrek aan waaksaamheid, of ongeloof, vergeet hy die betekenis en krag van sy gelykvormigheid aan Christus se dood, en sondig dan weer. Indien hy egter ‘n vaste geloof het in wat sy deelname aan Christus se dood beteken, het hy die krag om sonde te oorkom. Hy verstaan duidelik dat daar nie gesê word: ‘sonde is dood’ nie. Nee, sonde is nie dood nie. Die sonde leef nog en werk deur die vlees; maar die gelowige is self vir die sonde dood en lewend vir God. Sonde kan dus nie vir ‘n enkele oomblik sonder sy toestemming mag oor hom hê nie. Indien hy sondig, is dit omdat hy homself daaraan onderwerp en dit toelaat om oor hom te heers. Geliefde Christen wat daarna streef om soos Christus te wees, neem die gelykvormigheid aan sy dood as een van die heerlikste dele van die lewe wat jy lei. Probeer om ‘n dieper begrip te verkry van wat dit beteken om te leef soos iemand wat dood vir die sonde is; as een wat, deur te sterwe, van die heerskappy daarvan bevry is en nou in die nuwe lewe deur Jesus Christus daarvoor kan heers. Dan sal die gelykvormigheid aan sy dood toenemend in jou werksaam wees terwyl Christus se dood sy volle krag in jou hele lewenswandel sal openbaar. Dit is waarom Paulus sê: ‘Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?’ (Rom. 6:2). In die krag van Christus se opstandingslewe kán ons oor die sonde triomfeer” (einde van aanhaling uit Murray se boek).

Dit is absoluut noodsaaklik dat ‘n gelowige sy stand in Christus reg sal verstaan en ooreenkomstig daarmee sal lewe. Paulus gebruik nóg ‘n sleutelwoord hiervoor: “So moet julle ook *reken* (Gr. *logizomai*) dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Dit beteken letterlik: “Ag jouself dood vir die sonde.” Dit kan jy slegs doen nadat jy in ‘n volle oorgawe die oue mens *afgelê* en *oorgelewer* het om gekruisig te word. Die Here Jesus het gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself (die ou, eie-ek) verloën en sy

kruis elke dag opneem en My volg” (Luk. 9:23). Paulus sê: “Ek mag nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld” (Gal. 6:14).

Wat gebeur indien 'n Christen nalaat om in die geloof die vlees oor te gee om gekruisig te word? Dan groei hy nie met Christus saam in die gelykvormigheid van sy dood nie, en bevind homself in 'n posisie waarin sonde en vleeslike gesindhede steeds die hoofkenmerke van sy lewe is. Dit lei effektief na 'n blokkering van die vrug van die Gees in sy lewe: “Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal. 5:17). In die gemeente in Korinthe was daar baie van hierdie vleeslike Christene wat nie oorwinnend geleef het nie. Paulus sê:

“En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie? ... Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?” (1 Kor. 3:1-3,16).

Hierdie mense het hulleself nie vir die wêreld en die sonde dood gereken nie, en daarom nog nie 'n oorgawe vir die kruisiging van die ou natuur, hartsreiniging en vervulling met die Heilige Gees gemaak nie. Wanneer 'n mens nie ten volle met die dood van die Here Jesus identifiseer nie, sal sy opstandingslewe ook nie uit jou optrede blyk nie en sal jy nie 'n bruikbare instrument in die hand van die Here wees nie.

Dit is 'n algemene neiging onder sulke vleeslike Christene om na aspekte van die Ou Testamentiese wet terug te gryp en dit te onderhou ten einde darem ten minste in hulle vleeslike toestand 'n gedaante van godsaligheid te hê. Hulle word egter daarop gewys dat hulle nie aan die sonde diensbaar moet wees nie, maar hierdie vryheid en oorwinning kan hulle net deur die Here Jesus se genade deelagtig word – nie deur die wet nie: “Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade” (Rom. 6:12-14).

'n Standpunt moet teen die ou natuur en sy begeerlikhede ingeneem word. Deur die krag wat die Here verleen kán die verdorwe natuur oorwin en gekruisig word. In die plek daarvan moet die gelowige homself opnuut met die nuwe lewe van die Here Jesus beklee en om 'n

nuwe vervulling met die Heilige Gees bid: “Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie” (Gal. 5:16). Die volgende stap is om jouself daadwerklik vir die diens van die Here beskikbaar te stel. Soek na geleenthede om ‘n getuie vir Christus te wees en sy koninkryk te bevorder, sodat andere ook sy genade deelagtig kan word. Dit is die pad van toenemende diensbaarheid en heilighheid wat ons daagliks moet bewandel. Op hierdie pad sal ons in die kennis en genade van die Here Jesus toeneem (2 Pet. 3:18).

Ons moet nooit onder diegene wees wat ‘n gebrekkige Christelike lewe deur Ou Testamentiese wetsnakoming probeer aanvul nie, want dan onderskat ons die waarde van Christus se genade. Paulus sê: “Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe” (Gal. 2:21). Hy het homself egter wél aan Christus se Nuwe Testamentiese wet van die liefde gebonde geag (Gal. 6:2; 1 Kor. 9:21), want deur die prediking van die evangelie word die Verlosser se wondergenade aan ‘n geestelik sterwende wêreld gebied (Joh. 13:34; Gal. 5:14).

Christus se wet van die liefde laat ons toe om onder die leiding van die Heilige Gees volkome vryheid te ervaar oor hoe ons uitvoering daaraan gee. Dit is nie tot sekere dae beperk nie, nie aan die gee van ‘n vaste persentasie van ons inkomste nie, nie aan ‘n wetlik-bepaalde vorm van dienslewering aan God deur die bemiddeling van priesters nie, nie aan verpligte ritualisering deur sakramenteurs en ander kerklike ampsdraers nie, en ook nie aan enige verantwoordelikhede wat uit menslik-bepaalde tradisies en dogmas voortspruit nie.

Die liefde van God laat ons ook nie toe om in passiwiteit te verval en die lig van die evangelie onder ‘n maatemmer te verberg nie. Sy liefde het ‘n eie dinamiek wat ons aanspoor om maniere te vind waarop ons die verkondiging van die evangelie kan bevorder. Ons sal ‘n liefde vir God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees hê; ons sal ‘n liefde vir die Here se Woord hê; ons sal ‘n liefde vir die broeders hê; ons sal ‘n liefde vir die ware kerk van Christus oral op aarde hê, en so ver as moontlik ‘n ondersteunende rol daarin vervul. Ons sal ook ‘n liefde vir ‘n verloregeande wêreld hê en die verkondiging van die goeie nuus van Jesus Christus se reddende genade op allerlei maniere bevorder. Ons moet volmaak word in die liefde, sodat ons vervul kan word tot al die volheid van God (1 Joh. 4:7-21; Ef. 3:14-19).

Ons is reg aan die einde van die kerkbedeling, en moet besef dat die tyd min geraak het om ons geestelike lewe in orde te kry sodat dit volkome, in alle opsigte, in ooreenstemming met “die leer van Christus” sal wees (2 Joh. 1:9). Dit vereis ‘n duidelike begrip van die Here Jesus se genade in ons lewe – nie net vir redding nie, maar ook vir die uitvoering van ons opdragte om gedurig te bid, heilig te lewe en die lig

van die evangelie oral in hierdie donker wêreld te laat skyn. Weldra sal ons voor Christus se regterstoel moet verskyn om rekenskap van ons lewens as Christene te gee (Rom. 14:10,12; 2 Kor. 5:10).

Dit is nodig dat ons nou reeds deur ons geloof en werke die voorbereidings sal tref om met vrymoedigheid te kan antwoord op 'n paar duidelike en reguit vrae wat aan ons gestel gaan word. Daar sal nie by hierdie geleentheid aan ons gevra word of ons gered of ongered is nie, want net die persone wat uit genade gered is, sal weggeraap word en daarna voor die regterstoel van Christus verskyn. Die diensknegte van die Here sal rekenskap van hulle lewe ná bekering moet gee, sodat vasgestel kan word of hulle waardig gewandel en die opdragte van die Here uitgevoer het. Wanneer ons na die krone kyk wat as genadeloon aan die oorwinnaars toegeken sal word, is dit duidelik dat daar nie aan hulle gevra sal word of hulle die wet en die sabbat onderhou het nie, want dit is nie waarvoor ons in die wêreld uitgestuur is nie. Christus sal ons na aanleiding van die volgende vrae beoordeel en beloon:

- o “Het jy heilig geleef, alle sondes en laste afgelê en jouself in die Here se koninkryk diensbaar gestel?” Die onverwelklike kroon sal hiervoor toegeken word (1 Kor. 9:24-27; 2 Kor. 7:1; Heb. 12:1-2).
- o “Het jy evangelisasiewerk ondersteun en siele na Christus gelei?” Aan almal wat hierin getrou was, sal die kroon van roem toegeken word (Hand. 1:8; 1 Thess. 2:19; Fil. 4:1).
- o “Was jy ‘n getroue herder?” Hierdie vraag geld vir almal wat ander mense, ook kinders, onder hulle sorg gehad het. Hulle sal die kroon van heerlikheid kry (1 Pet. 5:2-4).
- o “Was jy bereid om vir Christus te ly en het jy onder moeilike omstandighede aan die geloof vasgehou?” Dan sal jy die kroon van die lewe ontvang (Op. 2:10; Jak. 1:12; 2 Kor. 4:16-18; Heb. 11:35).
- o “Het jy Christus se koms liefgehad, dit verkondig en in die lig daarvan gewandel?” Dit vereis ‘n ingesteldheid van vreemdelingskap in die huidige verdorwe wêreld. Sulke persone sal die kroon van geregtigheid ontvang (2 Tim. 4:7-8; Fil. 3:20-21).

Omdat hierdie werke slegs deur die instaatstellende krag van die Heilige Gees gedoen kan word, word die loon as genadeloon beskryf. Dit is die rede waarom die ouderlinge in die hemel, wat volgens Openbaring 5:9-10 die verheerlikte kerk voorstel, hulle krone voor die voete van die Here Jesus sal neerlê. Slegs Hy is waardig om die heerlikheid en eer te ontvang vir dit wat op aarde in sy Naam en vir sy koninkryk bereik is (Op. 4:10-11).